A.

# Bantoe-jeugmisdaad aan die Rand en die behandeling daarvan deur die Diepkloof-verbeteringskool, Johannesburg.

'n Verhandeling ingelewer vir

die graad

Magister Educationis

aan die

Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.

deur

W.W.J. Kieser B.A., B. Ed.

Potchefstroom,
Desember, 1952.

# Bantoe-jeugmisdaad aan die Rand en die behandeling daarvan deur die Diepkloof-verbeteringskool, Johannesburg.

## Afdeling I.

## Inhoud.

Hoofstuk I. Bladsy 1 - 10.

Inleiding:-

(a) Jeugmisdaad as 'n Patologiese Toestand in die Samelewing.

(b) Wanaanpassing tussen Indiwidu en groep.

(c) Wat onder Jeugmisdaad verstaan word.

(d) Wie die Jeugmisdadiger is.

(e) Die Verskil Tussen Jeugmisdaad en Misdaad.

Hoofstuk II. Bladsy 11 - 16.

Die Stamagtergrond van die Bantoe-kind.

Hoofstuk III. Bladsy 17 - 23.

Die Invloed van die Westerse Kultuur op die Bantoe.

Hoofstuk IV. Bladsy 24 - 28.

Die Trek na die Stede met Besondere Verwysing na die Rand.

Hoofstuk V. Bladsy 29 - 47.

Die Toestande onder Stedelike Invloed Geskep.

(a) Algemeen.
(b) Bantoe - behuising.
(c) Huislike Omgewing.
(d) Onderwysaangeleenthede in die Randse Bantoe-dorpe.
(e) Die Ekonomiese lewe van die Stadsbantoe.

Hoofstuk VI. Bladsy 48 - 56.

Gewoontes en Eienskappe van die Bantoe-jeugmisdadiger.

(i) Grootte van Bendes.
(ii) Onderwys.
(iii) Eienskappe van die Tsotsi.

Hoofstuk VII. Bladsy 57 - 83.

Die Bantoe se sienswyse insake Misdaad asook die Aard, Omvang en Oorsake van Bantoe-jeugmisdaad.

(A) Die Bantoe se sienswyse oor Misdaad gestel teenoor die van die Blanke.
(B) Aard van Bantoe-jeugmisdaad.
(C) Omvang van verskillende vorme van misdaad. (3 jaar)
(D) Toename van Sekere Misdade.
(E) Veelsydigheid van Bantoe-jeugmisdaad.
(F) Die Oorsake van Bantoe-jeugmisdaad.

(i) Algemene Oorsake.
(ii) Sosiale Oorsake.
(iii) Ekonomiese Oorsake.
(iv) Godsdienstige Oorsake.
(v) Sielkundige Oorsake.

Hoofstuk VIII. Bladsy 84 - 94.

Die Gevolge van Jeugmisdaad.

(1) Ekonomiese las vir die land.
(2) Verlaging van die kulturele standaard en Etiese vlak van die Samelewing.
(3) Stigma verbonde aan Jeugmisdaad.
(4) Saamhokking van Misdadigers.
(5) Verliese veroorsaak aan Publiek.
(6) Opbreking van Ouerhuise en vervanging deur Institusionalisme.

Afdeling II.

Hoofstuk IX. Bladsy 95 - 141.

Die Behandeling van die Randse Bantoe-jeugmisdadiger aan die Diepkloof-verbeteringskool.

(1) Toelating van die jeugmisdadiger tot die Verbeteringskool.
(2) Die Taak van die Verbeteringskool in die Bestryding van Bantoe-jeugmisdaad.
(3) Die Begin van 'n Nuwe Lewe.
(4) Die Nuwelinggroep.
(5) Die Sielkunde Afdeling.
(6) Die Verskillende Afdelings waarin die Leerlinge geplaas word.
(7) 'n Paar Algemene Opmerkings oor die Onderwys en Opvoeding aan die Diepkloof-verbeteringskool.
(8) Liggaamlike Opvoeding en Besteding van Vrye Tyd.
(9) Godsdiensonderwys aan die Verbeteringskool.
(10) Die Vryheidstelsel aan die Diepkloof-verbeteringskool.
(11) Tug.

Hoofstuk X. Bladsy 142 - 149.

Nasorg van Uitgeplaaste Verbeteringskool-leerlinge aan die Rand.

# Bantoe-jeugmisdaad aan die Rand en die Behandeling daarvan deur die Diepkloof-Verbeteringskool

## Afdeling I.

## Hoofstuk I : Inleiding.

### A. Jeugmisdaad as 'n Patologiese toestand in die Samelewing.

In die sosiale patologie word daar gewoonlik drie terreine onderskei, nl. (i) die indiwiduele patologie; (ii) die gesinspatologie en (iii) die ekonomiese en kulturele patologie. Onder die indiwiduele patologie word dan gereken vraagstukke soos siektes en liggaamlike gebreke, die verslawing aan drank en verdowingsmiddels, swaksinnigheid en geesteskrankheid; by die gesinspatologie gaan dit o.a. oor sake soos faktore wat tot gesinsontbinding lei, egskeiding en verlating, die ongehude moeder, geslagtelike wangedrag en kinder- en jeugverwaarlosing; die derde terrein hou hom besig met die patologie van losse sedes, misdaad en jeugmisdaad, die penologie, armoede en armlastigheid en werkloosheid.

Oor sosiale patologie skryf Nepgen soos volg: „Sosiale patologie ontstaan aan die een kant, deurdat afsonderlike persone behep is met ernstige gebreke, liggaamlik, verstandelik of sedelik. Hierdie swakhede mag of deur oorerwing verkry wees, of mag aangekweek wees. Elke afwyking van die indiwidu, wat hom verhinder om sy normale plek in die samelewing in te neem, of wat die normale gang van die noodsaaklikste sosiale aktiwiteite enigsins verstoor, of wat sonder enige teenprestasie vir sy versorging, 'n ongewenste las op die samelewing lê, gee aanleiding tot sosiale patologie.

Maar aan die ander kant is sosiale patologie ook die gevolg van wanreëling van die samelewing deur sy kontrolende inrigtinge, waardeur lede of groepe in die samelewing verhinder word om hulle belange te behartig en harmonieus te koördineer." (1)

Patologiese toestande in die samelewing mag ook te wyte wees aan die onvermoë van sy lede om tred te hou met die veranderlike ideale en instellings. (2)

Volgens bostaande uitsprake kan sosiale patologie dus gedefinieer word as die bestudering van die mens se mislukte pogings om homself as mens te verwesenlik, d.w.s. om hom by homself en sy medemens aan te pas, om aan sy roeping as mens in die wydste sin van die woord te beantwoord. Hierdie roeping het nie bloot op die stoflike betrekking nie, maar ook op die geestelike dinge, op waardes wat bo die algemeen, tydelik-menslike uitstyg tot die kosmiese en ewige.

Omdat te veel klem op stoflike dinge gelê is, het die mens vir homself en sy medemens 'n probleem geword. Die kern van die hele probleem is geleë in die feit dat die mens hom te naarstiglik op die verowering van die stoflike dinge toegelê het, en die geestelike waardes verwaarloos het.

## B. Wanaanpassing tussen Indiwidu en Groep.

Vanaf sy geboorte bevind die indiwidu hom in 'n sosiale omgewing en in 'n

(1) Nepgen. C.C. : Die Sosiale Gewete van die Afrikaans-sprekendes, Pro Ecclesia, Stellenbosch 1938. Bladsy 196.

(2) Gillin & Blackmar: Outlines of Sociology. 3rd Edition Appleton-Century. New York. 1930. Bladsy 527.

sosiale verband, d.w.s. van vroeg reeds is hy besig om hom by sy medemens aan te pas. Hierdie aanpassing is vir die indiwidu net so noodsaaklik soos voedsel en drank, kleding en dekking. Waar gebrek aan eersgenoemde tot liggaamlike agteruitgang aanleiding gee, daar gee 'n gebrekkige sosiale aanpassing aanleiding tot die ontstaan van sosiaal-patologiese probleme, met ander woorde die mens word vir homself en vir sy medemens 'n probleem.

Die enigste aanpassing wat as normaal beskou kan word, is die wat deur die maatskappy geoorloof is. Die maatskappy huldig sekere gedragskodes en verwag dat sy lede hulle daaraan moet onderwerp. Die indiwidu, wat hom nie binne sekere perke by hierdie maatstawwe kan aanpas nie, word as 'n wanaangepaste beskou. Die jeugmisdadiger wat die gereg uittart en sy medemens besteel, is 'n goeie voorbeeld hiervan. Hy word nie deur die mores van die groep beheer nie, want hy het van die groepsverband losgeruk en probeer 'n bestaan voer strydig met die belange van sy medemens. Hy het dus 'n sosiaal-patologiese probleem geword.

Indien die struktuur van die kind se samelewing sodanig is dat hy geen moeilikheid ervaar om hom daarby aan te pas nie, is die gevaar van wanaanpassing by hom gering. So'n samelewing, waar indiwiduele aspirasies en maatskaplike ideale saamval, word nog slegs in die Bantoereservate gevind, want daar is die indiwiduele behoeftes gering en is die indiwidu bereid om hom sonder verset aan die eise van die samelewing te onderwerp. So'n samelewing is ook noodwendig staties, met ander woorde met min verandering word die aard van die sosiale struktuur van die vorige geslag deur die volgende geslag aanvaar. Die indiwidu is in so'n samelewing van heeltemal ondergeskikte belang. Van kleinsaf word hy geleer,

sonder om daaroor te dink of te twyfel, om hom aan die eeue-oue gebruike van die groep te onderwerp, met die gevolg dat jeugmisdaad in so'n samelewing iets feitlik onbekends is.

Anders is dit egter gesteld in 'n dinamiese samelewing, waarvan die struktuur so snel verander dat sommige kinders nie met die veranderinge kan tred hou nie. Dit is die soort samelewing wat in die stede en Bantoedorpe gevind word. Hier bevind die Bantoekind hom in 'n samelewing wat hy swak begryp en dit skep 'n atmosfeer van onsekerheid en onveiligheid. Hy is nie meer in voeling met sy gemeenskap nie; spanning en wrywing ontstaan en hoewel sommige hulle tot 'n mate by die veranderde omstandighede aanpas, sak ander weer hopeloos uit en so word jeugmisdaad gebore.

## C. Wat onder Jeugmisdaad verstaan word.

Daar is geen eenstemmigheid oor wat presies onder jeugmisdaad verstaan word nie. Die woord „jeugmisdaad" verwys na anti-sosiale dade van kinders en jeugdiges onder die vasgestelde ouderdom. Die term „jeugmisdaad" is in die eerste plek 'n regsterm. Gardiner en Lansdowne skryf: "To constitute a crime three elements are essential; (a) a violation of law, (b) the existence in law of a punishment for the violation, (c) a right in the State to ask from the Courts that punishment shall be inflicted for the violation." (3)

As daar in die landswet geen voorsiening gemaak is vir 'n wet wat 'n bepaalde handeling of daad beheer nie, dan is sulke handeling of daad geen misdaad in die oog van die wet nie.

(3) Gardiner & Lansdowne : South African Criminal Law and Procedure : Vol. 1. 3rd Edition. Juta & Co., Cape Town. Bladsy 1.

Tappan sê: "In the legal approach to misconduct it is customary to describe offenses and penalties in specific terms in order to protect the citizen from arbitrary or unjust acts of police and judicial authority and at the same time, to secure the community against those whose conduct has been shown in Court to be dangerous." (4)

Albertyn beweer dat : „Hoewel 'misdaad' 'n regsterm is omdat dit 'n daad is, wat die oortreding van 'n bepaalde wet moet wees, word in die daarstelling van die wet en in die beskouing van wat as 'n misdaad bestempel moet word altyd uitgegaan van die ‚societas'.

Misdaad is dus 'n gedragsbepaling van die groep of persoon wat daardeur benadeel word. 'n Persoon kan naamlik 'n misdaad pleeg teen 'n indiwidu of 'n groep. In die eerste geval word dit genoem 'n ‚tort' : dit is 'n daad wat nie 'n beskadiging van die belange van die Staat is nie, maar wat aanleiding kan gee tot burgerlike vervolging. Die Staat verleen die masjinerie waardeur die persoon, wat persoonlik benadeel is, vergoeding kan eis. Misdaad is uitsluitend 'n sosiale handeling, of dit teen die hele groep of teen 'n indiwidu is : liewer, dit is 'n antisosiale daad." (5)

Uit die oogpunt van die wet dus is die term „misdaad" streng beperk tot anti-sosiale handelinge, tot versteuring van die regsorde.

Uit die sosiologiese oogpunt sluit die term „misdaad" die ouer sowel as die kind in want volgens Neumeyer is 'n verwaarloosde kind

(4) P.W. Tappan: Juvenile Delinquency. McGraw-Hill. New York. 1949. Bladsy 5.

(5) C.F. Albertyn: Jeugmisdaad; Annale van Universiteit Stellenbosch. Nas. Pers. Kaapstad. Bladsy 5.

iemand onder die ouderdom van sestien jaar, wat nie die nodige voogdyskap geniet, deurdat sy ouers of voogde op een of ander wyse nie as geskik beskou kan word vir die versorging, beheer, leiding en toesig van so'n kind nie. Hy kan dan 'n moontlike gevaar vir homself sowel as vir ander word. (6)

Volgens hierdie beskrywing sluit die term „Jeugmisdaad" twee vereistes in, naamlik gedrag en ouderdom. Gedrag weer sluit in verwronge verwantskappe met die medemens sowel as wetsoortreding.

Die ander vereiste, nl. „ouderdom" is rekbaar, want ouderdomsgrense wissel in verskillende lande van 8 tot 19 jaar. In Suid-Afrika word 'n kind omskryf as 'n persoon wat jonger as 19 jaar is, en by toepassing van Artikel 24 van Hoofstuk 5 van die Kinderwet No. 31 van 1937, sluit dit ook in 'n persoon ouer as 19 jaar maar jonger as 21, ten opsigte van wie daar in werking is 'n order uitgevaardig kragtens sekere paragrawe van sub-artikels van Artikel 350 van die „Wet op de Kriminele Procedure en Bewyslevering 1917," soos gewysig deur Artikel 103 van Wet No. 31 van 1937.

Daar is twee maatstawwe waarvolgens geoordeel word of 'n daad 'n misdaad is of nie, nl. (a) eerbied vir die persoon van die indiwidu of groep en (b) eerbied vir die besittings van die indiwidu of groep.

As die kind dus 'n misdaad begaan teenoor die regte van die indiwidu of groep en hulle nie eerbiedig nie, dan word hy as 'n jeugmisdadiger beskou.

D. Wie die Jeugmisdadiger is.

Die geregshof vir jongmense het

(6) Neumeyer. M.H. : Juvenile Delinquency in Modern Society. Nostrand & Co. New York 1949. Bladsy 18

twee afdelings, nl. die kinderhof vir die „Sorgbehoewende Kind", en die jeughof wat met die werklike oortreder te doen het. Laasgenoemde dus, behandel die geval van die kind wat 'n kriminele daad begaan het.

Die jeugmisdadiger is 'n kind wat werklik deur 'n geregshof weens 'n oortreding gevonnis is.

In die "Children's Code of Wisconsin (1929) word die jeugmisdadiger soos volg beskryf: "Delinquent child shall mean any child under the age of eighteen years who has violated any law of the State or any county, city, town or village ordinance; or who by reason of being wayward or habitually disobedient is uncontrolled by his parent, guardian or custodian; or who is habitually truant from school or home; or who habitually so deports himself as to injure or endanger the morals or health of himself or others."

Die sorgbehoewende kind weer is die volgende:

(1) Die hoeftige kind.
(2) 'n Kind wat geen ouer of voog het nie, of wie se ouer of voog geen behoorlike beheer oor die kind uitoefen nie of onbevoeg is om sodanige beheer uit te oefen.
(3) 'n Kind wat in die sorg van 'n persoon wat skuldig bevind is dat hy teenoor of in verband met die kind 'n misdryf begaan het van ontvoering, die steel van 'n kind, aanranding, enige geslagsoortreding, enige misdryf wat vir die kind liggaamlike letsel meegebring het, of die misdryf van verwaarlosing, verlating of mishandeling van die kind.
(4) Die kind wat nie beheer kan word nie.
(5) Die kind wat hom dikwels aan skoolversuim skuldig maak.
(6) 'n Kind wat leef in of verkeer met slegte geselskap wat waarskynlik tot verleiding,

verdorwenheid of prostitusie sal lei.

(7) 'n Kind onder die ouderdom van sestien jaar wat straathandel dryf, behalwe in ooreenstemming met verordeninge.

(8) 'n Kind wat weg van sy ouers onderhou word in omstandighede wat met die welsyn van die kind in stryd is, wanneer die ouer nie opgespoor kan word nie of versuim het om die posisie te verhelp. (7)

Die indeling van die jeugmisdadiger en die sorgbehoewende kind openbaar dikwels eerder 'n verskil in graad as in tipe, want die kind wat nie beheer kan word nie of dikwels stokkiesdraai, verkeer dikwels in 'n voorstadium van misdaad. Baie van die jeugmisdadigers is niks moeiliker en het nie meer handuit geruk as party sorgbehoewende kinders nie. Daar bestaan dus geen duidelike skeidslyn nie en daarom kan die kind wat as sorgbehoewend beskou word, ook as 'n potensiële jeugmisdadiger beskou word.

Neumeyer verklaar: "Between them no deep gulf exists. It is largely a matter of degree, of a gradual continuity, with the normal merging into the abnormal by almost imperceptible shades. The extreme cases merge into the borderline ones, and the borderline cases into the non-delinquents with no sudden transition." (8)

E. Die Verskil Tussen Jeugmisdaad en Misdaad.

In die meeste gevalle begin die misdadige loopbaan van die oortreder in die vroeë

(7) Unie van Suid-Afrika: Wet No. 31 van 1937. Staatsdrukker. Pretoria. Bladsy 5.

(8) Neumeyer. M.H. : Delinquency in Modern Society. Van Nostrand Co. New York. 1949. Bladsy 18.

kinderjare, dikwels as gevolg van 'n onstabiele huis, miserabele omgewing, en armoede, wat emosionele ongebalanseerdheid veroorsaak. Die kind se geestestoestand word nadelig geraak, met die gevolg dat hy, ongedissiplineerd weens gebrekkige sedelike invloed of beheer, wanaanpassing ondergaan met betrekking tot die gangbare orde van sake.

Van jeugmisdaad skryf Albertyn soos volg: „Die eerste eienskap van jeugmisdaad is, objektief beskou, die geringe belangrikheid daarvan; met ander woorde die daad self is selde van opspraakwekkende aard. In die samelewing bestaan jeugdige misdadigheid hoofsaaklik uit klein diefstalle, en tuis uit lieg, verset teen ouers of die steel van voedsel en miskien klein muntstukkies. Verder is die vernaamste oortredings stokkiesdraai op skool, wegbly van huis, rondswerwe op straat, ens.. Objektief beskou, word tot die geringe belangrikheidvan hierdie oortredings, of „misdade", soos hulle gewoonlik in die wet genoem word, bygedra deur die feit dat hulle in die meeste gevalle voortvloei uit die normale kinderkarakter. Selfs in die geval van seksmisdaad is daar weinig diepere grond van abnormaliteit." (9)

Vir die wet is die verskil tussen jeugmisdaad en misdaad 'n saak van ouderdom. 'n Volwasse misdadiger in Suid-Afrika is 'n persoon bo 19 jaar, (in enkele gevalle 21 jaar) en 'n jeugmisdadiger onder hierdie ouderdom.

Sosiologies beskou is beide die misdadiger en die jeugmisdadiger persone wie se dade nadelig inwerk op die sosiale kode van die samelewing.

Jeugmisdaad word dus geskei van volwassene-misdaad deur 'n denkbeeldige skeiding, wat gebaseer is op die veronderstelling dat ouderdom

(9) Albertyn. C.F. : Jeugmisdaad. Annale van Universiteit van Stellenbosch. Nas. Pers. Kaapstad (1939). Bladsy 11.

'n korrelaat is van stygende verantwoordelikheid, met ander woorde die ouer persoon moet die verantwoordelikheid vir sy gedrag en dade aanvaar.

Daar skyn 'n bepaalde verband tussen jeugmisdaad en volwassene-misdaad te wees, want as iemand sy kinder- en jeugleeftyd deurgaan, sonder om tot misdaad te verval, dit feitlik seker is dat hy nie as volwassene tot misdaad sal verval nie.

Die neiging tot misdaad begin gewoonlik by die kinderstadium, vermeerder gedurende die adolessente jare en bereik sy hoogtepunt gedurende die eerste twee of drie jaar van volwassenheid. Daarna verminder dit geleidelik tot by die ouderdom van 40 jaar, waarna dit snel afneem.

oooOOOooo

# Hoofstuk II.

## Die Stamagtergrond van die Bantoe-Kind.

Die twee vernaamste Bantoe-groepe in Suid-Afrika is die Sotho-Tswana groep, wat die Basoetoes en Betsjoeanas insluit, en die Nguni of Zulu-Xhosa groep, wat bestaan uit die Zulu-, Swazi- en Xhosarasse asook die rasse in die Transkei en Oos-Kaapland

Van die 8 miljoen Bantoes in Suid-Afrika, is daar nog drie miljoen in die reservate woonagtig, terwyl drie miljoen op die plase van blankes en twee miljoen in die dorpe en stede 'n heenkome vind.

Die eintlike grondslag waarop die maatskaplike organisasie van die reservaatbantoe berus is die familiegroep, wat bestaan uit die man, sy vrou of vrouens en afhanklike kinders, saam met enige ander bloedverwante of nieverwante afhanklikes, wat deur hom onderhou word. Die Bantoe-kind groei op omring van bloedverwante, nl. sy ooms, wat ook sy ouers help om hom op te voed, en op die wyse word hy geleer om vir hulle ontsag te hê en gehoorsaamheid te toon. "The child is subject not only to his parents but to the wider body of relatives. Moreover, the parents do not bear the sole responsibility of rearing the child, but are assisted by their kindred. The maternal relatives temper the severity of the behaviour pattern between parents and paternal relatives and the child. These behaviour patterns complement each other. The child pays respect to those in authority over him; he has an outlet for his demands for familiarity, and he receives respect from those junior to him. The whole tribal system appears te be balanced and to meet the full range of the child's needs." (10)

(10) Hellmann.E. : Problems of Urban Bantu Youth. S.A. Race Relations. Johannesburg. 1940. Bladsy 5.

Die familiegroep besit drie belangrike kenmerke nl., die erkenning van verwantskap, bepaalde gedragspatrone, wat wederkerige regte en verantwoordelikhede meebring, en die hiërargie van ouderdom en rang.

Van die kinders van dieselfde vader en moeder is die oudste altyd die senior van die jongere. Daar is geen gelykwaardigheid tussen vrouens nie, en hulle kinders ontvang hulle rang of status in die familiegroep volgens die status van hul moeders. Die kind van die ondergeskikte vrou spreek die kind van 'n vrou van hoër rang aan as „ouer broer", afgesien van hul ouderdom. Hierdie ondergeskiktheid is ook van toepassing op hul afstammelinge, sodat 'n man ondergeskik kan wees aan die jongste seun van sy vader se ouer broer, selfs al is hy nog 'n suigling. Die kind groei op in hierdie familie-samelewing sonder om gedurende die adolessente periode kontak te maak met vreemde kinders, met ander sedes, en sodoende is dit vir hom maklik om op die regte pad te bly, want daar is geen vreemde gewoontes en sedes, wat hom ten nadele kan beïnvloed nie.

Voorvader-aanbidding hang baie nou saam met bogenoemde drie kenmerke van die Bantoe-familiegroep.

Van die voorvaders word allerhande seëninge vir die familiegroep afgesmeek. As afgestorwenes besit hulle vir die Bantoe bonatuurlike kragte en kan dus allerhande invloede, voordelig sowel as nadelig, op die groep uitoefen.

Hierdie voorvader-aanbidding het die familiegroep se godsdiens 'n sterk persoonlike kleur gegee, wat die bande onderling heg gehou het en gevolglik het daar nooit die los familie verwantskap voorgekom soos tans die geval is nie.

Om die familiehoof het die belange van die hele familiegemeenskap gesentreer. Behalwe die biologiese funksie van die familie,

het die groep self ook in hulle onderwys voorsien.

Alle seremonies in verband met geboortes, huwelike, dood, voorvader-aanbidding ens., het direk betrekking gehad op elke lid. Die belange van elke lid was so geïntegreer in die familiegroep as geheel, dat daar in dieselfde familie 'n gees van solidariteit en 'n onderlinge afhanklikheid geheers het. Dit is duidelik dat die familiegroepstelsel die Bantoe van geboorte tot by die graf tot gehoorsaamheid van die stamgewoontes en -wette beïnvloed het en so meegehelp het om jeugmisdaad in die reservate tot 'n minimum te perk.

'n Belangrike aspek van die tradisionele Bantoe-familiegroep is sy ekonomiese funksie. Dit was in die verlede selfonderhoudend. Die manlike geslag moes vir die vee sorg, en die vroulike geslag in die lande werk.

"As the children grew older they were gradually introduced to the routine domestic and economic tasks of the community, their elders acting as their mentors. The young boys were entrusted first with the herding of the kids, and then as they grew older, they looked after the calves and the goats and finally became full cattle herds. Almost all their years of later childhood and adolescence were spent on the veld, where they grew to know intimately the habits and characteristics, not only of the domestic animals, but of animals and birds in general, obtained considerable practice and skill in hunting and acquired an extensive knowledge of natural history." (11)

Die Bantoe-kind het dus nie doelloos en ledig rondgeloop nie, maar daagliks was aan

(11) Schapera. I. : Western Civilization and the Natives of South Africa. Routledge & Sons. London. 1934. Bladsy 21.

hom bevele gegee wat hy stiptelik moes uitvoer. Hy is dus al vroeg in sy lewe ingelyf in 'n lewe van arbeidsaamheid, en omdat hy genoodsaak was om 'n geordende bestaan te voer, het hy min geleentheid gehad om tot misdaad te verval.

Die puberteit- of inisiasieskole van die Bantoe-stamme het ook bygedra om goeie dissipline by die kind aan te kweek. In die skole is die kinders geleer om:-

(a) hul meerderes te respekteer,
(b) die geestelike kultuur van die stam te verstaan en te waardeer,
(c) te jag en „slim" te steel, waarskynlik die voorbereiding vir hul later bedryfslewe,
(d) pyn en beproewings te verduur en also hul manlikheid te betoon.

Om bogenoemde doelstellinge te bereik is as volg te werk gegaan: Ooreenkomstig stamtradisie is eerstens die besnydenis in die stamskole toegepas, waarna die jeugdiges opgelei is in sekere geheime formules, volksange, stamwette, oortuigings ("beliefs"), en absolute gehoorsaamheid aan die oueres van die stam. In hierdie proses is van die wreedste metodes gebruik gemaak soos uithongering, geseling en ontberings.

Die doel met hierdie metode van onderrig was nie slegs om volharding en eerbied teenoor die stamgewoontes en -tradisies in te boesem nie, maar ook om die toekomstige stamgenoot te laat besef watter waardes en hoë vereistes daaraan verbonde is.

Dit is duidelik dat die inisiasie seremonies grootliks bygedra het om die Bantoe-kind gehoorsaam, gedissiplineerd en tradisie- en familievas te maak.

Die Bantoe het in hul tradisionele kultuur doelbewus ruim en toereikende voorsiening gemaak vir eiesoortige opvoeding van hul jeug. Elke

maatskaplike instelling het die houdings, emosies, en waardes wat belangrik was vir sy voortbestaan en behoud ingeskerp. Die familiegroep het karakter, godsdienstige gedragspatrone en kennis, tegniese en ekonomiese sake ontwikkel. Die plaaslike en stamorganisasie het kennis van stamaangeleenthede en algemene verantwoordelikhede aangevul. (12)

Die Bantoe-kind in die reservate ontvang sy opvoeding meesal op informele wyse, want hy is aangewys op die familiegroep, d.w.s. sy ouers, broers en susters, deur ervaring in die lewe, deur die voorbeeld en leiding van meer ervarenes te volg, deur die maatskaplike struktuur godsdiens en kultuur van die Bantoe na te streef.

Die kind leer om in te pas in die gesinsverband en leer dus bepaalde gedragspatrone teenoor lede van die gesin. Namate hy ouer word, word die kring waarin hy beweeg ook groter en leer hy hoe om hom teenoor ander verwante en nie-verwante te gedra.

Hy leer gedragspatrone en bepaalde norme waaraan hy hom moet hou. As kind leer hy in die gesinsverband en as hy groter word in die gemeenskapsverband die gewoontes, opvattinge en sedes van die stam insover dit betrekking het op die sosiale groep waarin hy lewe.

Deur die uiters eenvoudige dog doeltreffende onderwysstelsel van die Bantoe, word die Bantoe-kind 'n ewewigtige voorkoms gegee, en 'n gesonde balans is in die samelewing daardeur verseker. Die gevolg is dat jeugmisdaad uiters selde onder tradisionele stamomstandighede aangetref word.

Indien dit egter voorkom, het daar in die Bantoe-samelewing ook die nodige beginsels, maatreëls em masjinerie bestaan waardeur 'n kind, wat nie aan die eise van 'n gesonde lewe voldoen nie, gekorrigeer kon word.

(12) Verslag van die Naturelle Onderwyskommissie 1949-51. Staatsdrukker. Pretoria. Bladsy 13.

Die rustige vreedsame, halfstatiese lewe van die Bantoe-kind in die reservaat, wat vir eeue byna geen verandering ondergaan het nie, dra daartoe by om jeugmisdaad in die reservate tot 'n minimum te beperk, want vroeg in sy lewe word by hom 'n sin vir arbeidsaamheid asook 'n verantwoordelikheidsbesef aangekweek. Van vroeg af voel die Bantoekind dat hy 'n onmisbare rat uitmaak van die groot ko-öperatiewe arbeidsmasjien. Hy voel dat sy bestaan geregverdig is en dit help om jeugmisdaad uit te skakel. Hy voel dat hy 'n bepaalde plek in die samelewing beklee, dat hy 'n lid is van 'n gesin, 'n familie, en 'n stam, en dat dit van hom verwag word om sy bepaalde plek vol te staan. Hy is van kleinsaf al 'n lid van 'n maatskaplike eenheid en nie net een van 'n massa nie. Hy word verplig om die stamwette, deur middel van die inisiasie seremonies te leer, want die Bantoe se regstelsel vorm 'n deel van sy hele sosio-ekonomiese stelsel. Hy word ook verder geleer om ouere mense te respekteer, want die ou grysaard se lewenservaring en lewensrypheid is 'n bate vir die hele stam en dit moet waardeer word.

Voorvaderaanbidding, of verering van sy voorvaders, is 'n aktuele deel van die Bantoe se maatskaplike lewe. Daar bestaan sekere taboes en rituele dienste wat nie verontagsaam mag word nie en dit alles help die kind om nie tot misdaad te verval nie.

Alhoewel die Bantoe volgens blanke beskouing, eienaardige opvattings omtrent die sedelike het, is daar selde of ooit buite-egtelike kinders gebore. Perverte seksuele verhoudings egter was toelaatbaar, maar dit het nooit tot geslagtelike omgang oorgegaan nie. Hierdie eienaardige opvattings omtrent die sedelikheid het tot gevolg gehad dat baie Bantoe-stamme sodomie as iets natuurliks en toelaatbaar beskou het.

# Hoofstuk III.

## Die Invloed van die Westerse Kultuur op die Bantoe.

Die Bantoe wat aan die begin van die 19e eeu 'n uiters primitiewe lewe gelei het, was verplig om deel te word van 'n beskawing waarin meganiese uitvindings en finansiële oorweging die lewe van almal beheer. "In a generation the native people of this land are being compelled to bridge a gap which the white races have taken hundreds of years to cross." (13)

Vóór die koms van die blankes was die Bantoe-familiegroep ekonomies selfonderhoudend. Daar was geen geleentheid vir enige winsgewende arbeid nie, want die behoeftes van 'n familiegroep kon voorsien word deur die ongespesialiseerde arbeid van enige man of vrou. Dus hoewel daar soms 'n soort van 'n ruilhandel plaasgevind het, was daar geen gereelde handel nie. (14)

Die eerste blankes met wie die Bantoe in aanraking gekom het, was die handelaar en die sendeling. Die sendeling het voor moeilike situasies te staan gekom omdat hy met magtige en grotendeels vyandige stamorganisasies te doen gehad het. „Kapteins, wat die Christendom goedgesind was, was die uitsondering. Die sendelinge het baie min simpatie met stam gebruike gehad omdat dit die lewe van die bekeerlinge, wat hulle met soveel kragsinspanning verkry het, skynbaar in gevaar gestel het.

(13) Phillips. R. : The Bantu are Coming - Student Christian Movement Press. London 1930. Bladsy 32.

(14) Shapera. I. : Migrant Labour and Tribal Life.: Oxford University Press. London 1947. Bladsy 6.

Die Kerk het vir die bekeerlinge 'n nuwe voorwerp vir hulle lojaliteit geword, wat hulle 'n nuwe broederskap aangebied het." (15)

Dit het die middelpunt van hul hoop en aspirasies gebly, en vir vele het die gehegtheid aan 'n besondere Kerk die hele inhoud van hul Christelikheid geword. Hierdie opvatting is deur denominasionale wedywer, wat ongelukkig bestaan het, beklemtoon. Lojaliteit aan Christus is dikwels benadruk. Denominasionalisme het die stamorganisasie in 'n nuwe gedaante geword.

Die eerste sendeling het egter nie alleen belang gestel in die kerstening van die Bantoe nie, maar hulle ook beywer om laasgenoemde die Bybel te leer lees. Gevolglik het hulle skole opgerig as 'n essensiële deel van hul sendingwerk.

Die Kerk en die skool is deur die heidene sowel as die Bantoe Christen beskou as buitestaande en geskei van die stamlewe, en die opkoms van denominasionalisme het die bekeerlinge verhinder om die eertydse solidariteit van die stamlewe te herstel, wanneer so'n stam hom eindelik tot die Christelike godsdiens gewend het.

Hoewel die Christelike godsdiens meegehelp het tot verbrokkeling van lojaliteit teenoor die stam, het dit, afgesien van die geestelike bates, ook ekonomiese voordele vir die bekeerling meegebring want met sy kennis van die gewoontes en gedagtegang van die blanke, was dit vir hom makliker om werk by die blanke te kry as vir sy primitiewe stamgenoot. Sy lojaliteit teenoor sy nuwe godsdiens het hom egter nie belet

(15) Mokitimi. S. : Handbook on Race Relations in South Africa : Oxford Unv. Press. Cape Town 1949. Bladsy 16.

om ook nog 'n bedekte vorm van rassegewoontes na te volg nie. Baie van die vroeë Bantoe Christene het die gebruik om lobola vir hulle dogters te eis, laat vaar, maar na die huwelik 'n geskenk geëis. So ook het baie bekeerlinge in tye van siekte geglo aan die mag van die gebed, die waarde van geneeskundige behandeling, asook aan die voordeel van 'n besoek aan die toordokter.

Die sendeling was ook baanbreker op landbougebied, want hy het die Bantoe deur voorbeeld en onderwysing beter metodes van landbou geleer. Ook het hy met hom saamgebring die skoffelpik en die ploeg wat die Bantoelandbouer se werk aansienlik verlig en groter oeste besorg het. (16)

Die sendeling dus, as draer van die fakkel van die Westerse beskawing, was tot groot voordeel vir die Bantoe.

Na die sendeling het die handelaar of smous gekom, en met sy koms het die selfonderhoudenheid van die familiegroep in duie begin stort, want instede om artikels nog te maak, was hulle aangewys op die handelaar vir die voorsiening van baie van die artikels wat hulle vroeër self gemaak het. So is goedere van die westerse beskawing geruil vir plaaslike produkte soos ivoor en volstruisvere. "The missionaries not only brought a new religion to the people, but by starting schools and insiting on 'civilized' forms of dress among converts, they helped to stimulate the demand for the wares of the trader. Both traders and missionaries moreover, employed local natives as domestic servants and other assistants, and thus introducing the practice of working for cash wages." (17). Die handelaar dus, het by die

(17) Shapera, I. : Migrant Labour and Tribal Life. Oxford Univ. Press. Kaapstad. 1947. Bladsy 7.

Bantoe aangekweek die begeerte vir nuwe goedere wat slegs by hom verkrygbaar was, want die besit van sulke artikels het vir die eienaar 'n nuwe standaard van rykdom en sosiale status beteken. Geld word nou die ruilmiddel en toe die Regering en die hoofman later belastings op die Bantoe lê, het die besit van geld 'n uniwersele noodsaaklikheid geword. Die reservaat-bantoe het, om aan sy behoeftes te voldoen, sy produkte aan die blanke handelaar verkoop, maar ten spyte van verbeterde landbou en veeteeltmetodes, was die Bantoe se inkomste uit bogenoemde bron onvoldoende, en moes dit aangevul word deur een of ander werk by die Witman te aanvaar. Die geleenthede in die reservate vir betaalde werk was egters uiters gering met die gevolg dat hy genoodsaak was om uit te wyk na die stede, dorpe en plase van die blankes waar hy nog meer onderhewig was aan die goeie en slegte invloede van die westerse beskawing. Die handelaar natuurlik, het die tydelike uittog uit die reservaat aangemoedig, want hy was ook werwer van arbeid vir die myne. (18)

Die werwing van arbeid vir die myne het belangrike ekonomiese en maatskaplike gevolge gehad. Dit skep geen permanente klas van stadsbewoners nie, maar is in werklikheid die tydelike verskuiwing van Bantoes vanuit die reservate na die nywerheidsentra, om vir 'n tydperk van nege of meer maande te werk, waarna hulle na hulle tuistes in die Bantoe-gebiede teruggestuur word.

Hierdie gewerfde arbeiders is nie heeltemal afhanklik van hulle besittings in die reservate nie. Hulle gaan na die myne om kontant te verdien, om die inkomste van hul boerdery aan te vul. Hulle kan derhalwe lone aanvaar

(18) Goodfellow. D.M. : An Economic History of South Africa. : Routledge & Sons. London. 1934. Bladsy 144.

wat minder as genoeg is om 'n man en sy familie te onderhou, wanneer hy alleen van sy verdienste in die stad afhanklik is.

Na die sendeling en die handelaar het die Bantoe met die Trekker in aanraking gekom. Teenoor die tienduisende Bantoes wat hulle vrywillig onder die Trekkers kom vestig het en wat in die Boer blykbaar geen uitdelgende uitbuiter en onderdrukker gesien het nie, is die gesonde beleid gevolg, nl. die standpunt van die meerderwaardigheid van die blanke se beskawing teenoor die minderwaardigheid van die Bantoe se primitiewe beskawing. Dit was die standpunt van meerderjarigheid teenoor minderjarigheid en hierdie standpunt het veral op twee maniere tot uiting gekom, nl., in territoriale segregasie en differensiasie. "In the old republics Boer discipline was no doubt rough and hard, even merciless to those judged to be delinquents. But it is utterly false to speak of rule by sjambok. The truth appears rather in the familiar spectacle of lifelong attachment by natives and their families to one Boer Baas, and all that is his - a devotion that in hundreds of cases survived even the searching ordeal of the Anglo-Boer War." (19)

Die Voortrekker het dus, ook 'n belangrike rol gespeel om die lig van die westerse beskawing tot die Bantoe te bring.

Die ekonomiese uitwerking van die koms van die Europeane op die bantoe-kultuur is van baie verreikende aard. Die beperking van beskikbare grond het 'n landlose klas geskep en bedreig die hele familiestruktuur. Volgens tradisie het elke getroude Bantoe-man die reg gehad op weiveld vir vee en op 'n stuk bewerkbare grond

(19) Macmillan .W.M. : Africa Emergent. Faber & Faber. London. 1938. Bladsy 162.

vir elkeen van sy vrouens. Met die vermeerdering van die bevolking word hierdie stelsel al meer en meer onuitvoerbaar. Gevolglik het die ekonomiese selfgenoegsaamheid van die familiegroep reeds tot 'n groot mate verdwyn. Die begeerte na Europese goedere en klere, saam met die noodsaaklikheid om geld te verdien ten einde hulle belastings te kan betaal, het 'n baie groot persentasie van die Bantoe wat grond besit, gedwing om die grond vir lang tye te verwaarloos om werk te soek vir kontantloon.

„Die sedelike en maatskaplike gevolge van die stelsel van trekarbeid vir die familiegroep is ontsaglik. Die hoof kan nie meer sy ou verpligtinge nakom nie. Die gedragspatrone raak gaandeweg in onbruik; die persoon wat die ideale van wet en orde ingeprent het, is afwesig; die priester van die familiegroep is nie meer aanwesig nie, en die tradisionele ritueel verval. Idees wat vreemd is aan hul tradisies word ingevoer en die handhawing van die status van seniors word al moeiliker, omdat hulle nie meer oor die nodige gesag of rykdom beskik nie. Al meer en meer hang sukses in die lewe en die voorspoed van die indiwidu af van sy eie pogings in die arbeidsmark en nie van sy piëteit vir of lojaliteit aan sy familiegroep of stam nie. Die tradisionele geslagsmoraliteit is aan die verander, te wyte aan die lang periodes van afwesigheid van groot getalle jongmans wat dikwels buiteegtelike en ongeoorloofde verbintenisse met vrouens van ander stamme aangaan. Oor die algemeen het die selfgenoegsaamheid van die indiwidu toegeneem, is die wêreld waarin hy beweeg, ruimer, en het sy afhanklikheid en ondersteuning van sy familiegroep afgeneem.

Vir meer as honderd jaar het sendelinge die Christelike evangelie gepropageer en dit het op baie maniere die maatskaplike

organisasie van die Bantoe verander, 'n verandering wat in sy aard ingewikkeld gemaak is deur die mededinging van denominasies. Hierdie denominasionele Christendom het algemeen tot gevolg gehad dat ou lojaliteite van stamwye omvang opgesplits word en nuwe organisasies van 'n meer plaaslike en fragmentariese aard in die lewe geroep is." (20)

(20) Verslag van die Naturelle-Onderwys Kommissie. 1949-51. Staatsdrukker. Pretoria. Bladsy 14.

## Hoofstuk IV.

### Die Trek na die Stede met besondere Verwysing na die Rand,

Met die byna totale verdwyning van onbesette grond in Suid-Afrika en met die finale inlywing van die Bantoe onder blanke staatkundige beheer, het 'n stelsel van trekarbeid ontstaan waardeur duisende manlike Bantoes die reservate, en selfs plase van blankes verlaat om in Johannesburg en die ander arbeidsentra van die Unie te werk, vir tydperke van 6 maande tot selfs 'n hele leeftyd.

Aanvanglik het weinige vroue hulle mans vergesel, maar in die jongste tyd het daar 'n groeiende toeloop van vroue na die stedelike gebiede ontstaan, wat 'n bevolking in die lewe geroep het wat al hoe meer permanent word, beide wat betref sy woonplek in stedelike gebiede en die mate waarin hy sy bande met sy familiegroep en stamlewe verbreek.

Die trek na die stede dus is van tweërlei aard, nl., permanente verhuising en die tydelike verskuiwing wat met die trekarbeidstelsel in verband staan en tot periodieke terugwaartse verhuising na die reservate aanleiding gee.

Die trek van die Bantoes van die platteland na die stad is hoofsaaklik deur die delwing van diamante en goud in beweging gesit en duur dus reeds vir ongeveer 'n driekwart eeu voort. In 1865 was daar in die hele gebied van die teenswoordige Unie nog geen twintig dorpe met 'n bevolking van meer as duisend elk nie. Die ekonomiese lewe van die land was feitlik uitsluitlik gebaseer op landbou. Die posisie het egter sedertdien radikaal vernader.

Die stadwaartse trek in die Unie het tot dusver die blankes en die Asiate

op diepgaande wyse geraak. Volgens die sensus van 1936 het tot op datum nie minder as 65 persent van die totale blanke en 66 persent van die totale Asiatiese bevolking van die Unie in stads- en dorpsgebiede gewoon nie. Vir die Kleurlingbevolking was die syfer ietwat laer t.w. 54 persent, terwyl die Bantoe-bevolking nog verreweg landelik was (83 persent).

Vir sover dit egter moontlik is om gevolgtrekkings te maak op grond van die beskikbare gegewens vir 1921 en 1936 wil dit voorkom asof die Kleurling sowel as Bantoes in die jongste tyd veel vinniger as die blankes na die stede toe trek. (21).

Daar is dus ongetwyfeld aanduidings dat 'n ontstamde en permanente stedelike Bantoe-bevolking besig is om te ontwikkel.

Die aard en erns van die aanpassingsprobleme wat deur die trek van die platteland na die stad teweeggebring word, verander met die ouderdom en ekonomiese situasie van die intrekker. Dit is dus van belang om te weet, dat in die normale stadwaartse trek die oorweldigende meerderheid van die trekkers jeugdige persone is.

Dit lei tot die gevolgtrekking dat die oorgroot deel van die trekkers die landelike gebied verlaat alvorens gesinsverantwoordelikhede, eiendom, gemeenskapsverpligtings, en so meer, al te sterk bindende faktore in hul lewens geword het. Hierdie feit dra dus waarskynlik veel daartoe by om die stedelike aanpassing van intrekkers te vergemaklik.

Die trekarbeidstelsel is nie slegs die gevolg van die ekonomiese behoefte van die Bantoe om meer te verdien as wat die reservate oplewer nie, maar dit is die resultaat van 'n hele kompleks van dryfkragte wat ekonomiese druk, die verlange na geld en na wat dit kan koop, die aanloklikhede van die stadslewe,

(21) Verslag van die Suid-Afrikaanse Nas. Konferensie oor na-oorlogse Beplanning en maatskaplike Welsynwerk. 25-29 Sept. 1944. Staatsdrukker. Pta. 1944. Bladsy 308.

die begeerte van sommige om aan die beheer en beperkinge van die tradisionele familie- en stamlewe te ontvlug en die aantreklikheid van westerse idees en praktyke, insluit. (22).

„Die trekarbeidstelsel het al meer en meer aan mobiliteit toegeneem. Die aanbou van spoorweë en paaie tesame met die vermenigvuldiging van moderne middels van vervoer, het die Bantoe-arbeider in staat gestel om verbasende distansies te reis, om mense van verskillende tale en gewoontes te ontmoet en met hulle te meng, en om van werkplek te verwissel oor afstande van honderde, indien nie duisende myle nie. Hierdie mobiliteit geld nie slegs vir die jeugdige, liggaamskragtige mans nie, maar met die toename van persoonlike veiligheid en die gemak waarmee gereis kan word is jong vroue en middeljarige mans inderdaad net so vry om te reis, onderhewig slegs aan sekere statutêre beperkings wat bedoel is om juis sulke rondtrekkery in toom te hou.

Die oorgang van die ou orde na die nuwe, het die status van die indiwidu radikaal verander. Onder die tradisionele stamstelsel was die indiwidu vir sy persoonlike veiligheid sowel as vir sy ekonomiese, godsdienstige en maatsakplike welsyn in elke opsig aan die familiegroep en stam gebind. Die indiwidu as sodanig kan nie onafhanklik bestaan nie. Heterodokse gedrag, menings of geloof het onvermydelik gelei tot verbanning indien nie tot teregstelling vir towery nie. Vandag is die indiwidu vry, binne wye perke, om sy bestaan te maak heeltemal onafhanklik van die familiegroep, en hy kan dit doen so ver en so lank verwyderd

(22)Shapera. I. : Migrant Labour & Tribal Life. Oxford Unv. Press. London. 1946. Bladsy 114.

van sy familielede as hy wil. Sy geografiese vryheid gee hom die geleentheid om die afkeuring en moontlike optrede van die familiegroep af te weer of geheel te ignoreer" (23)

Die menigvuldigheid van die gevolge van die trekarbeidstelsel is nog verder uitgebrei deur die uitwerking wat die staatkundige en wetsveranderinge op die Bantoelewe gehad het. Met die opvallende verlies van status en die inkorting van magte van die stamhoofde het gepaard gegaan 'n ewolusie van Bantoe-reg in die rigting van groter vryheid vir die indiwidu en uitbreiding van sy persoonlike kontraktuele bevoegdhede en verantwoordelikhede. Volgens tradisie het 'n kind wat by sy vader gewoon het, 'n minderjarige gebly solank hy in sy vader se kraal woonagtig was, en kon geen eiendom van die hand sit sonder sy vader se toestemming nie. Ofskoon 'n groot mate van erkenning aan die tradisionele Bantoewetsgebruike gegee is, bly dit tog maar gedeeltelik erkenning en onderworpe aan Europese regspleging, want die howe sal byvoorbeeld geen gebruik wat teenstrydig is met die beginsels van die blanke staatsbeleid of natuurreg erken nie.

Ooreenkomstig hierdie beleid, is die ouderdom van mondigwording in die Kaapprovinsie vir beide manlikes en vroulikes, by proklamasie, op 21 jaar vasgestel. 'n Man word mondig by sy huwelik en 'n vrou 'n minderjarige. Vir belastingsdoeleindes is 'n volwassene 'n man wat 18 jaar of meer is. Die kumulatiewe ontwrigtende uitwerking op die tradisionele

(23) Verslag van die Naturelle-onderwyskommissie 1949-51. Staatsdrukker, Pretoria. Bladsy 22.

familiestelsel wat hieruit volg sal goed begryp kan word.

'n Ander gevolg en nadeel van die trekarbeidstelsel is dat die Bantoe belangstelling in die reservaatgemeenskap verloor en sy grond daar verwaarloos omdat hy soms genoeg geld het om aan die lewe te bly totdat hy weer na die myne op stede vertrek. (24)

Die Bantoe wat van die Rand af terugkeer na die reservate bring gewoonlik nuttige kennis saam soos byvoorbeeld kennis van noodhulp, wat hy op die goudmyne geleer word. Hy bring egter soms ook siektes met hom saam en baie keer 'n verwronge begrip van sekere Europese ideologieë wat glad nie inpas by die ordelike instandhouding van stamdissipline nie. Sy begrip van sedelikheid is ook baie keer ondermyn weens die lang periodes weg van sy tuiste en die verkeerde praktyke waarmee hy kennis maak in plekke waar daar 'n groot verskil in getalle tussen die twee geslagte is.

Kennismaking met die stadslewe bring dus gewoonlik 'n totale omwenteling in die Bantoe se lewe en sienswyse mee.

oo0Ooo

(24) v.d. Horst. S. : Native Labour in South Africa. Oxford Unv. Press. Cape Town 1942. Bladsy 189.

## Hoofstuk V.

## Die Toestande onder Stedelike Invloede Geskep.

(a) Algemeen:

Volgens statistieke is die Bantoebevolking van Suid-Afrika snel besig om te verstedelik. In 1911 was daar maar 508,142 Bantoes in stedelike gebiede gevestig; in 1921 was die getal 587,000, in 1936 1,142,622 en in 1946 was die getal 2,067,370.

Die toevloei van Bantoes na die stede het gedurende die oorlogsjare (1939-44) groot afmetings aangeneem, want die oorlog het 'n impetus aan die nywerheidsontwikkeling van Suid-Afrika gegee. Daar was natuurlik ook ander bykomende faktore, wat aanleiding gegee het tot hierdie instroming soos alreeds verduidelik.

Die migrasie van Bantoes na die stede is nou alreeds so lank aan die gang, dat hulle nou 'n permanente deel van die stedelike bevolkings geword het. In Johannesburg alleen was daar in 1952 'n Bantoe-bevolking van 426,432 teenoor 363,884 blankes, 22,174 Asiate, en 38,765 Kleurlinge en Maleiers.

Die meeste Bantoes in Johannesburg woon in die Bantoe-dorpe soos die volgende tabel aandui:-

| Bantoe-dorp. | Bantoebevolking. |
|---|---|
| Pimville (M) | 17172 |
| Kliptown (P) | 5162 |
| Moroka (M) | 36936 |

Alle gegewens in hierdie hoofstuk is deur die Munisipale Departement van Nie-Blanke Sake, Johannesburg, verskaf.

| Bantoe-dorp. | | Bantoe-bevolking. |
|---|---|---|
| Jabavu | (M) | 21200 |
| New Clare | (P) | 14561 |
| Dube | (M) | 24 |
| Western N.Township | (M) | 13240 |
| Sophiatown<br>Martindale | (P) | 39186 |
| Albertville | (P) | 1700 |
| Alexandra | (P) | 80000 |
| Eastern N.Township | (M) | 4171 |
| Orlando | (M) | 65412 |
| | Totaal | 298764 |

Die Bantoe-dorp Dube het slegs 24 inwoners omdat dit bedoel is vir gegoede Bantoes wat bereid is om die grond op 'n 99 jaar huurstelsel in besit te neem en 'n moderne woonhuis self daarop te laat oprig.

Die Bantoe-dorp Albertville is eintlik 'n Kleurlingdorp want dit besit 'n Kleurlinggemeenskap van 2548. Die Bantoe-dorp Western Native Township besit ook 'n Kleurling-lokasie Coronation met 'n bevolking van 3016 Kleurlinge, en Orlando het 'n Kleurling-lokasie Noordgesig met 'n bevolking van 3356.

In die Bantoe-dorpe hierbo genoem gemerk P, word die inwoners toegelaat om vaste eiendom te besit, en daar kan ook Asiate en Kleurlinge woon.

Die Bantoe-dorpe gemerk M is Munisipale eiendom en hierin kan slegs Bantoes woon, wat nie die reg het om hier erwe te besit nie.

Weens skaarste aan boumateriaal gedurende die oorlogsjare, het daar naderhand 'n skaarste van huise ontstaan, met die gevolg dat duisende Bantoe-families, wat nie toegang tot een van die munisipale gebiede kon kry nie,

eenvoudig op die grond tussen een munisipaliteitsgebied en 'n ander geplak het. In 1947 is al die Bantoe-plakkers naby Johannesburg verskuiwe na die teenswoordige plakkersdorpe van Moroka en Jabavu waar 12,000 gesinne in 1948 gevestig was onder die administrasie van die Johannesburgse Stadsraad.

Die meeste van die plakkers is gevestig in krotte wat hulle self opgerig het van enige materiaal wat hulle in die hande kon kry. In Jabavu egter, is nou al reeds 5100 munisipale huise gebou, en hoewel die Munisipaliteit van Johannesburg tot aan die einde van 1951 die groot bedrag van £4,338,044 aan Bantoe-dorpe bestee het, bly die toestand insake Bantoe-behuising in Johannesburg en in al die ander stede en dorpe uiters kritiek, soos blyk uit die volgende aanhaling: "Johannesburg short of 50,000 Native houses at the end of 1951, built 78 during that year. Another five were constructed by Native owners. It is estimated that during the next 10 years another 20,000 houses will be needed. These figures were given in a paper read to the Conference of Municipal engineers by Mr. J.E. Jennings, director of the National Building Research Institute.

The total shortfall of the Union at December 1951, was 167,328. During the year 3682 houses were built by local authorities and 4229 by Native owners. The estimated requirements during the next 10 years are 185,813.

Springs had the best building record in 1951. It built 827 homes towards its shortfall of 4000. No houses at all were built by the local authorities of Cape Town (18,050), Kimberley (2,500), Pretoria (11,843), Randfontein (500) and Boksburg (2000). (Figures in parentheses show the shortfall." (25)

(25) The Star. 11/9/1952. Bladsy 6.

Om die behuisingsnood te verlig, het die Johannesburgse Stadraad nou besluit dat die Bantoe sy eie huis kan bou volgens 'n sekere spesifikasie op 'n stuk grond wat deur die Munisipaliteit aangewys is.

(b) Bantoe-behuising.

In al die Bantoe-dorpe is die huise oorbewoon. Van Orlando, die model Bantoedorp van Johannesburg, is byna een derde van die huise tweekamer-wonings sonder enige badgeriewe, wat teen 17/4 per maand verhuur word.

In Orlando-Oos is daar 485 waterkrane wat water verskaf aan 5891 huise, d.w.s. 1 kraan vir 12 huise. Hierdie krane staan op die sypaadjies, vanwaar water vir alle huishoudelike gebruik gedra moet word. (26)

Die getal inwoners van die huise te Orlando is soos volg:-

| Tipe van Huis. | Persone per Huis. |
|---|---|
| „Shelter" | 4.60 |
| 2 - Kamer wonings | 5.29 |
| 3 - Kamer wonings | 5.8 |
| 4 - Kamer wonings | 6.93 |
| Gemiddeld | 5.38 |

In die Bantoe-dorpe wat nie onder munisipale beheer val nie, is die woningbevolking veel hoër, want loseerders word aangehou of 'n deel van die huis onderverhuur om te help met die huishuur of die afbetaling van die erf.

In Orlando is 81% van die wonings oorbewoon en 15% is ongerieflik vol. Dit beteken dus dat 96% van die gesinne uit die bevolking van 65,412 te Orlando onder onbevredigende en onhigiëniese toestande leef. En dit die model

(26)Eberhardt, Jacqueline: Survey of Family Conditions with special reference to Housing needs: Orlando Township. 1948. Dept. van Nie-blanke Sake. Johannesburg Munisipaliteit. Bladsy 88.

Bantoe-dorp van Johannesburg !

In die ander Bantoe-dorpe is die toestand nog erger, want 47% van die standplase (50 x 100 vt.) in Sophistown en 41% in New Clare bevat kamers waarin 20-39 persone woon !

Van die Bantoe-dorpe geleë in die Westelike gebiede van Johannesburg soos Sophiatown, Newclare, Albertville, Claremont, Martindale e.a. is die volgende gegewens gekry deur 'n opname deur die Munisipaliteit Johannesburg gedoen gedurende 1950 :

(1) Kamers bewoon.

Meer as 50% van die families het slegs een kamer tot hulle beskikking, terwyl 25% 'n kamer met een of selfs meer families bewoon.

(2) Huur van wonings.

82% van alle families is huurders, 16% is onderhuurders, en 2% is huiseienaars.

(3) Soort van Behuising.

Gesamentlike behuising is 'n algemene verskynsel onder Bantoe-families, en selfs van die huiseienaars is daar slegs een kwart wat die hele huis vir eie gebruik het.

(4) Oorbewoning.

In die Westelike-gebiede lewe 56% van alle families onder oorbewoonde omstandighed. Die wonings is as sodanig dat die Munisipale Gesondheidsdepartement aanbeveel het dat 50% daarvan behoort gesloop te word.

56% van alle families se slaapgeriewe is van so'n aard dat dit onsedelikheid in die hand werk. (26a)

(26a) Survey of the Western Areas of Johannesburg by Non-European Affairs Dept., City of Johannesburg. Bladsy 63.

Die toestand in hierdie Bantoe-dorpe word deur onderstaande tabelle toegelig:

I. Persentasie verspreiding van Gesinne volgens die aantal Kamers bewoon.

| Aantal kamers bewoon. | Persentasie gesinne. |
|---|---|
| ½ | 23 |
| 1 | 57 |
| 1½ of 2 | 10 |
| 2½ of 3 | 9 |
| 3½, 4 of 5 | 1 |
| | 100% |

Volgens tabel 1 hierbo leef 80% van die gesinne in 1 kamer of minder !

Tabel 11 wys die verspreiding van Bantoes aan wat in oorbewoonde toestande lewe, volgens die grootte van die gesin waarvan hulle lid is.

11. Verspreiding van oorbewoonde Toestande volgens grootte van gesin.

| Grootte van Gesin. (Persone) | Persoonlike Verspreiding van Oorbewoning. | |
|---|---|---|
| | Sophiatown, Martindale, Newclare. Persentasie. | W.N.Township Persentasie. |
| 1 | 6 | 2 (1 en 2) |
| 2 | 5 | |
| 3 | 11 | 3 |
| 4 | 22 | 5 |
| 5 | 16 | 4 |
| 6 | 14 | 14 |
| 7 | 9 | 17 |

Tabel 11. (Vervolg).

| Grootte van Gesin. (Persone) | Persoonlike Verspreiding van Oorbewoning. | |
|---|---|---|
| | Sophiatown, Martindale, Newclare, Persentasie. | W.N.Township. Persentasie. |
| 8 | 6 | 22 |
| 9 | 9 | 14 |
| 10 of meer | 2 | 19 |
| Alle gesinne | 100 | 100 |

Die toestand van die woonhuise wat die Bantoe-gesinne in Sophiatown, Martindale en Newclare bewoon word aangetoon in Tabel III.

Tabel III.

Toestand van woonhuise in Bantoe-dorpe.

| Toestand van Gebou | Sophiatown | | Martindale | | Newclare | | Alle Lok. | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| In orde of moet gerepareer word. | 5764 | 52 | 1100 | 52 | 1887 | 41 | 8751 | 49 |
| Moet afgebreek word | 5202 | 48 | 1017 | 48 | 2722 | 59 | 8941 | 51 |
| Alle wonings | 10966 | 100 | 2117 | 100 | 4609 | 100 | 17692 | 100 |

Dat die toestand insake oorbewoning te Orlando nie beter as die Bantoe-dorpe in die Westelike gebiede is nie, word aangedui deur tabel IV.

Tabel IV.

Huisgesin-digtheid volgens grootte van huis.

| Tipe van Woning | Grootte van huisgesin in % | |
|---|---|---|
| | 5 persone en onder | 6 persone en meer. |
| „Shelter" | 69 | 31 |
| 2 kamer wonings | 54 | 46 |
| 3 kamer wonings | 43 | 57 |
| 4 kamer wonings | 36 | 64 |
| Alle huise | 55 | 45 |

Die „Shelters" is, soos reeds gemeld, slegs eenkamerwonings, wat in so'n treurige toestand is, sonder deure of vensters "that they remain completely inhuman habitations with no pretence at adequately fulfilling the purpose of a house." (27)

Die ouderdomme van die persone wat onder oorbewoonde toestande in Orlando moet lewe word in tabel V gevind.

Tabel V.

Persoonlike verspreiding van oorbewoning volgens ouderdomme.

| Ouderdom in jare | Persentasie. |
|---|---|
| 0 - 4 | 74 |
| 5 - 9 | 72 |
| 10 - 14 | 76 |
| 15 - 19 | 85 |
| 20 - 24 | 75 |
| 25 - 29 | 65 |

(27) Eberhardt, Jacqueline.: A survey of Family Conditions with special reference to Housing needs: Orlando Township 1948. Bladsy 89.

Tabel V. (Vervolg)

| Ouderdom in jare. | Persentasie |
| --- | --- |
| 30 - 34 | 53 |
| 35 - 39 | 48 |
| 40 - 44 | 55 |
| 45 - 49 | 56 |
| 50 - 59 | 60 |
| 60 en ouer | 67 |
| Alle ouderdomme | 66 |

Volgens hierdie tabel is die oorbewoning besonder hoog vir die Bantoe-kind en dit werk jeugmisdaad in die hand. (28)

Die toestande in die ander Bantoe-dorpe in Johannesburg is of erger of kom min of meer ooreen met die toestande wat bespreek is.

(c) Huislike Omgewing:

In feitlik al die munisipale Bantoe-dorpe kan dosyne strate met dieselfde eentonige soort Bantoe-woning gesien word. Hierdie wonings huisves dan gesinne in verskeie stadia van kulturele ontwikkeling.

Die primitiewe Bantoe wat kort gelede uit die reservaat hierheen getrek het, is soms die buurman van die ontwikkelde Bantoe wat in Johannesburg gebore is en groot geword het.

In sulke omstandighede sal die neiging wees dat die status en opvoeding van sekere families, die peil aanneem van die swakkere bure, want die huise en erwe is so klein, dat dit onmoontlik vir die kinders van die verskeie families is om afgesonderd van mekaar te bly.

(28) Eberhardt. J.: A survey of Family Conditions with special reference to Housing needs: Orlando Township 1948. Munisipaliteit Johannesburg. Bladsy 141.

Omdat daar so min sportvelde en speelgronde in die Bantoe-dorpe is, speel die kleiner kinders op die strate terwyl die ouer kinders by die straathoeke rondstaan, of op die sypaadjies sit en dobbel.

Die eerlike en ordentlike Bantoe-gesin is verplig om met die swak huisgesin in aanraking te kom met nadelige gevolge vir die kinders. (29)

In sommige van die Bantoe-dorpe, veral Sophiatown, word nog talle agterplase gevind met kamers wat aan Bantoe-gesinne verhuur word. Die eienaar van so'n reeks kamers is merendeels 'n Asiaat, wat slegs in die huurgeld belang stel en hom nie bekommer oor die verskriklike toestande wat in so'n agterplaas heers nie.

Hellmann beskryf die toestande in so'n agterplaas soos volg:

"Rooiyard" consists of 107 rooms and covers an area of five stands with a total extent of 1,183 square yards. As a result of the large number of rooms which are built on this confined space, a state of extreme congestion prevails. The yard is roughly triangular in shape. Fifty-seven rooms are built on the boundary and face the yard, and 15 rooms, 7 on one side and 8 on the other side of the triangle, face the street. In the centre of the yard there is a double line of 35 rooms, built back-to-back and facing the rooms which skirt the yard, thus dividing the yard into two sections with rooms on either side and alleyways about 15 feet to 20 feet in width, in the centre. The 15 outer rooms and 14 of the inner rooms are built of brick and have cement floors, the remainder of

(29) Biesheuvel. S.: African Intelligence. S.A. Institute of Race Relations. Johannesburg. 1943. Bladsy 90.

the rooms being rickety constructions of old corrugated iron and thin wooden planks. The brick rooms vary in size from 10 feet by 11 feet to 11 feet by 12 feet. The partitioning walls, about 10 feet in height, do not reach the roof, which at its apex is about 15 feet high.

The other rooms vary in size from 8 feet by 11 feet to 11 feet square with a height from 8 to 10 feet. The flooring boards are, in the majority of these 78 rooms, rotten. Some rooms have no flooring at all and the bare earth forms the floor. The doors of the rooms are badly fitted and have no proper locks, being fastened from the outside by a padlock and from the inside by a bent nail or rough contraption of wire. Each room is fitted with two windows, but as one window often gives access to an adjoining room, it is usually covered with a plate of tin.

Cross-ventilation is not possible in the 64 rooms which are built back to back. In summer the rooms are unbearably hot, and in winter the cold winds which enter through the gaps and holes in the walls necessitate the constant burning of large coal braziers, introducing the element of danger and rendering the atmosphere in the rooms extremely unhealthy. Very few of the roofs are rainproof, window-panes are often missing and the level of the floor is, in a number of rooms, below the level of the yard.

In wet weather the rain-water flows into the rooms, carrying with it the debris of the yard, and the discomfort of the occupants under these miserable conditions requires very little emphasis. The yard has a narrow entrance. Flanking the entrance inside the yard stand two cement garbage-bins which serve the whole yard.

The occupants are served by 6 latrines, 3 for men and 3 for women, but they are usually in such a bad state of repair and so

neglected that the children shun them as is amply testified by the conditions of the alley-ways inside the yard and the pavements surrounding it. There is a washingroom adjoining the lavatories, consisting of 4 corrugated iron walls with a cement floor and containing 2 water taps, one or the other of which is never in working order. This single tap serves all the residents of the yard.

The alley-ways in the yard and the pavement on to which face the outer rooms are cluttered with an important part of the essential possessions of the Rooiyard Natives. Here stand the motley tins, ranging from one-gallon oiltins to large petroldrums, which are used for the preparation and storage of beer. The cooking braziers are placed outside the rooms, as the smallness of the rooms, which have to serve the needs of the whole family does not permit of cooking operations being performed inside. Large packing cases used for firewood, occupy much of the available space outside each room. The repeated requests of the Health Inspector that the yard be cemented have remained unheeded, and after rains it is like a quagmire. In dry weather it is usually littered with an assortment of refuse and debris." (30)

Gelukkig het baie van hierdie agterplase al verdwyn en daar is seker nie meer oor, behalwe die „Shelters" in Orlando, wat so groot soos Rooiyard is nie, maar op 'n kleiner skaal word hulle nog gevind.

„Die versameling van groot getalle Bantoes in volgepropte stedelike lokasies bied 'n brandpunt vir die ergste elemente onder die Bantoe-bevolking. Dit is gewaagd om te

(30) Hellmann. E.: Rooiyard: A Sociological Survey of an Urban Native Slum Yard. Oxford University Press. Cape Town. 1948. Bladsy 7.

sê dat stadstoestande op sigself misdadigheid onder naturelle makliker as onder ander seksies van die bevolking kweek. Dit ly nietemin geen twyfel nie dat te midde van die geleentheid om te steel en om die gesteelde goed betreklik maklik en op winsgewende wyse in lokasies en elders van die hand te sit, baie Bantoes van steel lewe. Baie misdade van geweldpleging in die stede het hul oorsprong in die oormatige gebruik van drank deur naturelle." (31)

(d) Onderwysaangeleenthede in die Randse Bantoe-dorpe.

Die behuisingprobleem in die Bantoe-dorpe aan die Rand is baie ernstig weens die vermeerderde toevloei van Bantoes na stedelike gebiede en die stilstand van die boubedryf gedurende die oorlogsjare. Maar 'n nog groter probleem het ontstaan op onderwysgebied, waar gevind word dat duisende Bantoe-kinders in die lokasies rondslenter, doelloos en sonder die nodige supervisie.

Terwyl die ouers werk - gewoonlik altwee ouers - is die kinders aan hulself oorgelaat, om te doen wat hulle wil; en daar is geen beter metode om jeugmisdadigers te maak en op te lei, as om kinders toe te laat om hul tyd in ledigheid, sonder supervisie en sonder dissipline in agterbuurttoestande te slyt nie. Hoe ernstig die toestand is, sal duidelik blyk uit onderstaande Tabel VI, wat aandui die aantal skole aan die Rand, aantal onderwysers, aantal kinders wat skoolopleiding ontvang, en die aantal

(31) Verslag van die Kommissie op Straf- en Gevangenishervorming. 1947. Staatsdrukker. Pretoria. Bladsy 6.

wat nie skoolgaan nie.

Tabel VI. (32)

Aantal Skole, Onderwysers en Skoliere aan Rand.

| Area | Aantal Skole. | Aantal Leerlinge | Aantal Onder-wysers | Aantal kinders wat nie skoolgaan nie |
|---|---|---|---|---|
| Randfontein | 5 | 550 | 35 | 1100 |
| Krugersdorp | 10 | 3410 | 62 | 6820 |
| Roodepoort | 8 | 1430 | 26 | 2860 |
| Johannesburg | 79 | 3200 | 628 | 64000 |
| Germiston | 19 | 4515 | 95 | 9030 |
| Boksburg | 8 | 2197 | 44 | 4394 |
| Benoni | 20 | 4602 | 92 | 9204 |
| Brakpan | 9 | 2329 | 50 | 4658 |
| Springs | 15 | 5041 | 103 | 10082 |
| Nigel | 6 | 2064 | 46 | 4128 |
| Totaal | 179 | 58138 | 1181 | 116276 |

Dat die onderwysgeriewe vir Bantoe-kinders aan die Rand heeltemal ontoereikend is, blyk uit die feit dat daar vir slegs een-derde van die kinders geleentheid vir skoolonderrig is. Bykans 120,000 kinders loop ledig rond. Van hierdie getal wag 50% om in die skole opgeneem te word en die ander 50% d.w.s. ongeveer 60,000 weier om skool te gaan !

Diegene van hulle dus, wat nie alreeds tot misdaad verval het nie, is potensiële jeugmisdadigers.

Daar is egter ook ongeveer 11,500 kinders in privaatskole. Hierdie skole is uiters swak toegerus en die klaskamer-ruimte is so beperk dat sommige klasse selfs buite in die opelug gegee moet word. Die onderwysers se salarisse

(32) Gegewens in Tabel VI verskaf deur Mnre. P. Hoffmann & MacDonald, Inspekteurs van Naturelleskole aan die Rand.

word deur bydraes van die ouers en belangstellendes gedek. Die onderwysers in privaat skole ontvang 'n salaris van ongeveer £7. 10. 0., per maand, en met sulke swak betaalde leerkragte en in sulke swak omstandighede kan geen goeie resultate verwag word nie.

Die skole is deurgaans slegs staatsgesubsieerde skole, want hulle is die eiendom en word beheer deur die verskillende sendinggenootskappe. Hulle besit egter nie die nodige fondse vir die aanbou van addisionele klaskamers, waarvan daar ongeveer 500 onmiddellik benodig is nie, en hulle erken dat die enigste plan om orde in hierdie chaotiese toestand te kry is om al die skole oor te dra aan die Onderwysdepartement.

Die nie-skoolgaande kinderbevolking kan nie in die arbeidsmark opgeneem word nie, omrede 'n groot persentasie onwillig is om gereelde arbeid te verrig, en tweedens kan kinders nie meeding met volwasse Bantoes vir die beperkte aantal vakatures nie, want die aanvraag oortref die aanbod ver. Sommige doen wel los werkies soos koerante verkoop, en pakkies dra, maar is onwillig om harde arbeid te verrig. Die toestand is uiters ernstig en daagliks groei die getal jeugmisdadigers aan.

(e) <u>Die Ekonomiese lewe van die Stadsbantoe.</u>

Daar is 'n permanente stedelike Bantoe-bevolking, want in die Bantoe-stede is daar 'n geslag van jong Bantoes wat geen ander lewe as die van die stad ken nie, wat ook geen kontak met die reservate besit nie. Hulle vorm 'n geslag wat gans ander aspirasies as hulle ouers en voorouers besit. Van kindsbeen af het hulle kennis gemaak met die Westerse beskawing en begeer

geen ander beskawing en kultuur nie.

In die Bantoe-dorpe Sophiatown, Martindale, Newclare, W.N. Township gesamentlik is die beroepe en die persentasie van die inwoners wat die beroepe volg, die volgende:

| | |
|---|---|
| Arbeiders | 42% |
| Fabriekwerkers | 21% |
| Huisbediendes | 4% |
| Wasvrouens | 3% |
| Motorbestuurders | 9% |
| Konstabels en Nagwagte | 2% |
| Professioneel en Klerke | 4% |
| Winkeliers en Smouse | 4% |
| Ambagsmanne | 5% |
| Ander werk | 3% |
| Werkloos | 3% |

Die persone sonder werk is hoofsaaklik van die jongere groep van 29 jaar en jonger en die ouer groep nl., 50 jaar en ouer. Van die jonger groep is daar ongeveer 21% wat nie werk nie en van die ouer groep 40%.

In Orlando is gevind "that education tends to improve 'employability' and that the better jobs go to those with the better education. The proportion of jobs, such as factory work, professional and clerical, police and nightwatchmen, drivers and craftsmen, increases with improved education. It is significant that the proportion of the 'not employed' is highest among the uneducated and lowest among the more highly educated. This suggests that education does not tend tp produce loafers." (33)

(33) Eberhardt, J.: A Survey of Family Conditions with special reference to Housing needs: Orlando Township. Bladsy 35.

Van die manlike werkers in Orlando verdien 36% £5. 9. 0. per maand, en 37% £10 - £14 per maand.

In Sophiatown, Martindale, W.N. Township, Newclare, d.w.s. in die Westelike gebiede het 40% van die Bantoe-gesinne 'n verdienste van £10 - £15 per maand, 25% minder as £10 per maand en 65% minder as £15 per maand. Van die gesinne met 'n inkomste van minder as £20, val 50% in die groep £10 en £15 en dié is die algemene inkomste-groep vir gesinne van alle groottes.

Helfte van die huisgesinne te Orlando bestee meer as 15% van hul inkomste aan huishuur, brandstof en vervoer. Die gemiddelde van die hoof van huisgesin se inkomste wat aan brandstof, huishuur en vervoer bestee word is 19.6%.

In die ander Bantoe-dorpe is die toestand nie beter nie, want alle gesinne met 'n gesinsinkomste van minder as £30, is die gemiddelde uitgawe aan huishuur en vervoer 14% vir 'n gesin in Sophiatown en Martindale, 13% in Newclare en 10% in Western Native Township.

Die verhoogde pryse van voedsel het ook die Bantoe nadelig getref, soos Tabel VII aandui.

Tabel VII.

Styging van Lewenskoste in Bantoe-dorpe.

| Bantoe-dorp | Uitgawe 1944. | | | Uitgawe 1950. | | | Styging | | Vermeerdering Persentasie. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | £. | S. | D. | £. | S. | D. | S. | D. | |
| Pimville | 1 | 15 | 8 | 2 | 12 | 4½ | 16 | 8¼ | 46.8 |
| Orlando | 1 | 14 | 11 | 2 | 11 | 0 | 16 | 1 | 46.1 |
| Alexandra | 1 | 12 | 1½ | 2 | 9 | 11¾ | 17 | 10¼ | 55.6 |

Tabel VII. (Vervolg)

| Bantoe-dorp | Uitgawe 1944. | Uitgawe 1950. | Styging | Vermeerdering Persentasie. |
|---|---|---|---|---|
| | £.S. D. | £. S. D. | S. D. | |
| W.N.T. | 1 15 7¼ | 2 12 11¼ | 17 4 | 48.7 |
| E.N.T. | 1 14 10½ | 2 13 4½ | 18 6 | 53.0 |
| Sophiatown | 1 15 3½ | 2 11 11¼ | 16 7¾ | 47.2 |

Die persentasieverhogings vir die belangrikste voedselitems sinds 1944 is soos volg:-

| | |
|---|---|
| Mieliemeel | 31% |
| Vleis | 30% |
| Suiker | 20% |
| Tee | 131% |
| Melk | 40% |

Voedsel is die belangrikste item van uitgawe en verswelg feitlik die hele beskikbare deel van die familieinkomste. Die gemiddelde uitgawe aan die minimum voedsel vir 'n gesin van 5 beloop 87% van die beraamde gesinsinkomste (1950). Die vergelykende syfer in 1944 was 76%.

Die beraamde maandelikse uitgawe aan klerasie vir 'n gesin van 5 was £1. 15. 8 in 1944 en £2. 5. 11 in 1950, 'n vermeerdering van £1. 0. 3.

Tabel VIII dui aan die verhogings in die inkomste en uitgawes van 'n gesin vir die jare 1944 en 1950.

Tabel VIII. Verhogings van inkomste en uitgawes.

| Jaar. | Johannesburg Inkomste | Johannesburg Uitgawes | Ander Randse dorpe. Inkomste | Ander Randse dorpe. Uitgawes. |
|---|---|---|---|---|
| | £. S. D. | £. S. D. | £. S. D. | £. S. D. |
| 1944 | 9 18 1 | 12 18 6 | 9 7 9 | 11 0 11 |
| 1950 | 12 16 6 | 17 14 4 | 12 6 6 | 15 18 3 |
| Persentasie vermeerdering. | 29.5 | 37 | 31.3 | 44 |

Daar is dus 'n groot gaping tussen inkomste en uitgawes soos volg:

Tabel IX.

Verskil tussen inkomste en uitgawes.

| | Johannesburg | | | Randse Dorpe. | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | £. | S. | D. | £. | S. | D. |
| Maandelikse gesinsuitgawes. | 17 | 14 | 4 | 15 | 18 | 3 |
| Gesinsinkomste | 12 | 16 | 6 | 12 | 6 | 6 |
| Nadelige Saldo | 4 | 17 | 10 | 3 | 11 | 9 |

Van hierdie nadelige saldo skryf Wix die volgende: "It will be wondered how the gap between income and expenditure is dealt with. Additional money may be earned by taking in lodgers, or by illicit brewing. It is also suggested that additional income is obtained from the sale of stolen goods, gifts and loans from relatives help to tide families over difficult times. A family may rent by living in one room instead of two, and savings may be effected on food, clothes, fuel and cleansing materials. It means that even the bare standard of decency for which these estimates have made provision, cannot then be maintained." (34)

Om siel en liggaam dus aanmekaar te hou moet die Bantoe in die stad gebruik maak van middele wat soms onwettig en onhigiënies is en wat aanleiding gee tot ondervoeding. Hierdie leefwyse werk misdaad in die hand.

oooOOOooo

(34) Wix. E. : The Cost of Living: S.A. Institute of Race Relations. Johannesburg 1951. Bladsy 21.

# Hoofstuk VI.

## Gewoontes en eienskappe van die Bantoe-jeugmisdadiger.

(35).

Die Randse Bantoe-jeugmisdadiger staan deurgaans bekend as die 'tsotsi'.

Die woord Tsotsi beteken 'n broek waarvan die onderste gedeeltes van die broekspype nou is d.w.s. dit is skerpgemaak of "getsotsify". Die woord beteken ook 'n jeugdige naturel wat die mode van die „skerp broek" volg.

Die jeugmisdadigers aan die Verbeteringskool vir naturelleseuns te Diepkloof, Johannesburg, verklaar dat die sensasiefilm "Stormy Weather" (1945) verantwoordelik is vir die benaming, want hierdie film het 'n aantal dansende negers vertoon wat gekleed was in roomkleur broeke, waarvan die pype gesny was in die vorm van bottels. Die soort broek was bekend as 'n "Zoot". Na die patroon van hierdie broek dus, is die tsotsibroek gesny.

C.V. Bothma, dosent aan die Bantoekundeafdeling van die Universiteit Pretoria, gee weer die volgende verklaring van die woord "tsotsi". Hy skryf: „In werklikheid is hierdie woord afgelei van of Suid-Sotho ho tsotsa (om skerp te maak) of van "zoot suit" na aanleiding van die Amerikaanse "zoot suit" bendes, wat 'n soortgelyke mode nagevolg het. Tsotsing, motsir en motsing is verdraaide vorme waarin die woord in die Flaaitaal of Tsotsi-"slang", die geheimtaal van die tsotsigemeenskap, voorkom. "Flaaitaal" beteken eintlik „oorlamse taal" en is afgelei

(35) Tensy anders vermeld, is al die gegewens in hierdie Hoofstuk verkry deur ondervraging van Bantoe-jeugmisdadigers.

van die engelse woord "fly" wat beteken geslepe, oulik, slu ens. Die woorde "bratas", "morongas" (albei afgelei van Engels "brother") en "mannes" het dieselfde betekenis, hoewel hulle eintlik meer die misdadige element in die gemeenskap aandui. 'n Werklike misdadige tsotsi, soos ons vandag die woord verstaan, is bekend as 'n "Majita" of "Majika" afgelei van "Magic Garden" die naam van 'n bioskoopfilm waarin die lewe van misdadigers uitgebeeld word. (magic garden - majika - majita)". (36)

Die organisasie van die tsotsibendes in Johannesburg is soos volg: Die leier is bekend as die "Bigshot", die onderleier die "Spy" of "Eyekeeper", en die lede van die bende enigeen van die volgende nl. Brigade, Mannes, Tjommies, Morongas, Majikas en Mediums. Hierdie groot aantal woorde is daaraan toe te skryf dat die Flaaitaal gedurig besig is om te verander. Dit verskil plaaslik en ook tussen stede. Die doel is dat niemand van buite die taal moet aanleer nie. Elkeen wat 'n nuwe woord „uitgevind" het, lê dit in die midde en so kom dit van mond tot mond in omloop.

(1)Grootte van Bendes.

Daar bestaan geen vaste ledetal vir bendes nie. Die jongere groepe (11 - 13 jaar) is taamlik groot, want dit het ontwikkel uit die speelgroep, maar blykbaar is die gemiddelde ledetal van 'n bende van 20 tot 25. Bendes word kleiner hoe ouer die lede word want daar vind gedurig uitdunning plaas om die volgende redes:

(a) Lede tree in vaste werk.

(36) Sabra: Tydskrif vir Rasse Aangeleenthede: No. 2 Jan., 1952. Pro Ecclesia. Stellenbosch. C.V. Bothma: Die Aard en Ontstaanoorsake van Tsotsibendes soos gevind in die stedelike gebiede van Pretoria. Bladsy 24.

(b) Ander word in hegtenis geneem en dien strawwe uit of word na 'n verbeteringskool gestuur.

(c) Party se ouers wissel dikwels van woonplek.

(d) Party loop weg van hulle ouerhuise.

(e) Ander weer is voortvlugtend vir die polisie vir reeds gedane misdade.

Dit veroorsaak dat die „gevorderde" bende klein is, nl. 4 tot 6 lede. So'n bende is 'n hegte eenheid wat dan ook ver gevorder het op die weg van misdaad en net „groot sake" behartig.

Die tsotsibendes trek hulle lede uit die breë stedelike Bantoe-gemeenskap; leerlinge, rondlopers, deeltydse werkers en selfs gereelde werkers, hoewel baie min van laasgenoemde.

Die deeltydse se werker is die een wat pakkies dra op die mark of stasie, motorkarre op straat oppas, gholfstokke dra ens. Hierdie deeltydse werker win waardevolle informasie in vir sy bende, want die gebied waar hy werk is ook die terrein waar sy bende sy misdade pleeg. Die misdade begin gewoonlik met klein oortredinge, maar die sukses wat die bende behaal, dryf altyd tot groter waaghalsigheid.

'n Ander deel van die bende werk eenvoudig net nie, want vir hierdie groep het gereelde werk en vaste besoldiging geen aantrekkingskrag nie.

<u>(ii) Onderwys:</u>

Dit is nie moontlik om vas te stel hoeveel Bantoe-jeugmisdadigers onderwys ontvang nie. Dat groot getalle van hulle geledere egter uit die skoolbevolking en veral die nie-skoolbevolking getrek word, is 'n feit.

Die gevorderde bendes sluit in baie persone wat middelbare skoolonderwys ontvang het, en hulle reken dat enige tipe handewerk

benede hulle waardigheid is, en omdat hulle 'n standerd 6 kursus deurloop het, hulle nou ten volle opgelei is vir kantoorwerk of "collar jobs" soos hulle dit noem. Omdat sodanige "collar jobs" hoofsaaklik deur blankes gedoen word, is hulle „werkloos" en begin hulle steel. Dit is hierdie „geleerde" tipe wat ook op die jonger groepe neersien en hulle uitskel vir "non clevers."

(iii) <u>Eienskappe van die Tsotsi.</u>

(1) Die tsotsies het almal dieselfde sosiale en kulturele agtergrond omdat hulle uit gebiede afkomstig is waar al die huisies eners gebou en die loongroepe min of meer homogeen is.

(2) Die tsotsi is 'n liefhebber van die bioskoop en vorm sy lewe en dade na die van die akteurs.

(3) Hy is jeugdig in die sin dat sy ouderdom wissel tussen 11 en 25 jaar.

(4) Hy erken geen ouerlike gesag of gesag van sy eie mense nie. Hy sal selfs die polisie uittart.

(5) Hy ken Flaaitaal. Dit is, soos reeds gemeld, 'n soort geheimtaal waardeur die tsotsies eksklusiewe gesprekke kan voer sonder dat ander kan verstaan wat hulle praat.

(6) Hy het baie oortredings op sy kerfstok. Die 700 jeugmisdadigers wat in die Verbeteringskool te Diepkloof aangehou word, het 2037 oortredings begaan, m.a.w. die meeste van hulle was al drie keer deur die Hof gevonnis. Vir die jeugmisdadiger van die Rand en Pretoria is die aantal oortredings nog hoër.

(7) Sy geliefkoosde oortredings is huisbraak en diefstal, want 70% van hulle verkies hierdie tipe misdaad.

Uit 'n groep van 827 jeugmisdadigers te

Diepkloof is die misdaadverspreiding soos volg:

| | |
|---|---|
| Huisbraak en Diefstal | 616 |
| Aanranding | 95 |
| Rowery | 50 |
| In besit van Dagga | 51 |
| Verkragting | 36 |
| Strafbare Manslag | 27 |
| Moord | 15 |
| Vervalsing | 7 |
| Totaal oortredings | 887 |

(8) Daar is iets met sy ouers verkeerd in die sin dat hulle dood of geskei is of dat hy gladnie by hulle grootgeword het nie, soos onderstaande tabel aantoon:

| | |
|---|---|
| Vader leef alleen | 39 |
| Moeder leef alleen | 181 |
| Beide ouers leef | 305 |
| Ouerloos | 64 |
| Woon by grootmoeder | 24 |
| Woon by grootvader | 5 |
| Woon by beide grootouers | 22 |
| Woon by suster | 15 |
| Ouers geskei | 92 |
| Stiefouers | 45 |
| Pleegouers | 45 |
| Ongereelde woonplek | 99 |
| Totaal | 936 |

Uit 936 gevalle het slegs 305 d.w.s. minder as 1 uit elke 3, by hulle ouers ingewoon, en dikwels is hierdie ouerpaar weens ekonomiese druk, ook nog altwee daagliks in die werk en is die kind aan homself oorgelaat.

(9) Fisies is die tsotsi goed ontwikkeld en kan eerder bo as gelyk met die gemiddelde wees.

(10) Gebrekkige onderwys speel 'n oorsaaklike rol in sy misdaadgeskiedenis soos die volgende

tabel aantoon vir 400 jeugmisdadigers te Diepkloof. (Onuitgesoek).

| | |
|---|---|
| Sub. A. | 3% |
| Sub. B. | 13.5% |
| Std. I. | 18.0% |
| Std. II. | 13.0% |
| Std. III. | 8.0% |
| Std. IV. | 8.5% |
| Std. V. | 3.0% |
| Std. VI. | 2.0% |
| Std. VII. | 1.5% |
| Std. VIII. | 0.0% |
| Std. IX. | 0.0% |
| Std. X. | 0.5% |

Hier word aangetoon dat onderwys wel 'n weldadige invloed op die Bantoekind uitoefen. Bogenoemde gegewens kan egter ook aantoon dat die kind met 'n stabiele huislike agtergrond, waar die ouer wel daarvoor sorg dat hy die skool gereeld bywoon, en nie doelloos rondslenter nie, nie so maklik tot misdaad verval nie.

(11) Verstandelik is die tsotsi bo die gemiddelde reservaat Bantoe soos blyk uit onderstaande Tabel X waar vergelykende prestasies vir toesighoudende Bantoes in die myne ("bossboys") en leerlinge van die Diepkloof-verbeteringskool aangegee word. Dit is die prestasies deur hulle behaal in 'n battery van 9 aanleg toetse.

## Tabel X. (37)

Resultate van 'n Battery doentoetse soos saamgestel deur die Nasionale Instituut vir Personeelnavorsing, toegepas op Bantoes vir die Myne en leerlinge te Diepkloof Verbeteringskool.

| | TOESIGHOUDENDE BANTOES IN MYNE. | | | DIEPKLOOF-VERBETERINGSKOOL LEERLINGE. | | | VERSKILLE IN GEMIDDELD. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| TOETS. | Gemiddeld | Standaard Afwyking | Aantal | Gemiddeld | Standaard Afwyking | Aantal | |
| Vormborde | | | | 35.872 | 12.624 | 253 | |
| Eerste Sorteer-toets. | 96.6 | 35.0 | 112 | 118.611 | 40.350 | 253 | + 22.011 |
| Tweede Sorteertoets | 77.1 | 35.6 | 206 | 105.014 | 37.439 | 253 | + 26.728 |
| Blok Konstruksie | 26.7 | 12.2 | 257 | 29.944 | 16.428 | 253 | + 3.244 |
| Meganiese Penbord | 16.7 | 7.4 | 102 | 19.522 | 7.905 | 253 | + 2.822 |
| Driepoot same-stelling. | 38.4 | 13.9 | 95 | 37.784 | 15.748 | 253 | - .616 |
| Assosiasietoets | 9.6 | 5.1 | 557 | 17.606 | 5.830 | 253 | + 8.006 |
| Wiggly Blokke | 10.2 | 5.1 | 554 | 10.176 | 5.124 | 253 | - .024 |
| Kohs Blokke | - | - | - | 36.615 | 14.100 | 253 | - |

(37) Toetse toegedien deur Mnr. W. Naudé, Sielkundige, Grootvlei Goudmyne, Springs.

(12) Huislike omstandighede. Hy kom gewoonlik uit 'n oorbewoonde huis in 'n agterbuurt.

Van 'n groep van 400 onuitgesoekte jeugmisdadigers te Diepkloof is die volgende gevind:

40% kom uit huise wat slegs 1 vertrek besit.
19% kom uit huise wat 2 vertwekke besit.
26% kom uit huise wat 3 vertrekke besit.
14% kom uit huise wat 4 vertrekke besit.
1% kom uit huise wat 5 vertrekke besit.

(13) Die ontwikkeling van sy huismense is primitief en agterlik want hulle is merendeels gewone arbeiders wat nooit skoolgegaan het nie. Die gemiddelde inkomste van die gesin, waarvan die Diepkloof-leerling lid is, is £9. 3. per maand. Die hoof van die huisgesin dus, is gewoonlik slegs 'n gewone arbeider, wat swak besoldig word, in vergelyking met sy eie kind wat, nadat hy die Diepkloof Verbeteringskool verlaat en gewillig is om te werk, 'n loon van £3 per week in die fabriek ontvang.

(14) Hy het of geen toekomsplanne nie of hulle is onbepaald.

(15) Hy is 'n ongekende leuenaar en dief en bots met gesag.

(16) Hy rook dagga as hy dit kan kry.

(17) Hy is baie suggestief.

Soos die meeste euwels het die tsotsibendes gekom om te bly en uit te brei. Dit omvat tans die hele Randse en Pretoriase Bantoegebiede. Die tsotsieidee is bevorder deur die bioskoop in 'n gemeenskap, wat sosiaal ryp daarvoor is en waar jeugmisdaad bykans 'n noodwendigheid geword het. Die feit dat bendes van een stad in 'n ander stad opereer, het die tsotsibendevorming sterk gestimuleer.

Tsotsibendes word langs die hele Rand aangetref d.w.s. vanaf Randfontein tot by Springs.

Hieruit moet nie afgelei word dat alle jeugmisdadigers van die tsotsibendes afkomstig is nie. Jeugmisdaad word ook deur indiwidue gepleeg sonder enige groepsverband terwyl die plattelandse Bantoe-bevolking ook sy kwota jeugmisdadigers lewer.

ooo000oco

# Hoofstuk VII.

## Die Bantoe se sienswyse insake misdaad, asook die aard, omvang en oorsake van Bantoe Jeugmisdaad.

### A. Die Bantoe se sienswyse oor Misdaad gestel teenoor die van die Blanke.

Die stedelike Bantoe-bevolking het 'n blywende faktor van die blanke se ekonomiese lewe geword. Alhoewel hy hierby ingeskakel is, ondervind hy nog moeilikheid om hom aan te pas by hierdie nuwe sosiale en ekonomiese lewe. Die lewe en sosiale toestande van die stam verskil radikaal van die stedelike toestande, en die Bantoe is gevolglik gedurig besig om die sosiale waardes van die stamlewe te wysig om aan ta pas by die blanke beskawing waarin hy hom nou bevind.

Stamsankies in die sosiale organisasie van die Bantoe het 'n baie doeltreffende kontrole op die gedrag van die individu uitgeoefen. Hierdie sosiale kontrole het hom laat geld deur middel van die openbare mening as 'n geheel en ook deur die patriargale gesag, deur die Stamraad en voorvaderaanbidding.

Ook word geglo dat die geeste van die afgestorwe voorouers hulle bemoei met die alledaagse dinge en daarom ook kwaaddoeners kan teregwys.

Nou word gevind dat antisosiale dade deur die Bantoe afgekeur word, nie soseer omdat sulke handelinge immoreel is nie, maar omdat hulle die normale Bantoe-lewe skaad of onmoontlik maak.

Die ekonomiese en sosiale toestande, wat onder blanke invloed in die

Bantoe-dorpe heers, het feitlik baie van die stamsankies vernietig. Die wet van die Witman is vreemd en baie keer onverstaanbaar vir die reservaat Bantoe, wat na die stad gekom het om daar 'n heenkome te vind. Wette wat betrekking het op Bantoe-passe, belastings, die toevloei van Bantoe tot stedelike gebiede, word merendeels slegs onduidelik verstaan deur die massas ongeletterde Bantoes, wat na die stede verhuis.

Wette word aangeneem en toegepas, maar die Bantoe op wie die wette betrekking het, verstaan hulle nie of word verplig deur ekonomiese redes om hulle te oortree. So word gevind dat die drankwette wat die maak van bier verbied, met die stamgewoontes bots, waar die brou en drink van kafferbier 'n belangrike deel van die tradisionele, godsdienstige en sosiale funksies uitmaak. (38)

Gedurende die jare 1939, 1940, 1941 is aan 273,790 Bantoes vonnisse opgelê weens oortreding van die paswette. In 1948 is 79,268 Bantoes (waarvan 41,030 vrouens) gevonnis weens oortreding van die drankwette. In 1943 is 33,217 Bantoes gevonnis vir oortreding van die Wet op Stedelike Gebiede, 21,425 weens oortreding van die Bantoe-belastingwet en 20,546 vir die oortreding van die regulasies van die Bantoe-arbeidswet.

Groot getalle Bantoes kom dus jaarlikse in botsing met die pas- en ander wette, en baie van hulle moet dan tronk-toe gaan om daar kennis te maak met die gewoontemisdadiger en die geharde tronkvoël.

"The enforcement of the "Pass Laws", Urban Areas Act, Liquor Laws and similar legislation applying only to Natives has fostered

(38) Sabra: Journal of Racial Affairs. No. 2. Jan. 1951. Pro Ecclesia. Stellenbosch. L.I. Venables: Crime in Johannesburg. Bladsy 8.

an unhealthy resentment and contempt for authority and incidently has created new methods of circumventing and evading authority.

Many Natives who would otherwise be honest citizens find it necessary to circumvent the Pass Laws, Liquor Laws and other legislation, peculiar to them. (39)

Hierdie ontduiking van die gereg word nie deur die Bantoes as 'n verkeerde of immorele daad beskou nie, maar bevorder slegs minagting vir die Witman se wette. Die gevolg is dat hy geen respek koester vir enige wetgewing, wat hy as beswarend en onnodig beskou nie. Dit is duidelik dat waar 'n bevolking min ontsag vir sekere aspekte van die wet besit, hy vroeër of later alle aspekte van die wet soos diefstal, aanranding, rowery en selfs moord minag.

Bantoe Ngakana, afgevaardigde van die "Joint Council of Africans and Europeans" na die Konferensie oor Stedelike Bantoe-jeugmisdaad gehou te Johannesburg op 10-12 Oktober 1938, het die volgende getuienis afgelê: "In Johannesburg one can say that in the urban area a lot of the Bantu people cannot live honestly and it is not possible to bring up honest children. It is quite the custom in town for a boy to carry from the store goods he has taken. <u>We do not call it stealing the goods he has taken</u>. He sells them, and with the proceeds he is able to help his parents." (40)

(40). Minutes of a Conferehce on Urban Juvenile Native Delinquency held at Johannesburg from 10th to 12th Oct., 1938. Discussion: Rehabilitation of Bantu Home Life. (M. Ballinger).

Uit                    Uit aangehaalde verklaring is dit baie duidelik dat diefstal deur kinders oogluikend deur ouers toegelaat en selfs aangemoedig word !

Die rede hiervoor is dat by die stedelike Bantoe-bevolking daar nog geen openbare mening bestaan wat diefstal en ander misdaad by die kind afkeur nie.

## B. Aard van Bantoe-jeugmisdaad.

Gegewens in Tabel XI (41) is verskaf deur die Kindersorgkommissarisse van Johannesburg, Krugersdorp, Randfontein, Boksburg, Benoni, Brakpan en Springs, en toon aan die aantal jeugdiges wat in die jare 1949, 1950 en 1951 in die Randse Kinderhowe vir die gespesifiseerde misdade skuldig bevind is. Die gegewens vir Germiston kon nie verkry word nie, asook dié van Roodepoort.

Die Tabel is opgestel in dalende orde met diefstal (algemeen) bo aan die lys en diefstal (motorkarre) as die minsvoorkomende misdaad.

Tabel XI. (41)

Verspreiding van Jeugmisdaad aan die Rand.

Bantoes.

| | Seuns | | | Dogters. | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1949 | 1950 | 1951 | 1949 | 1950 | 1951 |
| Diefstal | 578 | 496 | 479 | 105 | 111 | 90 |
| Aanranding | 203 | 269 | 243 | 55 | 37 | 40 |
| Huisbraak en Diefstal | 167 | 203 | 175 | 3 | 10 | 5 |
| Oortreding van Spoorwegregulasies. | 107 | 166 | 50 | - | - | - |

Tabel XI. (Vervolg).

| | Seuns | | | Dogters. | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1949 | 1950 | 1951. | 1949 | 1950 | 1951 |
| Rowery | 76 | 130 | 99 | 1 | 7 | 1 |
| Ander oortredings | 56 | 53 | 64 | 14 | 10 | 8 |
| Besit en rook van Dagga | 41 | 78 | 67 | - | - | - |
| Verkragting | 39 | 67 | 61 | - | - | - |
| Bedelary | 39 | 12 | 3 | - | - | - |
| Dobbel | 35 | 35 | 15 | - | - | - |
| Steurnis verwek. (Disturbance). | 25 | 14 | 16 | 17 | 9 | 6 |
| Moord | 21 | 34 | 31 | 1 | 1 | 3 |
| Openbare geweld. (Public Violence). | 21 | 1 | 16 | - | - | - |
| Oortreding van Munisipale Bywette. | 18 | 49 | 78 | 1 | 9 | 18 |
| Dronkenskap en in besit van Drank. | 17 | 11 | 38 | 14 | 18 | 9 |
| Veediefstal | 15 | 15 | 18 | - | - | - |
| In besit van gevaarlike wapens | 15 | 9 | 9 | - | - | - |
| Kwaadwillige beskadiging van Eiendom | 14 | 11 | 21 | 7 | - | 2 |
| Vervalsing en Bedrog | 14 | 7 | 11 | - | - | - |
| Manslag | 7 | 9 | 19 | - | 2 | 1 |
| Diefstal (Motors) | - | - | - | - | - | - |
| Poging tot Moord. | - | - | 7 | - | - | - |
| Totaal | 1508 | 1569 | 1520 | 218 | 214 | 183 |

Tabel XI.(a)

Verspreiding van Jeugmisdaad aan die Rand.

Blankes.

| | Seuns | | | Dogters. | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1949 | 1950 | 1951 | 1949 | 1950 | 1951 |
| Diefstal | 171 | 199 | 186 | 10 | 13 | 10 |
| Aanranding | 52 | 67 | 59 | 3 | 2 | - |
| Huisbraak en Diefstal | 51 | 175 | 67 | - | 1 | - |
| Oortreding van Spoorweg-regulasies | 3 | 9 | 4 | - | - | - |
| Rowery | 11 | 6 | 10 | 2 | - | - |
| Ander Oortredings | 65 | 81 | 43 | - | - | - |
| Besit en rook van Dagga | 1 | 3 | 9 | - | - | - |
| Verkragting | 3 | 1 | 3 | - | - | - |
| Bedelary | - | - | - | - | - | - |
| Dobbel | - | - | - | - | - | - |
| Steurnis verwek (Disturbance) | - | 15 | - | - | - | - |
| Moord | 1 | 2 | 1 | - | - | - |
| Openbare geweld (Public Violence) | - | - | - | - | - | - |
| Oortreding van Munisipale bywette | 29 | 20 | 18 | - | - | 3 |
| Dronkenskap en in besit van Drank | 4 | 9 | 17 | 1 | 2 | 2 |
| Veediefstal | 8 | 4 | 5 | - | - | - |
| In besit van gevaarlike wapens | 1 | 4 | 2 | - | - | - |
| Kwaadwillige beskadiging van Eiendom | 18 | 37 | 43 | - | - | - |
| Vervalsing en Bedrog | 5 | 10 | 6 | - | 2 | 1 |
| Manslag | 2 | 2 | 4 | - | - | - |

Tabel XI.(a). (Vervolg).

Verspreiding van Jeugmisdaad aan die Rand.

Blankes.

| | Seuns | | | Dogters. | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1949 | 1950 | 1951 | 1949 | 1950 | 1951 |
| Diefstal (Motors) | - | 4 | 34 | - | - | - |
| Poging tot Moord | 1 | - | - | - | - | - |
| Totaal | 425 | 648 | 511 | 16 | 20 | 16 |

Die volgende feite spreek uit die tabel.

(1) Seuns teenoor dogters.

Vir elk van die jare waarvoor die gegewens verstrek is, kom misdadigheid baie meer by seuns as by dogters voor, by Bantoes sowel as by blankes.

Die volgende getalle vertolk dit verder. Die getalle dui aan watter persentasie dogters was van alle jeugmisdadigers vir die betrokke jaar.

| Jaar. | Bantoes | Blankes. |
|---|---|---|
| 1949 | 12.6 | 3.6 |
| 1950 | 12.0 | 3.0 |
| 1951 | 10.9 | 3.0 |

Hieruit blyk duidelik dat omtrent 1 uit elke 8 Bantoe-jeugmisdadigers van die vroulike geslag is en omtrent 1 uit elke 30 blanke jeugmisdadigers 'n meisie is.

(2) Blank teenoor Bantoe.

Vir 1951 was daar 0.4% jeugmisdadigers uit 'n Bantoe-bevolking van 426,432 en 0.15% jeugmisdadigers uit 'n blanke bevolking van 363,884.

Uit bogenoemde wil dit dus blyk dat jeugmisdaad omtrent 3 keer soveel by Bantoes as by blankes. voorkom.

(C) Omvang van Verskillende vorme van Misdaad. (3 jaar).

Die misdade wat die meeste gepleeg word, is diefstal, aanranding, huisbraak en diefstal.

By Bantoes oortref aanranding huisbraak en diefstal en by blankes oortref huisbraak en diefstal weer aanranding.

Dit kan maklik verklaar word uit die hoër opvoedkundige peil van die blanke wat nie so maklik baklei nie en die stamgebruik van die Bantoe wat diefstal van 'n ander stam as 'n eer beskou.

Openbare geweld word slegs deur Bantoe-seuns gepleeg en motordiefstal alleen deur blanke seuns. Jeugdige Bantoes kan egter nie 'n motor bestuur nie.

Bedelary sowel as dobbelary kom alleen by Bantoe-seuns voor. Die jeugdige Bantoe pleeg baie makliker moord as die blanke, terwyl die blanke seun weer baie meer geneig is tot kwaadwillige beskadiging van eiendom as die Bantoe.

(D) Toename van Sekere Misdade.

Hoewel dit moeilik is om op bogenoemde gegewens (slegs vir 3 jaar) sekere tendense van toename, afname of konstantheid

af te lei, is die vernaamste kenmerk van die aantal misdadigers vir spesifieke misdade, die veranderlikheid van jaar tot jaar.

Veediefstal by Bantoes (15, 15, 18) is betreklik konstant terwyl oortreding van munisipale bywette by Bantoe-dogters (1. 9. 18) en Bantoe-seuns (18. 49. 78) onrusbarend toeneem, terwyl dit vir blanke seuns afneem (29. 20. 18).

(E) Veelsydigheid van Bantoe-jeugmisdaad.

Van die 22 verskillende misdade in die tabel word 21 deur Bantoe-seuns gepleeg, 19 deur blanke seuns, 11 deur Bantoe-dogters en 7 deur blanke dogters.

Misdadigheid is dus oor 'n groter veld by Bantoe-kinders as by blanke kinders versprei. Die blanke maak hom dus aan minder soorte misdade skuldig as die Bantoe.

(F) Die Oorsake van Bantoe-jeugmisdaad.

I. Algemene Oorsake.

(a) Die snelle oorskakeling van die eenvoudige stamlewe na hoë blanke beskawing.

Jeugmisdaad is 'n groot probleem oral waar daar 'n snelle verandering in die sosiale lewe van nasies is. Die trek van 'n landelike bevolking na stedelike gebiede, of die druk wat 'n gevorderde kultuur uitoefen op 'n eenvoudige ras, gee aanleiding tot spannings en botsings, wat weer asosiale gedrag veroorsaak by mense wat hulle nie maklik kan aanpas aan die eise van die nuwe gemeenskap waarin hulle hul nou bevind nie.

(b) Die Verval van Stamlewe.

Soos alreeds aangedui is jeugmisdaad 'n betreklik jong verskynsel onder die Bantoe-bevolking. Dit was feitlik onbekend in die Bantoe-reservate, want die Bantoe-gemeenskap het die Bantoe-kind 'n deeglike opvoeding gegee. Die kind moes hand bysit by die oppas van die veekuddes en die skoffel van lande, hy moes help as die hutte gebou word, in die jagveld, en is geleer om sy meerderes te respekteer en te gehoorsaam.

In die Bantoe-dorpe egter, is daar 'n algehele verslapping van die tradisionele dissiplinering van die kind, want die rasse leef hier so deurmekaar, dat dit onmoontlik is om die stamgewoontes en seremonies soos byvoorbeeld die inisiasieskole te handhaaf. Vir die Bantoe-kind wat in die stad gebore en opgegroei is, het die stamgewoontes dus min betekenis en waarde.

(c) Die Gebrek aan 'n Sterk Gevormde Bantoe Publieke Opinie.

Die Bantoe volwassene besef nie sy verantwoordelikheid teenoor die kind nie, want hy beoefen self die euwels wat in die kind bestry moet word. Die stamkode van sedelikheid het net betrekking gehad op die stam, want dit was geoorloof om die naburige stamme te beroof en besteel.

Die openbare mening in die Bantoe-dorpe het dus nog geen gedragskode vir die Bantoe-kind vasgelê nie. met die gevolg dat hy ongedissiplineerd opgroei. (42).

(d) Gebrek aan Kontrole oor Bantoe-kinders.

Die Bantoe-ouer kan vandag, weens die gevolge van ekonomiese nood, baie min kontrole oor die kind uitoefen. Die grootste

(42) Minutes of a Conference on Urban Juvenile Native Delinquency at Johannesburg 10th-12th October 1938. Bladsy 4.

meerderheid van die Bantoe-kinders het eenvoudig handuit geruk en wil net nie gehoorsaam nie. As hulle deur die ouers getug word, loop hulle eenvoudig weg en sluit by die tsotsibendes aan. (43)

(e) Die Houding van die Bantoe teenoor misdaad onder blanke wette.

Poligamie, bierbrouery, daggarokery, diefstal van ander stamme e.d.m. is alles 'n inherente deel van die Bantoe leefwyse en opvoeding in die reservaat. Nou is dit strafbaar onder blanke wette.

Die wet word teenswoordig so wyd toegepas en so baie handelinge is nou strafbaar, dat vir die Bantoe vervolging en gevangenisstraf vir sekere sake geen stigma meebring nie. Vervolging insake onwettige drankhandel, oortreding van die paswette, nie-betaling van belasting (opgaaf) bring slegs ekonomiese nadeel vir hom mee, want tronkstraf beteken slegs verlies van werk en loon. Andersins egter, beskou hy gevangenisstraf as 'n onvermydelike euwel, wat die Witman op hom toepas en as geen skande nie. As dit die sienswyse van die ouers is, dan is dit geen wonder dat jeugmisdaad sulke groot afmeting aanneem nie.

By die Bantoe dus, is daar bykans geen afkeuring van misdaad nie en gevolglik is die openbare afkeur van misdaad en wangedrag afwesig by die Bantoe-gemeenskap as 'n geheel en dit bevorder jeugmisdaad.

II. Sosiale Oorsake.

(a) Die Ontbinding van die Huisgesin.

Daar word deur gesaghebbendes geskat dat ongeveer 27% van die getal Bantoes wat as man en vrou in die Randse Bantoe-dorpe saamleef, nie getroud is nie. Hierdie informele verbintenisse duur soms vir jare, maar hulle

(43) Hellmann, Ellen.: Rooiyard: A Sociological Survey of an Urban Native Slum Yard. Oxford Unv. Press. Cape Town. 1948. Bladsy 76.

is noodwendig onstabiel want baie keer word die vrou en die afhanklike kinders deur die man in die steek gelaat. In baie gevalle leef die man maar net saam met die vrou, want hy besit nog 'n vrou en kinders in die reservaat. Baie keer is dit onmoontlik om die lobola vir die tradisionele huwelik te betaal. Dit is slegs in Natal en Soeloeland moontlik om 'n huwelik, aangegaan volgens Bantoe-gewoonte, te registreer en dit maak dit moontlik vir 'n Bantoe-man en -vrou om onder stedelike omstandighede die indruk te skep dat hulle wel getroud is. Die lobolabeeste is die bewys in Bantoe-reg van die egtheid van 'n huwelik, maar in die Bantoedorpe is hierdie vorm van bewys nie vertoonbaar nie. En omdat die man nie die lobola of kontant kan lewer nie, vind losse, informele verbintenisse plaas. Die gevolg van so'n verbintenis is voortdurende verandering, want die man voel geen verantwoordelikheid teenoor die vrou nie. Die verlate vrou weer, soek so gou moontlik 'n ander lewensmaat, om haar en haar kinders, tydelik altans, te versorg. Die moontlikheid bestaan dus dat so'n huisgesin 'n reeks van tydelike opeenvolgende vaders kan besit !

Die vlottende eienskap van 'n groot gedeelte van die manlike Bantoe-arbeid in die stede benadruk die onstabielheid van die huislike lewe. Baie Bantoe-vroue het die reservate verlaat om hulle mans te kom soek, of om 'n bestaan in die stede te maak deur middel van onwettige bierhandel of prostitusie. Dit is vanselfsprekend dat kinders uit sulke tydelike verbintenisse gebore, gewoonlik verwaarloos word.. Hulle is onwelkom en word baie keer as 'n oorlas beskou. Hulle word nie in die skool geplaas nie ne daar is niks tuis om by die kind goeie gewoontes aan te kweek nie.

Van die opgebreekte huis of onstabiele huisgesin en jeugmisdaad skryf Phelps soos volg: "Other studies confirm the rare association between normal home conditions and delinquency. They conclude (i) that the majority of criminals and delinquents come from broken homes; and (ii) that the percentage of broken homes in delinquent groups exceeds by the percentage in the general populations. In one group of 145 prisoners, 68% were from broken homes. In a group of 11.176 cases before the probation department of the New York Children's Courts 56% were from broken homes. Shideler estimates that 25% of the children of this country live in homes broken by death, desertion, separation, or divorce, but that among delinquents this proportion varies from 40 to 70%." (44)

In die studie wat die Gluecks van 500 jeugmisdadigers gemaak het, is vasgestel dat 84% van hulle uit "abnormal and deleterious home situations" kom. (45)

Uit 839 leerlinge in die Diepkloof-verbeteringskool wat in 1950 en 1951 deur magistrate daarheen verwys is, het slegs 305 uit huise gekom waar die ouers nog bymekaar is, m.a.w. 63% kom uit onstabiele of opgebreekte huise.

(b) Bendevorming.

Die belangrikste kenmerk van die stedelike Bantoe-gemeenskap is sosiale disorganisasie en disintegrasie.

Die verskuiwingsproses was te

(44) Phelps. H.A. : Contemporary Social Problems. Revised Edition. Prentice Hall Inc. New York. 1942. Bladsy 636

(45) Gluecks: 500 Criminal Careers. 1930. Alfred A. Knopf. New York. Bladsy 117.

snel om dit te assimileer en intussen het die tradisionele Bantoe-instellinge verlore gegaan. Die ouers is nie in staat om vir hulle kinders die nodige leiding te gee' nie, want die kinders is gewoonlik beter vertroud met die Westerse kultuur en leefwyse as hulle ouers en hierdie onvermoë van die stedelike Bantoe om sy kinders te beheer, moet beskou word as die vernaamste faktor in die bendeprobleem en dit is die gevolg van te vinnige en te oppervlakkige verwestering van die stedelike Bantoe.

'n Ander faktor wat hiermee ten nouste saamhang is die toestand binne die stedelike Bantoe-gesin: enige toestand wat bydra tot die verwaarlosing van die kind, het as natuurlike gevolg dat die kind sy belangstelling in die gesinslewe verloor en tevredenheid buite die huislike atmosfeer gaan soek. Sulke toestande is byvoorbeeld die armoede as gevolg waarvan moeders gedwing word om 'n verdienste buite hulle huislike kring op te neem, onvolledige gesinne, as gevolg waarvan daar baie vader- en/of moederlose kinders in die lokasies is, en die behuisingstekort as gevolg waarvan die beskikbare huise oorbewoon word en kinders gevolglik soms saans uit die huis uitgejaag word om buite te gaan speel ten einde meer ruimte aan die volwassenes te laat. (46)

Die vorming van bendes word nog verder gestimuleer deur werkloosheid wat onder die lokasiejeug heers. Die onderwys wat die Bantoe-kind op skool ontvang is van so'n aard dat hy daar weinig gebruik van kan maak om 'n

(46) Bothma. C.V. : Die Aard en Ontstaan van Tsotsibendes in Pretoria. Tydskrif vir Rasse Aangeleenthede. (Sabra) Pro Ecclesia. Stellenbosch. No. 2. Jan. 1952. Bladsy 34.

bestaan te vind. Hy verlaat die skool met net genoeg opleiding om hom afkerig van enige handearbeid te maak, en ons vind gevolglik dat hy uit alle beroepe, met uitsondering van die groep bodes, uitgesluit word deurdat hy dit as ongeskik vir hom beskou of deurdat die werkgewers hom as ongeskik vir die werk beskou. „Geskikte" werk is dus uiters skaars en werkloosheid is die logiese gevolg. Die feit dat die stedelike Bantoe-gemeenskap reeds versoen is met die idee dat die jeugdige lokasie-Bantoes gewoonlik werkloos is, dra verder daartoe by, dat hulle geen besondere begeerte het om werk te vind nie, en werkloosheid nie as 'n skande beskou nie, maar die verantwoordelikheid daarvoor plaas op die skouers van blankes, wat vir hulle die deur na onbeperkte werkgeleentheid sluit. Daardeur word die blanke vir hulle 'n gemeenskaplike vyand en word hulle samehorigheidsgevoel versterk.

Met hierdie toestand van werkloosheid in swang, gepaard met 'n gevoel van frustrasie is bendevorming 'n noodwendige gevolg.

Willemse skryf: „Minstens 'n derde van alle manlike misdadigers het, veral tussen die ouderdom van 12 en 18 jaar, een of ander soort misdadigheidsgroep of bendelewe deurgemaak en van die verderflike gemeenskap blywende indrukke behou. Dit is of die jongmens weer die primitiewe jag-en-hordestadium van die menslike ontwikkeling herhaal. En dit skyn of juis misdadiggeneigde seuns nog sterker bevange raak in die dros- en bendegees as gewone jongmense. Sulke groepe het soms 'n vreesaanjaende naam, gewoonlik ontleen van ons ligsinnige bioskoopwêreld of "Wild West" stories, en so word mekeikolewe gespeel: dit gee reuse bevrediging

en die halfsluimerende trek- en jaginstinkte aan die sterk ontluikemde groepgees, en lesbes verskaf dit 'n geleentheid om geld, sigarette, soms wapenmateriaal, eetware e.d.m. in hande te kry." (46)(a)

Die invloed van die groep of bende kan nie ontken word nie. Die indiwidualiteit van die kind word in die bende opgeneem en dade word gepleeg wat nie sou plaasgevind het as die kind alleen was nie. (47)

Die volgende gegewens is verkry van die rekords van 'n groep onuitgesoekte jeugmisdadigers in die Diepkloof-verbeteringskool:-

| Misdaad. | Getal skuldig bevind. |
|---|---|
| Moord | 15 |
| Aanranding | 95 |
| Strafbare Manslag | 27 |
| Rowery | 50 |
| Verkragting | 36 |
| Huisbraak & Diefstal | 616 |
| Totaal | 839 |

Van hierdie 839 jeugmisdadigers is daar 370 wat in 'n grpep van twee of meer die misdade gepleeg het d.w.s. 44%

"It does however, judging from the available evidence, appear indisputable that gangs exist and that the main activities of most gangs are gambling, drinking and dagga smoking. Gangs are composed of non-school-goers. The teachers assert that any school-child, who joins

(46)(a) Willemse. W.A. & Rademeyer. I. : Kriminologie: Afrikaanse Pers. Pretoria. 1933. Bladsy 40.

(47) Bagot. J.H. : Juvenile Delinquency. Jonathan Cape. London. 1941. Bladsy 58.

a gang, soon ceases to go to school.
In all locations, and especially Sophiatown, many robberies and assaults are attributed to gangs." (48)

(c) Ledigheid en Werkskuheid.

Vrywillige ledigheid is die oorsaak van 'n groot deel onmaatskaplike gedrag. Dit het 'n demoraliserende uitwerking, en vroeër of later lei dit die kind tot misdaad. Hy sal eers hier leen en daar bedel, maar hierdie oneerlike lenery en bedelary ontaard maklik in misdaad, en so word hy 'n geslepe dief.

Ledigheid weens die afwesigheid van ontspanningsmiddels en speelvelde in die lokasie, speel 'n belangrike rol in misdadigheid. Miserabele strate, agterbuurtes en armsalige huise werk nie juis goeie gedrag in die hand nie.

Albertyn het gevind dat vir sowel blanke- as kleurlingoortreders die gebrek aan speelplek 'n baie groot faktor in die veroorsaking van wangedrag was. By blanke seuns het hierdie tekortkoming in die omgewing van 23% van die gevalle voorgekom; by blanke dogters in 15%; terwyl die persentasie by die kleurlingseuns en -dogters onderskeidelik 35% en 22.8% was. (49)

Baie Bantoe-kinders is ook ledig omdat hulle nie skoolgaan nie. Soos reeds gemeld is daar ongeveer 120,000 Bantoe-kinders op die Rand wat die heilsame skooldissipline moet

(48) Hellmann.E.: Problems of Urban Bantu Youth. S.A. Institute of Race Relations. Johannesburg. 1940. Bladsy 49.

(49) Albertyn. C.F. : Jeugmisdaad. Nas. Pers. Kaapstad. 1938. Bladsy 49.

verbeur, en dit gee aanleiding tot misdaad. Sommige doen wel loswerkies soos koerante verkoop en pakkies dra, maar weier om vaste en gereelde werk te aanvaar.

Die volgende gegewens omtrent skoolbesoek is verkry van 'n groep van 400 onuitgesoekte jeugmisdadigers aan die Diepkloof-verbeteringskool:

| | |
|---|---|
| Wat nooit skoolgegaan het nie | 29% |
| Wat in Substd. A was | 3% |
| wat in Substd. B was | 13.5% |
| wat in Std. I. was | 18% |
| wat in Std. II was | 13% |
| wat in Std. III was | 8% |
| wat in Std. IV. was | 8.5% |
| wat in Std. V. was | 3% |
| wat in Std. VI. was | 2% |
| wat in Std. VII. was | 1.5% |
| wat in Std. VIII. was | 0% |
| wat in Std. IX. was | 0% |
| wat in Std. X. was | 0.5% |

Daar was dus 29% wat nooit skoolgegaan het nie, en 76% het slegs tot Std. II gevorder. Hulle het dus probeer om skooldissipline so gou moontlik te ontduik.

(d) Dobbel, Drank en Dagga.

Jeugdiges word as helpers by sjebeens (onwettige drankhandel plekke) deur die „Skokiaan-koninginge" in diens geneem en hier leer hulle op vroeë leeftyd drink.

'n Groot gedeelte van die werklose Bantoe-kinders is daggarokers. Ongeveer £750,000 word jaarliks bestee om 300,000 pd. dagga aan te koop. Die helfte hiervan word op onwettige wyse die land uitgesmokkel; 40% deur die Kaapprovinsie; 7½ deur die Transvaal en die res deur Natal verbruik.

Ongeveer 2 miljoen persone, waarvan 1,200,000 Bantoes in Suid-Afrika rook en dryf handel met dagga. Daar is kinders van selfs 11 jarige leeftyd wat al dagga rook.

Die gemiddelde daggaroker se uitgawe aan rookgoed is 6/- per dag en meer as £100 per jaar, wat baie meer is as wat hy op 'n eerlike manier kan verdien. (50)

Feitlik al die Bantoe-jeugmisdadigers sal dagga rook as hulle dit kan kry.

Van dobbel skryf Phillips soos volg: "As a contributing factor in the manufacture of juvenile delinquents, gambling is of first importance. It has been estimated that between 500 and 1000 Native youths on the Reef are "runners" for Fah-Fee and other Chinese gambling games. Dice and card-playing for money are the sole financial supports for a considerable number. Older youths are betting on horse races.

Teachers mention cases of murder and violence caused by gambling on horses, cards and dice. They agree that boys who become runners of Chinese gambling games, lose their interest both in school and in regular employment." (51)

(e) Die Bioskoop.

Omdat die bioskoop al die menslike emosies behels, beeld hy nie alleen die liefde vir avontuur, moed, dapperheid en ander algemeen aanvaarde deugde uit nie, maar ook die

(50) "The Drum". September 1952. Bladsy 12.

(51) Minutes of a Conference on Urban Juvenile Native Delinquency. Johannesburg. Bladsy 6.

gemene sy van baie aspekte van die menslike lewe en bedrywigheid, wat onwenslik is om aan Bantoe-kinders te vertoon te word. Dit is egter natuurlik onmoontlik om te verwag dat elke rolprent aan 'n bepaalde landswye kulturele of sedelike standaard moet voldoen.

Dat die bioskoop bydra tot misdadigheid onder kinders is onweerlegbaar. Deur navorsing op hierdie gebied in die Verenigde State van Amerika, is die volgende gegewens verkry:

"The investigators further report that 49% of the male delinquents questioned indicated that the movies gave them a desire to carry a gun; 28%, that the movies taught them methods of stealing; 21% that they learned ways to "fool the police"; 12% that they were encouraged to pull an adventuresome job because they saw a similar crime depicted in the movies; 45% that they got notions of "easy money" from the shows they saw; 26% that the movies encouraged them "to get tough"; and 20% that they were led to daydreaming concerning bandits and gangsters." (52)

Die jeugmisdadigers te Diepkloof verklaar dat baie van hulle metodes om misdaad te pleeg, die eerste keer in 'n bioskoopprent gesien is.

Die bioskoop verskaf dus aan hulle nie alleen 'n konsep van kleredrag nie, maar ook die organisasie en metode van misdaad.

Uit die film "Dead End Kids", byvoorbeeld, is die metode oorgeneem om 'n groep van sewe te maak, waarvan een 'n kleintjie moet

(52) Teeters & Reinemann: "The Challenge of Delinquency. Prentice Hall, Inc. New York 1950. Bladsy 180.

wees. Die kleintjie word dan eerste in die winkel gestuur en sodra die winkelier hom bedien, kom die ander ook paar-paar in, luier daar rond en steek dan allerlei dinge in hulle sakke.

Ook die metode om iemand by 'n bruggie voor te lê, ander met messe te steek, die tegniek om die polisie aan te val, is van bogenoemde film afkomstig.

Dit skyn asof die Bantoe-jeugmisdadigers nie besef dat dit slegs 'n toneel is nie. Hulle sê dat die ding "real" is; in ander lande gaan dit maar so. (53)

(f) Geen Tradisionele Gedragskode onder Stedelike Bantoes nie.

Onder die stedelike Bantoes is daar geen sterk openbare opinie soos in die reservate wat indiwidue terughou van laakbare handelwyse nie. Die sedekode van die stam het net betrekking op lede van daardie stam, wat dit as prysenswaardig beskou het om naburige stamme te besteel. Daarom, selfs diegene wat nog volgens die ou stamkode insake gedrag, handel, het geen leidraad hoe om te handel teenoor die ander rasse in die Bantoe-dorpe, met wie hulle verplig is om saam te leef. Weens die baie rasse wat in dieselfde dorp woon, is dit dusver nie moontlik gewees om 'n uniforme sosiale gedragskode daar te stel nie.

III. Ekonomiese Oorsake.

(a) Armoede:

Verskillende navorsers het reeds

(53) Gegewens gekry deur ondervraging van Bantoe-jeugmisdadigers, Diepkloof, Johannesburg.

op die verband tussen armoede en jeugmisdaad gewys. Volgens Burt het meer as 50% van die jeugdige misdadigers wat hy in London ondersoek het, uit huise gekom waar armoede of ernstige armoede heers. (54)

S. & E. Gleuck het vasgestel dat 68.2% van die gevalle, wat hulle nagegaan het, uit betreklik arm huisgesinne afkomstig was. (55)

Gillin het gevind dat 76% van die seuns en 90% van die meisies wat hy ondersoek het, uit arm huise kom. (56)

Albertyn se ondersoek in verband met jeugmisdaad in die Skiereiland het aan die lig gebring dat 'n baie groot gedeelte van die jeugmisdadigers wat voor die hof gekom het, uit die armer dele van Kaapstad kom. (57)

Kinders wat in arm, onhigiëniese huise woon en wat oor min ruimte en geld beskik, kom makliker in botsing met die gereg, want in welgestelde families geniet die stout kind 'n mate van beskerming.

Armoede het sy uitwerking nie alleen in verskillende vorme van gebrek nie, maar ook in sover dit bydra tot die oorbewoning van die huis wat nie bevorderlik vir gesonde gesinsbetrekkinge is nie. Dikwels word al die lede van 'n gesin van alle ouderdomme en geslagte in <u>een</u> vertrek saamgehok, en in gedeeltes van die Randse Bantoe-dorpe is hierdie toestand die algemene reël. Die kinders groei dus op in

(54) Burt. C.: Young Delinquent. University of London Press. London 1931. Bladsy 64.

(55) Glueck. S.& E.: 500 Criminal Careers. Alfred A. Knopf. New York. 1930.Bladsy 113-114.

(56) Gellin. J.L. : Social Pathology. Appleton-Century Co. New York. 1939. Bladsy 583.

(57) Albertyn. C.F.: Jeugmisdaad. Nas. Pers. Kaapstad. 1938. Bladsy 68.

die atmosfeer van huislike twis en dronkenskap en hierdie toestande nl. oorbewoning, dronkenskap, huislike twiste, vroeë kennismaking met geslagsake weëns oorbewoning, dwing die kind op straat na 'n jag na awontuur en vermaak.

Die gemiddelde weeklikse inkomste van die Bantoe-arbeider aan die Rand is ongeveer £3. 10. en sy uitgawes, om sy gesin te onderhou is ongeveer £4. (58)

Die inkomste van die vader van die gesin is onvoldoende om in al die behoeftes te voorsien en dus is die moeder ook verplig om te gaan werk of om geld te verdien deur onwettige drankhandel.

Albei die ouers is feitlik die heel dag weg van die huis en die kinders is aan hulself oorgelaat. Hulle het nou goeie geleentheid om met hulle misdadige streke tevoorskyn te kom.

"An extensive study by the Children's Bureau in Philadelphia found that in 23% of 12,227 families the mothers worked away from home. In Philadelphia in 1926 24% of all delinquent children were from homes, where the mothers worked out, 22% of boy and 42% of girl delinquents being classified thus." (59)

Die gedurige afwesigheid van vader en moeder van die huis bring mee dat die kind onbeheerbaar word, want daar is niemand om kontrole uit te oefen nie. Hierdie gebrek aan kontrole is 'n belangrike oorsaak van jeugmisdaad.

(58) Sien Hoofstuk V. Bladsy 46.

(59) Reckless & Smith: Juvenile Delinquency. Mcgraw Hill. New York. 1932. Bladsy 124.

## IV. Godsdienstige Oorsake.

Die godsdiens van die Bantoe is aan meer aanslae van die „weste" onderwerp as enige ander aspek van sy „beskawing". Alle veranderings wat oor hom gekom het, het as gevolge van ekonomiese en ander faktore plaasgevind, maar sy godsdiens is direk deur die blanke sendeling aangeval en positief verander.

Die vervanging van sy primitiewe aanbidding van voorvaderlike geeste deur die idees wat spruit uit die liefde van Christus kon hom beslis alleen goed doen. Dit het hom trouens ook verlos van die mag van die toordokter en die leer van die liefde in sy lewe gebring.

In sy eie „beskawing" het die hele stam slegs een godsdiens gehad, maar nou het kerstening na kerkgenootskappe, waarvan daar in 1949 reeds 1211 was, plaasgevind. Sy uniforme godsdiens dus, is vervang deur die babelse verwarring wat heers in die godsdienste van die blankes. Die opname van die Bantoe in hierdie versnipperende en soms vyandig teen mekaar gesinde kerkgenootskappe, blyk te veel te wees vir baie van hulle se verstand. Wie en wat is reg ? En nou word sy ou godsdiens vervang deur 'n ander wat absolute lojaliteit vereis. In die tragedie van die blanke se godsdiens (sy opbrokkeling) lê ook die gevaar vir die Bantoe.

Hy raak heeltemal verward, met die gevolg dat hy nie alleen sy eie godsdiens kwyt is nie, maar verwarring in die plek daarvan kry, en so verval hy weer tot volslae heidendom.

Neem die godsdiens met sy morele en etiese kodes, sowel as sy rigtinggewende filosofie weg van die mens, en een van die magtigste faktore vir die handhawing van wet en orde verdwyn. Dit is wat met baie Bantoes gebeur.

V. Sielkundige Oorsake.

Dit is gewaagd om sielkundige oorsake vir Bantoe-jeugmisdaad te spesifiseer, aangesien so min bekend is van die Bantoe se gemoedslewe en sy hele persoonlikheid. By ondervraging egter blyk dit dat diep onder in sy psige setel die kieme van verset teen die blanke, wat sig op die volgende maniere na buite openbaar:-

(a) Frustrasie.

Frustrasie openbaar sig sterk by die Bantoe en in sy gemoedslewe is dit vir hom 'n realiteit, terwyl in werklikheid hierdie frustrasie geen of min bestaansreg besit. Trouens dit kom slegs by die „geleerde" Bantoe voor in die sin dat hy homself te geleerd vir sekere werk beskou, en dié waarvoor hy hom bekwaam ag nie vir hom toeganklik is nie.

In die gemoed van die deursnee Bantoe is persone wat Std. V of VI geslaag het taamlik „geleerd" en is handewerk benede hulle wat sover geleerd is. Hulle lei dus 'n lewe van werkloosheid wat na misdaad lei. Hulle word martelare in hulle verbeelding en regverdig hulle diefstal deur dit toe te skryf aan nood wat ontstaan uit werkloosheid. Hulle wil werk maar kan dan geen geskikte werk kry nie!

Of aan hierdie oorsaak veel waarde geheg moet word, word egter betwyfel, en as dit werklik bestaan, is dit te betwyfel of daar onmiddellik iets aan gedoen kan word. Die „geleerde" Bantoe kan nog nie met die geleerde blanke meeding nie.

(b) Die algemene armoede van die Bantoe teenoor die skynbare welvaart van die blanke wek gevoelens van bitterheid by hom. Hy redeneer

dat hierdie „welvaart" aan sy handearbeid te danke is en sy karige loon is 'n onreg wat hom aangedoen word. Gevolglik regverdig hy sy handelwyse as hy van „die vrug van sy arbeid steel".

(c) Verset teen die sogenaamde diskrimineerende wette bestaan in die brein van die Bantoe. Dit is aangevuur deur opstokery en idees met 'n sterk Kommunistiese inslag. Ook die begeerte „om soos die blankes te wees" is die grondslag vir die oortreding van die apartheidsregulasies, o.a. ook deur jeugdiges. Dit is egter 'n swaard wat na alkante sny, want blankes word ook vervolg as hulle op nieblanke terrein oortree.

(d) Gees van Bravado.

'n Gees van bravado kan hom meester maak van 'n indiwidu of groep, By 'n indiwidu kom daar gewoonlik 'n stimulus van buite. Die jeugdige sien 'n prent (film) van 'n boef wat 'n „netjiese" stukkie rowery doen en grootmeneer speel in sy avontuurlike lewe. Daar ontwaak impulse van bravado by die seun, en hy speel ook grootmeneer. Gevolglik beland hy in die moeilikheid.

'n Gees van bravado kan ook by 'n groep opgebou word. Die een vertel aan die ander watter waaghalsige streke hy aanvang en so steek die een die ander aan, totdat die hele groep deur 'n gevoel van bravado en avontuurlus oormeester word.

(e) Nabootsing.

Die neiging by die mens om andere na te boots is so oud soos die mens self. Op sekere stadia van die lewe tree

nabootsing kragtiger te voorskyn as gedurende ander stadia.

Dikwels gebeur dit dat individuele lede van 'n bende alleen optree sonder om in die moeilikheid te kom. Hierdie „helde" word dan nageboots. Ook die openbare pers gee soms sulke lewendige beskrywings van waaghalsige misdade dat dit aan voorbeelde om na te boots nie ontbreek nie.

oooOOooo

# Hoofstuk VIII.

## Die Gevolge van Jeugmisdaad.

Die gevolge van jeugmisdaad is almal te vind in die breë sosio-ekonomiese veld, wat wissel van die eksakte ekonomiese tot die breë kulturele.

### (1) Ekonomiese las vir die land.

#### (a) Die Finansiëring van Inrigtings.

Die finansiëring van inrigtings vir jeugmisdadigers word direk deur die Tesourie gedoen, en veroorsaak 'n aansienlike uitgawe. Vir Diepkloof, die Verbeteringskool vir Bantoe-seuns, het die totale uitgawe op die jongste begroting £57,895 bedra.

Indien Bantoe-jeugmisdaad nie bestaan het nie, kon hierdie bedrag geld baie produktief aangewend geword het.

Die totale uitgawe vir Verbeteringskole in die Unie vir die finansiële jaar 1946-47 bedra £155,808 en vir die jaar 1947-48 styg dit na £184, 916. Die syfers vir 1952/53 is nog nie beskikbaar nie, maar daar kan aangeneem word dat dit in die omgewing van tussen £225,000 en £250,000 sal wees. (60)

Hierdie bedrae sluit nie kapitaal-uitgawes in nie.

Reeds in 1948 was die koste per leerling aan die verskillende verbeteringskole in die Unie soos volg:

| | |
|---|---|
| Constantia | £182.99 |
| Diepkloof | £ 67.28 |
| Durbanville | £316.69 |

(60) Jaarverslag: Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap 1948. Staatsdrukker. Pretoria. Bladsy 62.

| | |
|---|---|
| Eshowe | £ 68.71 |
| Porter | £108.57 |
| Gemiddeld | £102.42. |

Daar kan met veiligheid aangeneem word dat hierdie syfers vir 1952/53 baie hoër gaan wees.

(b) Kapitaal-uitgawes.

Vir die finansiële jaar 1946/47 was hierdie uitgawes £2.08 per leerling. In 1947/48 styg dit na £3.15 per leerling. Dit beloop £5,427 per jaar. Dit kan veilig aangeneem word dat dit tans baie hoër is.

(c) Verlies aan arbeid vir land.

(i) Personeellede:

In 1947 het die personeellede van verbeteringskole bestaan uit 183 blankes en 43 nie-blankes. Sedertdien het die getalle vinnig gestyg, want die van Diepkloof staan tans op 84 en die van Porter op 140. Al hierdie persone, sommige waarvan hoogs-opgeleide persone, se dienste gaan verlore in die sin dat hulle met korrektiewe werk besig is.

(ii) Leerlinge:

In die jaar 1947 was daar altesame 1723 leerlinge in verbeteringskole. Sedertdien het die getalle baie gestyg. Die gemiddelde inskrywing vir Diepkloof vir 1947 was 628. Tans (Desember 1952) staan hierdie getal op 817.

Aangesien meeste inwoners van die verbeteringskole reeds oud genoeg is om te werk, word hier 'n aansienlike verlies gely aan potensiële werkers.

(2) Verlaging van die Kulturele Standaard en Etiese vlak van die Samelewing.

Daar is 'n skerp styging in die syfers vir jeugmisdaad in alle lande sedert die jongste oorlog. Dit bring nie alleen 'n verlies aan geld en arbeidskrag mee nie, maar dit vorm ook 'n potensiële bedreiging vir die gemeenskap. Indien jeugmisdaad 'n nog groter omvang in die toekoms aanneem as tans, sal die bevolkings 'n toekomstige wêreld van boewe tegemoet gaan. Jeugmisdaad is een van die oorsake waardeur die moraal van die samelewing na benede gedwing word. 'n Samelewing sonder jeugdige misdadigers is sosiaal en kultureel baie meer gesond as 'n samelewing waar jeugmisdaad 'n simptoom is van 'n diepliggende siekte in die maatskappy.

(3) Die Stigma verbonde aan Jeugmisdaad.

(a) Ouers:

Die eer van een lid is die eer van die hele familie. Veral toon families wat ekonomiese sukses behaal het en lank in 'n sekere omgewing gevestig is, die neiging om familie-prestige en tradisie op te bou. As die een lid van die familie dus in oneer beland, kleef die stigma die ander ook aan. Dit kan nie anders bestempel word as dat groot ongelukkigheid en oneer 'n huisgesin ten deel val as een van die kinders na 'n verbeteringskool gestuur word nie. Dit is so goed asof die persoon „tronktoe" gestuur is. Hierdie eng sienswyse sal voortduur totdat die samelewing daartoe gebring kan word om die oorsake van jeugmisdaad te verstaan en as die hoë opvoedkundige taak van die verbeteringskool meer algemeen aanvaar en na waarde geskat word.

(b) Die Jeugdige Oortreder.

Hierdie stigma kleef egter nie alleen die ouers aan nie, maar ook die kind wat oortree het. Dit affekteer die kind op tweërlei wyse:

(i) Hy ervaar geweldige skuldgevoelens teenoor sy familie dat hy hulle naam deur die modder gesleep het. As die kind neurotiese neigings openbaar, kan hierdie skuldgevoel so erg word dat gevoelens van selfmoord dikwels by hom opkom. Hy voel of hy die familie nooit weer in die oë kan kyk nie.

(ii) Tweedens voel die oortreder dat hy iets oor homself gebring het, wat hom sal aankleef solank as hy lewe.

Dit vereis van baie kinders 'n soort volwasse emosionele ontwikkeling om hierdie skuldgevoel van hom af te gooi. Baie jong oortreders beskik nie oor hierdie emosionele rypheid nie, en met bittere kindersmart sal hulle hulself tot die oneindige verknies as gevoelens van diepe berou hulle oormeester. Hierdie toestand kan so erg word dat dit alle rehabilitasiepogings in uiterste gevalle oorheers.

Aangesien die Bantoe-kind se gemoedslewe nog maar baie duister vir die ondersoeker is, kan egter nie met sekerheid gesê word of die Bantoe-kind werklik voel soos hierbo beskrywe.

(4) Saamhokking van Misdadigers.

(a) Eerste oortreders beïnvloed deur gehardes.

'n Belangrike struikelblok in inrigtingsbehandeling is die saamhokking van misdadigers in groot groepe. Veral waar gebrekkige akkommodasie bestaan, sodat die inwoners

nie in homogene groepe gehuisves kan word nie, leer die „sagte" jeugmisdadigers al die gruwelikhede van die meer geharde tipes, wie se brawado baie aantreklik lyk vir die swakkeres.

(b) Daggarokery.

Behalwe hierdie verspreiding van idees van meer geharde tipes is die twee groot euwels van 'n verbeteringskool vir Bantoes daggarook en sodomie. Verslawing aan dagga wat die brein verdof, 'n abnormale seksdrang opwek, en die gedagtes vervul met kragsgevoelens wat die indiwidu laat voel dat hy 'n besondere persoon is in teenstelling met sy betreklike onbenulligheid, begin by baie Bantoes reeds op vroeë leeftyd. Hulle besef nie die gevare van daggarook nie en baie volwasse Bantoes het geen gewetensbesware om as smokkel-kanaal na die inrigting te dien nie.

Daggarokery is nie alleen 'n euwel weens die verwoestende invloed op die verslaafde nie, maar die besit, verkoop en smokkel van dagga is 'n misdaad en strafbaar onder die landswette.

Algemene Bantoe-opinie omtrent die saak kan in drie groot groepe geklassifiseer word:

Die eerste groep is 'n wetsgehoorsame groep, wat die skadelike gevolge van daggarook vir hulself en hulle kinders besef en die euwel bestry.

Die tweede groep is diegene wat die dagga hanteer in die smokkelhandel. Dit is 'n baie groter groep as wat oor die algemeen besef word. Self rook hulle geen dagga nie en bestry dit ook by hulle kinders. Hulle is egter die vernaamste wetsoortreders.

Die derde groep is die slagoffers, volwassenes en kinders. Die volwassene

wat dagga rook kan dit nie veroordeel nie, omdat hy dit self doen. Gevolglik volg die kinders vryelik in die voetspore van die ouers. Dit is in elk geval twyfelagtig of daar by die Bantoe in die opsig van die gebruik van verdowingsmiddels enige etiese kode bestaan.

By so'n opeenhoping van jeugmisdadigers vir wie „daggadrome" 'n heerlike ontsnapping van die werklikheid is, kan dit alleen verwag word dat hierdie euwel sal versprei.

(c) Sodomie.

Die kwessie van die houding van die naturel teenoor sodomie is iets wat op sigself 'n ondersoek verg. Oppervlakkig beskou, skyn dit asof hierdie misbruik eintlik van die Soeloes kom. As troue aanhangers van die lobola-stelsel mag 'n jong Soeloe by 'n meidjie wat al halfpad betaal is slaap, en sy seksdrifte met haar bene bevredig sonder dat hy werklike seksuele omgang met haar het.

Dit is vir hulle 'n normale praktyk, wat heeltemal strook met hulle opvattings van moraliteit. Toe die Soeloes in die kampongs van die myne opgeneem is, het hulle hierdie praktyk op die jongere mans toegepas en hiervandaan het dit oor die land versprei. Dit is egter baie twyfelagtig of naturelle in sodomie iets laagvloers en immoreels sien.

Met hierdie amorele houding in gedagte en in die adolessente lewensperiode wanneer seksuele nood sy hoogtepunt bereik, is dit geen wonder dat hierdie uitingskanaal geëksploïteer word nie. Veral oor 'n naweek wanneer die weeklikse dreinering van energie deur middel van arbeid verslap, word na ontlading van seksuele energie gesoek, en veral

hulle in die perversiteit van sodomie.

Die jongere leerlinge is gewoonlik die slagoffers van die sterkeres en meer brutales.

(5) Verliese veroorsaak aan Publiek.

(a) Moorde:

Ontsettende lyding word vreedsame mense aangedoen deur koelbloedige en sluipmoorde wat deur jeugmisdadigers veroorsaak word. By 'n statistiese ontleding van misdade waarvoor jeugmisdadigers na die verbeteringskool verwys is, blyk dat op een stadium in 1952 in Diepkloof alleen 37 gevalle van moord en manslag was, afgesien van seksuele aanrandings en aanrandings met die doel om ernstige liggaamlike leed te berokken.

Wreedaardige moorde deur jeugdiges skep wraakgevoelens by die gemeenskap, waardeur verbeteringskole publieke steun inboet en in 'n baie slegte lig gestel word. Dit is vanselfsprekend dat die totaal van hierdie dinge op een of ander wyse heropvoeding in die wiele ry.

Die verbeteringskool-outoriteite het dus nie slegs hulle interne pligte en moeilikhede nie, maar baie van hulle tyd en aandag moet ook aan die publiek bestee word om die regte gesindhede te verseker.

(b) Diefstal.

In 'n land soos Suid-Afrika met sy besondere rassesamestelling in oorbevolkte Bantoe-woonbuurtes is dit vanselfsprekend dat alleen 'n sekere persentasie misdaad aan die lig kom. Hoewel dit onmoontlik is om syfers te verstrek, sal meeste polisie-outoriteite bevestig dat slegs 'n geringe gedeelte van die naweekse

misdade in die groot industriële Bantoe-dorpe aangemeld en opgelos word.

Die gemiddelde aantal oortredings per leerling in die Diepkloofse verbeteringskool is 2.91; 700 leerlinge het 2,037 oortredings op hulle kerfstok, waarvan 1,425 huisbraak en diefstal was. In 'n ander geval is dit uit 887 misdade 616 gevalle van huisbraak en diefstal !

As die lang lyste gesteelde goedere by elke geval betrokke, in aanmerking geneem word, is dit duidelik watter geweldige skade die publiek berokken word. Tel nog daarby al die gevalle wat nie aangemeld word nie en die verliese word fenomenaal.

(6) Opbreking van Ouerhuise en Vervanging deur Institusionalisme.

Die ouerhuis was nog altyd deur die eeue beskou as die bakermat van die behoud van goeie opvoeding en beskawing. Afwykings in perversiteit by indiwidue het dan ook dikwels hulle oorsprong by swak en opgebreekte ouerhuise. Hierdie opbreking van ouerhuise ontstaan deur die dood van een of beide ouers, deur egskeidings of verlatings, en in die geval van onegte kinders bestaan daar byna nooit 'n ouerhuis nie.

By die Bantoe word reeds nie te veel waarde geheg aan die opvoeding binne die ouerhuis as in aanmerking geneem word hoeveel kinders by die grootouers en ooms en tantes grootword en nooit kennis maak met die warme liefde van 'n eie familiekring nie.

Maar hoe gebrekkig die huiskring waar hulle groot word ook al mag wees, daar is altyd 'n element van liefde en belangstelling teenwoordig. Hy is lid van 'n groepie,

wat deur familie- en liefdebande aanmekaar gehou word.

Enige persoon het liefde nodig. In die vroeë kinderjare is die koesterende nabyheid van die moeder 'n essensiële voorwaarde vir normale ontwikkeling en 'n gevoel van veiligheid en beskermdheid by die suigling. Die afwesigheid van hierdie beskermende invloed van die moeder, en die gebrek van haar opregte warmte en liefde, laat by die kleine gevoelens van emosionele verlatenheid, onsekerheid en onveiligheid ontstaan. Hierdie voorwaardes vir normale ontwikkeling van die jeugdige bly bestaan, hoewel in mindere mate tot in die laat adolessente jare.

Waar die huiskring verbreek word deurdat 'n jeugdige oortreder van selfs tien, twaalf jaar na 'n inrigting verwyder word, word die jeugdige beroof van die belangstellende teenwoordigheid van sy familiekring. Dit laat 'n soort basiese angs, grensende aan 'n neurotiese toestand by die jeugdige ontstaan en by sommiges, al na gelang van hulle persoonlikheidsamestelling, ontwikkel 'n voortdrywende strewe om gelief te word, om die goedkeuring van andere weg te dra, en hulle sal tot die uiterste toe aangaan om bevrediging te verkry. Baie gaan oor tot aanhoudende kleindiewery in die inrigting net om aandag te trek in hulle poging om belangstelling uit te lok.

Om die belangstelling van andere as substituut vir die huiskring te verower, het 'n dringende noodsaaklikheid geword, waaraan uiting gegee moet word.

Hierdie najaag van liefde en belangstelling kom natuurlik nie by almal voor nie - meer spesifiek by die wat aan intense gevoelens van onsekerheid en onbepaalde angstoestande ly, wat weer setel in toestande

wat in die vroeë kinderjare ontstaan het.

Wat hierdie tipe persoonlikheid in sy eensame inrigtingslewe verlang, kan opgesom word soos volg: "What he wants is so little, only that people should be kind to him, should give him advice, should appreciate that he is a poor, homeless, lonely soul, anxious te please, anxious not to hurt anybody's feelings. That is all he sees or feels." (61)

Wie is nou die persone in die inrigting wat sy ouerhuis vervang ? Onderwysers, Opsigters, klerke en ander amptenare. En vir hierdie persone, kan hy nooit lid van 'n familiekring wees nie. Hy is Moses Matsemai No. 7368. Sy daaglikse lewe bestaan uit roetine en regimentasie. Sy indiwidualiteit gaan verlore. Hy is een van baie nommers. Hy is 'n betekenislose burger in 'n kommunistiese staat. Sy rehabilitasie geskied op 'n groepsbasis, waarin sy wense en begeertes verlore raak. Weliswaar is daar 'n kentering in die sin dat in moderne inrigtings voorsiening gemaak word vir indiwiduele sielkundige behandeling, maar solank hierdie poste voorsien word op 'n basis van een sielkundige vir 800 leerlinge, kan van effektiewe indiwiduele behandeling min sprake wees.

Baie inrigtings begin met die beste ideale en belangstelling maar dit duur nie lank nie of hulle ly aan 'n siekte genaamd „institusionalisme".

Dan kom „institusionalisme" daarop neer dat die hele inrigtingsbehandeling ontaard van indiwiduele belangstelling wat elke nuwe toelating as 'n persoonlike indiwiduele geval beskou, tot 'n stereotipe gedragslyn, wat elke geval dieselfde paadjie as al die ander laat loop.

(61) Karen Horney: The Neurotic Personality of our Time. Kegan Paul. New York, 1937. Bladsy 106.

Sonder drastiese maatreëls van hoofde sal oortreders nooit die nodige wetenskaplike aandag kry wat nodig is nie.

Reorganisasie alleen egter sal dit nie doen nie. Geen doel is nog bereik as diagnostiese klinieke bestaan, gedifferensieerde opleiding en leerplanne verskaf is en 'n nasorgstaf in die lewe geroep is nie. Wat hierby nodig is, is 'n gees van insig, liefde, toewyding en belangstelling by die staf. As dit nie daar is nie kan daar geen sukses wees nie.

oooOOOooo

# Afdeling II.

## Hoofstuk IX.

## Die Behandeling van die Randse Bantoe-jeugmisdadiger aan die Diepkloof-verbeteringskool.

### 1. Toelating van die jeugmisdadiger tot die Verbeteringskool.

#### (a) Toewysing deur Howe.

Daar is twee howe nl. die Kinderhof en die Jeughof. Die sorgbehoewende kind verskyn in die Kinderhof en die kind wat werklik 'n oortreding begaan het word voor die Jeughof gebring. (62)

Die Kindersorgkommissaris stel nou geregtelike ondersoek in of die kind skuldig aan die misdaad is of nie.

Intussen stel die proefbeampte ondersoek in na die kind se huislike omstandighede en eers na 'n kind skuldig bevind is word die rapport van die proefbeampte deur die Kindersorgkommissaris geraadpleeg.

Ook word nou ondersoek ingestel of die kind enige vorige veroordelings op sy kerfstok het. Na al hierdie gegewens verkry is, word deur die Kindersorgkommissaris besluit waarheen die kind gestuur moet word.

Daar is verskillende inrigtings waarheen hy die kind kan stuur. Sekere tehuise soos die Talita Tehuis vir Bantoe-dogters en Lunga Legwaba vir Bantoe-seuns behandel die minder ernstige gevalle, wat gewoonlik uit sorgbehoewende en verwaarloosde kinders bestaan, of ook die gevalle wat 'n eerste oortreding van 'n minder ernstige aard begaan het.

(62) Sien Hoofstuk I bladsy 6.

Die Kommissaris van Kindersorg het egter ook die reg om die kind weer in die bewaring van sy ouer of voog of onder die beheer van 'n goedgekeurde vereniging te plaas, hom tot 'n boete of lyfstraf te vonnis, of as hy ouer as 19 jaar is selfs gevangenisstraf op te lê. (63)

Die Bantoe-kind wat 'n ernstige misdaad begaan het word gewoonlik na die Diepkloof-verbeteringskool, Johannesburg gestuur, wat die enigste verbeteringskool vir Bantoeseuns in Suid-Afrika is.

Die verbeteringskool vir Bantoedogters is te Eshowe, Natal.

Van die leerlinge in Diepkloof kom selfs uit Noord- en Suid-Rhodesië, Betsjoeanaland, Swasieland, Basoetoeland en Suidwes-Afrika.

(b) Oorplasing van ander Inrigtings.

Die minder geharde Bantoe-jeugoortreder kan deur die howe na die volgende inrigtings op die Rand en omgewing gestuur word:-

(i) Lungwa Legwaba. (Johannesburg)
(ii) Wierda-burg Tehuis. (Pretoria)
(iii) Irene Tehuis. (Pretoria)
(iv) Endabeni Tehuis. (Van der Byl Park)

Aan bogenoemde inrigtings ontvang die kind skool- en ambagsopleiding en by laasgenoemde drie word sommige leerlinge gebruik as joggies op naburige gholfbane. Hierdie tehuise is gesertifiseerde inrigtings gesubsidieer deur die Departement van Volkswelsyn.

Soms word gevind dat daar sekere van die leerlinge is wat hulle nie kan aanpas nie. Nieteenstaande die behandeling wat hulle daar ondergaan toon hulle nog afwykings. As dit geag word dat strenger dissipline en minder vryheid nodig is om hulle te beheer word hulle van

(63) Wet No. 31 van 1937. Staatsdrukker, Pretoria. Bladsy 39.

die minder streng inrigting na die verbeteringskool oorgeplaas.

Vir so'n oorplasing nader die prinsipaal namens die Raad van die inrigting die Minister van Volkswelsyn wat dan weer op sy beurt die Sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap, onder wie die Diepkloof Verbeteringskool ressorteer, versoek om sulke leerlinge in die verbeteringskool op te neem.

Hier word die vryheid wat hulle misbruik van gemaak het, hulle ontneem en strenger dissipline toegepas. Dit is egter slegs tydelike maatreëls, want die taak van die verbeteringskool is nie om te straf nie maar om hulle nuttige burgers van die gemeenskap te maak.

Bogenoemde is die twee metodes waarvolgens die toelating van nuwe leerlinge tot die verbeteringskool plaasvind.

(c) Heropname van Leerlinge wat met Vergunning vrygelaat is.

Daar is 'n derde metode van toelating naamlik die heropname van die leerlinge wat met vergunning vrygelaat was. Soms is die gedrag van diegene wat met vergunning vrygelaat is so onbevredigend dat die proefbeampte van die areas waar hulle woon aanbeveel dat hulle weer opgeneem word. Baie van hulle is lui en weier om te werk; ander weer maak hulle skuldig aan een of ander wetsoortreding soos aanranding, diefstal of rowery, ens. As gevoel word dat die verbeteringskool nog iets vir hierdie leerlinge kan doen, nl. om hulle weer op die regte pad te bring dan beveel die prinsipaal aan dat hulle teruggestuur word.

Die proefbeampte of die magistraat van die distrik stuur hulle nou onder begeleiding terug na die skool. Sulke leerlinge is gewoonlik baie onwillig om terug te kom want hulle besef dat

hulle ongedissiplineerde vryheid nou weer aan bande gelê gaan word.

As hulle by die skool aanland word hulle name in die nodige registers geskrywe en word daar lêers vir hulle geopen.

Nou begin die taak van die verbeteringskool naamlik om hulle te rehabiliteer en goeie landsburgers te maak.

## 2. Die Taak van die Verbeteringskool in die Bestryding van Bantoe-jeugmisdaad.

Met die totstandkoming van die Unie in 1910 is verbeteringskole onder die Departement van Justisie geplaas en eers in 1934 is hulle na Unie-Onderwys, nou die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, oorgedra.

Met die oorname het die departement en daarmee sy verbeteringskole die versorging, opvoeding en beskerming van die gekommitteerde kind as eie verantwoordelikheid aanvaar. Die kind moet geklee en gevoed word, hy moet onderwys ontvang, in een of ander beroep opgelei word en die nodige beskerming en opvoeding geniet wat hy tot dusver moes ontbeer.

Volgens Art. 57 van Wet No. 31 van 1937 neem die bestuur van die verbeteringskool dan nou ook die ouerlike mag en gesag oor, wat beteken dat hulle nou uitsluitlik verantwoordelik is vir die onderwys en opvoeding van die kind.

Die belangrikste taak van die verbeteringskool is dan ook om die gebrekkige huislike opvoeding te vervang met 'n vormende opvoeding. Daar moet liefde en leiding, sorg en beskerming, orde en tug wees.

Die kind wat heeltemal die spoor byster geraak het en handuitgeruk het moet deur heropvoeding na die regte pad teruggebring word waar hy 'n nuwe begin moet maak. As gevolg van sy

gebrekkige huislike opvoeding, het hy onbeheerbaar geraak, hy het 'n bron van ergernis en gevaar vir die samelewing geword en in so 'n mate afgewyk dat die waarskuwings van die polisie, die howe en welsynbeampte nie meer enige indruk op hom maak nie.

Sy anti-sosiale aktiwiteite is egter te aanloklik en het alreeds deel van sy wese geword. Die waarskuwings van die proef- en polisiebeamptes is maar slegs eentonige insidente in sy spanningsvolle lewe. Na sy toewysing egter is hierdie awontuurlike lewe op 'n end en hy arriveer by die inrigting nukkerig en sonder enige gevoel vir samewerking, anti-sosiaal in baie opsigte, met geen lus of entoesiasme vir enige werk, plig of prestasie nie, en met die gevoel dat alle inrigtingsreëls daargestel is net om sy bestaan te verbitter.

Sy misdade is nie geïsoleerde voorvalle nie, maar hulle is die uiterlike tekens van 'n verwaarloosde opvoeding en 'n verwronge leefwyse oor 'n periode van gewoonlik 12 tot 14 jaar.

Die taak van die inrigting is om hierdie tsotsi te rehabiliteer deur die oorsake van sy afwykinge te elimineer. Die metode van sy rehabilitasie is gebou op die hoekstene van arbeid en heraanpassing in die buitelewe.

Deur die inrigting se vryheidstelsel, wat later breedvoerig verduidelik sal word, word die Bantoe-kind hoofsaaklik geleer om weer in die buitelewe aan te pas, want 'n indiwidu kan slegs 'n houding teenoor die sosiale lewe opbou en ontwikkel as hy in aanraking met daardie lewe gestel word.

Dit is slegs die uitwisseling van gewone lewensituasies in 'n gekontroleerde stelsel met 'n gesonde agtergrond, wat 'n nuwe wese kan skep, maar dan moet die aansporing tot goeie gedrag sterk wees.

Die toepassing van strafmiddele is in die inrigting 'n belangrike probleem, want straf moet die kind leer om die slegte gedragshandeling te vervang met die goeie, totdat laasgenoemde 'n gewoonte geword het. Straf is een manier om slegte gewoontes te laat vervang, maar dit is beslis nie die uitgangspunt van die opvoeding nie, maar slegs 'n hulpmiddel.

Die kind kry ook geleentheid om arbeidsaam te wees, want alle werk by die inrigting word deur die leerlinge gedoen. Hy moet vir sy eie liggaam sorg, sodat daar nie kans vir ledigheid sal wees nie.

Die werk is heropvoeding; wat geleer is moet afgeleer word en nuwe gesonde gewoontes moet daargestel word. Aan die Bantoekind moet weer as't ware 'n nuwe lewe met nuwe ideale gegee word.

Om dit te bewerkstellig moet vir die Bantoe-kind 'n nuwe lewensdoel gestel word. Toe hy tot die verbeteringskool toegelaat is was hy maar een van die duisende boewe wat die lewe van die wetsgehoorsame Bantoe in die Randse Bantoedorpe verbitter het, sonder enige ideaal, sonder enige lus vir eerlike arbeid en slegs daarop uit om die middele vir sy bestaan op die maklikste manier te bekom naamlik deur diefstal.

Daar moet by hom aangekweek word die deug van vlytigheid en arbeidsaamheid, en dit is 'n moeilike taak want die oorgrote meerderheid van Bantoe-jeugmisdadigers glo nou eenvoudig net nie aan enige vorm van arbeid nie. Sonder hierdie deug egter sal die kind nooit gerehabiliteer word nie.

Hy moet die deug van eerlikheid aangeleer word. Dit is 'n vereiste wat die Westerse beskawing op die Bantoe lê, want soos reeds gemeld is diefstal van ander stamme volgens die sedekodes van sekere Bantoe-stamme geregverdig.

As die Bantoe-kind sy bestaan egter in blanke gebiede moet maak, is dit gebiedend noodsaaklik dat hy die eienskap van eerlikheid ontwikkel, nie net sover dit sy bepaalde stam of ras aangaan nie maar teenoor die hele gemeenskap, want oneerlikheid beteken slegs tronkstraf en gevolglik verlies van lone, vryheid en werkgeleentheid.

Die kind moet ook geleer word die deug van reinheid en die nastrewing van sekere beginsels van gesondheid, sodat hy nie vir homself en die samelewing 'n bron van gevaar en onaangenaamheid is nie.

Die taak van die verbeteringskool sluit ook o.a. in om die Bantoe-kind die groot waarde van die Christelike Godsdiens te laat besef. Hy moet vrygemaak word van die tirannie van bygeloof en die leer van Christelike liefde aanneem, wat hom sal onderskraag in sy pogings tot eerlikheid, arbeidsaamheid, sindelikheid en sedelikheid. As hy die Christelike geloof opreg beoefen sal die pad wat hy in die samelewing moet wandel vir hom makliker gemaak word.

Die taak van die verbeteringskool dus is om van die Bantoe-jeugmisdadiger 'n nuwe mens te maak deur hom her aam te pas in die lewe, waar hy vroeër so'n bron van ergernis en gevaar was.

## 3. Die Begin van 'n Nuwe Lewe.

As die kinders se name in die nodige boeke geskrywe is en hulle het met die prinsipaal kennis gemaak word hulle na die hospitaalafdeling gestuur en wel om twee redes: Eerstens word hulle daar gehou om vas te stel of hulle nie aan enige aansteeklike siektes ly nie, en ook om hulle algemene gesondheidstoestand vas te stel. Soms is dit ook nodig dat hulle spesiale mediese behandeling moet ontvang om verwyderbare gebreke, wat hulle andersins dwarsdeur hul lewe sal hinder, weg te neem.

Tweedens is die hospitaal die plek om die nuwelinge, wat in die begin maar baie

skrikbevange, agterdogtig en ongedissiplineerd is, tuis te maak. Hulle werk en slaap saam met 'n paar van die leerlinge wat diens doen in die hospitaal. Daar word 'n aparte slaaplokaal vir hulle afgesonder.

Op die wyse kry hulle die geleentheid om meer op hulle gemak sake deur te kyk en hulle gee nou ook die personeel die geleentheid om hulle vertroue te wen. Hulle word dus nie sommer deur die massa verswelg nie, wat ongetwyfeld sal gebeur as hulle van die begin af tussen die ander leerlinge geplaas word.

Hier ook raak hulle bekend met die eerste beginsels van die skool se dissipline, roetine en regulasies.

Bogenoemde proses duur gewoonlik van 'n week tot tien dae en die persone daarby betrokke is die blanke mediese opsigter in bevel van die hospitaal en sy Bantoe-assistente, wat uit opsigters sowel as betroubare en geverderde leerlinge bestaan.

Van die hospitaal word hulle na die hoof- of veiligheidsgebou gestuur, waar hulle nou in aanraking met al die leerlinge in die inrigting kom. Teen dié tyd is hulle nie meer so vreemd nie, en het nie veel moeilikheid om hulle in te pas nie.

Hulle word ook onder die beskerming van die huiskapteins en hoofleerlinge geplaas wat moet sien dat die ander leerlinge nie misbruik van hulle vreemdheid maak nie. Om dit te voorkom word hulle ook hier by 'n sekere groepie geplaas saam met wie hulle in hul vrye tyd leef, eet en slaap.

## 4. Die Nuwelinggroep.

Een van die belangrikste prosedures wat in die opvoeding sowel as onderwys gevolg moet word, veral waar dit inrigtingsversorging geld, is die regte indeling, en hoe gouer die klassifikasie gemaak word hoe beter.

Vir hierdie doel word die nuwelinge saam gegroepeer onder die sorg van 'n opsigter, wat ondervinding in die behandeling as sodanig het. Hier word die nuwelinge nie net deeglik in die reëls, regulasies en roetine van die inrigting onderrig nie, maar ook word gepoog om by hulle te laat posvat die doel van hul toelating tot die verbeteringskool. Hulle vertroue word gewen en soveel moontlik word informasie omtrent hul persoonlike sowel as hul familiegeskiedenis ingewin. Dit word dan vergelyk met die verslae van hulle lêer soos deur die Proefbeampte en Polisie verstrek.

Uit al hierdie informasie word dan 'n duidelike beeld van die nuwelinge se agtergrond gekry.

5. Die Sielkunde Afdeling.

In die nuwelingspan begin nou ook die werk van die sielkunde afdeling. Die meeste leerlinge het behoefte aan geestelike hulp want byna sonder uitsondering het hulle onder die treurigste geestelike en materiële omstandighede opgegroei en gevolglik is baie van hulle wanaangepas nie alleen teenoor hulself nie maar teenoor die hele gemeenskap. Om die kinders nou te rehabiliteer is dit nodig vir die afdeling om die volgende stappe te doen:

(i) Die studie van die verlede van die leerlinge om tot 'n kliniese beeld van hulle te kom. Dit word saamgestel uit die hofverslae, rapporte van proefbeamptes en deur ondervraging.

(ii) Deur middel van skolastiese toetse word die nuwelinge se skolastiese standaard vasgestel. Dit gebeur dikwels dat die Bantoe-kinders onbekend is met hulle skoolvordering en moedswillig verkeerde inligting verstrek. Daarom is skolastiese toetse noodsaaklik.

Skolastiese en ander toetse word egter nooit gegee alvorens die kinders nie ten volle vertroud is met hul omgewing nie, want vreemde omstandighede en vreesbevange gemoedere is nie bevorderlik vir betroubare toetsresultate nie.

(iii) Deur middel van ambagstoetse word 'n tentatiewe berekening van die jeugmisdadigers se verstandsvermoëns gemaak. Hierdie resultate gesien in die lig van hul kliniese geskiedenis en ouderdom, bepaal die kinders se plasing in een of ander afdeling.

(iv) Deur middel van leierlose groeptoetse word daar ook bepaal wie oor leierskap beskik en word 'n tentatiewe bepaling van eienskappe soos inisiatief, verantwoordelikheid, aanvaarbaarheid deur groep, ens. gemaak. Hierdie resultate word gebruik by die uitsoek van hoofjongens, huiskapteins en ander posisies waar leierskap vereis word. Dit word natuurlik aangevul en gesien in die lig van hulle kliniese en inrigtingsgeskiedenis.

As die leerlinge nou in een of ander afdeling geplaas is word daar gedurig kontak met hulle gehou deur middel van onderhoude met die leerling self, deur gereelde rapporte van die betrokke instrukteurs insake die leerlinge se vordering, persoonlikheid, eienaardighede en swakhede en op dié wyse raak die onderwyser sielkundige bekend met die leerling se probleme en weet dus watter behandeling om voor te skrywe.

Daar word dus besondere aandag gegee aan die soort persoonlikheid waarmee die sielkundige te doen het. Hy weet later wat die uitstaande daarin is en watter gebreke daarin te vinde is.

Kotzee skryf: „Die sielkunde afdeling aan die inrigting is pas begin en moet nog uitgebou word. Die taak van hierdie afdeling sal

nie alleen klinies wees nie, maar toetse vir die vasstelling van skolastiese standaard en verstandsvermoë sal nog moet ontwerp word.

Ook aanlegtoetse om te bepaal in watter ambagte hulle geplaas moet word, sal toegepas moet word. Op die oomblik is daar omtrent geen geldige gestandaardiseerde toetse vir Bantoes nie, en blanke toetse is heeltemal ondoeltreffend. Die verskil in kultuur, leefwyse, agtergrond, denkwyse en opvoeding van die blanke en die Bantoe is so groot dat dieselfde toetse nie op albei toegepas kan word nie. Gevolglik sal toetse vir Bantoes ontwerp moet word wat nie in verband staan met kultuur nie omdat dit vir al die stamme moet geld, en woordvry omdat Bantoes nie almal dieselfde taal praat nie. Dit is egter 'n baie groot taak en dit sal tyd kos. Die ideaal behoort te wees om vir elke taalgroep sy eie toetse op te stel. Dit sal die betroubaarste resultate lewer." (64)

(v) Die sielkunde afdeling het ook 'n afdeling <u>Veldwerk</u>. Die spanne word in hulle werk besoek en daar word die saak van elke leeling met sy spanopsigter bespreek en as daar probleme is word die spanopsigter van raad bedien en die leerling self word onder behandeling geneem.

Enige leerling wat 'n klagte oor fisiese ongesteldheid indien, word medies baie deeglik ondersoek, en as die distriksgeneesheer nie enige fisiese moeilikheid vind nie, word die leerling onder sorg van die onderwyser-sielkundige geneem as 'n spesiale geval, wat meer as die gewone afwyking toon.

Sy persoonlike geskiedenis word nou baie intensief bestudeer. Die ontwikkeling van sy persoonlikheidskenmerke word dop gehou en na genoeg gegewens ingesamel is, word 'n diagnose gemaak waarop die leerling behandel word. Die metodes wat toegepas

(64) Kotzee, A.L.: „Die seun wat die Tokkolosie vermoor het," Die Huisgenoot. 22/8/52. Bladsy 11.

word, kan nie in die besonder beskrywe word nie, want die behandeling by elke indiwidu is verskillend. Die metode is klinies behalwe dat daar nie uitgesproke gestandaardiseerde fisiese, psigologiese en opvoedkundige toetse toegepas word nie. Dit is meer 'n saak van waarneming en analise.

(vi) Verder word die hele promosie- en vryheidstelsel deur hierdie afdeling beheer en behartig. Hierby word ook ingesluit die noue verband en samewerking met die Uitplasingsafdeling.

Die finale rapporte oor alle leerlinge word ook deur hierdie afdeling gedoen; dit sluit in alle vrylatings asook die ontslagte van leerlinge van die Bepalings van die Kinderwet (Wet No. 31 van 1937).

Nadat soveel informasie as moontlik omtrent die leerling ingesamel is, word die nuweling na 'n maand of ses weke uitgeplaas na een van die afdelings waarvoor hy geskik beskou word. Hierdie uitplasing is nie net aan die gegewens deur die Sielkundige afdeling ingewin onderhewig nie, maar die feit of die leerling landelik of stedelik is speel ook 'n belangrike rol, alhoewel nie die oorheersende en deurslaggewende nie. Die doel is om nie die landelike Bantoe te verstedelik nie, want sover die omgewing sy rol speel, het die landelike Bantoe-kind meer en beter geleenthede om hom weer aan te pas.

Die sielkunde afdeling is deeglik met die ander afdelings gekoördineer, trouens dit is die sentrum van al die afdelings, want leerlinge sowel as staflede ontvang hier raad en hulp in hulle werk en probleme. Op alle komitees wat met leerlingsake handel dien 'n lid van die Sielkunde Afdeling. Hierdie afdeling dus is 'n uiters belangrike rat in die rehabilitasie-masjien van die skool.

6. Die Verskillende Afdelings waarin die Leerlinge geplaas word.

Uit die nuwelinggroep word die leerlinge nou in een van die volgende groepe ingedeel:

(i) Die landbougroep of plaasafdeling, wat weer in die volgende groepe onderverdeel is nl. die melkery, groentekwekery, vrugteboord en saaiery, wat insluit die plant van mielies en die saai van verskillende voersoorte. Hier word die leerlinge wat meestal van die platteland kom, geplaas, en word hulle baie van moderne metodes van grondbewaring, komposmakery, wisselbou, ens., geleer.

Met hierdie kennis gewapen, kan hulle terugkeer na die plase en reservate, waar hulle tot groot nut kan wees. Nêrens word van ingewikkelde leerplanne en lesings gebruik gemaak nie; hulle leer terwyl hulle doen. Alles is ontwerp en word gedoen om by die aard van die Bantoe te pas.

(ii) Die Tuinbougroep wat merendeels met blomkwekery te doen het, is die volgende afdeling. Veral word hier spesiale aandag gegee aan die voorbereiding van blombeddings, die versorging van sade en plantjies en 'n algemene kennis van die vernaamste blomsoorte.

(iii) Kleremakery: Hierdie afdeling staan onder bevel van 'n Bantoe-instrukteur bygestaan deur 'n assistent. Nuwelinge wat tot hierdie afdeling toegelaat word, begin werk onder die assistent-instrukteur , waar al die skool se herstelwerk gedoen word, met ander woorde die leerlinge begin hier met die mees elementêre werk. Na ongeveer drie maande word hulle na die hoofinstrukteur se afdeling oorgeplaas, indien hul vordering dit regverdig, waar hulle dan onderrig ontvang in die sny en maak van hemde, broeke, onderhemde, hempbaadjies, asook slaappakke vir die hospitaal-afdeling. In die somer dra elke leerling 'n kakiehemp en -broek en in die winter word

dié aangevul met 'n trui, 'n warm onderhemp en 'n paar stewels.

(iv) <u>Skoenmakery</u>: Oor hierdie afdeling is ook 'n Bantoe-instrukteur in bevel, bygestaan deur 'n assistent. Alle nuwelinge begin onder die assistent waar hoofsaaklik herstelwerk gedoen word. Na ongeveer drie maande gaan die nuwelinge oor na die hoofinstrukteur se afdeling waar hy onderrig ontvang in die uitsny, opbou en afronding van 'n skoen.

(v) <u>Houtwerk</u>: Die skrynwerkers maak alle houtwerk wat op die inrigting nodig is, nl., rame vir portrette, tafels, stoele, boekkaste, deure, kosyne, vensters en benewens genoemde artikels is hierdie afdeling ook verantwoordelik vir die reparasie van alle inrigtingsmeubels. Maar dit is moeilik vir die Bantoe-seun wat die inrgting verlaat om sy ambag te beoefen aangesien skrynwerk 'n beskermde werk vir blankes is.

(vi) <u>Blikslaer</u>: Die blikslaer verskaf die talle gieters waarmee die inrigting se groot tuine natgegooi word. Behalwe gieters maak hulle emmers, stofpanne, asblikke en nog baie ander artikels. Ook doen hulle die herstelwerk aan eetgereedskap wat stukkend raak.

(vii) <u>Bou-afdeling</u>: Hierdie afdeling is van groot waarde vir die skool.Geboue vir die inrigting, pakhuise en personeelwonings word deur hierdie afdeling opgerig. 'n Blanke opsigter is in bevel en word bygestaan deur nog drie blanke opsigters en drie Bantoe-opsigters. Die blanke opsigters is verantwoordelik vir die oprig van geboue en reparasies. Elke opsigter het 10 leerlinge onder sy toesig. Een van die Bantoe-opsigters word gebruik om die leerlinge eers die elementêre beginsels van bou- en messelwerk te leer, voordat hulle oorgeplaas word na een van die Blankes se afdelinge, waar hulle dan opgelei word om self te bou.

Die ander Bantoe-opsigter leer sy span weer om stene te maak en te brand, steenoonde te pak, met ander woorde die hele proses van steenmaal vanaf die voorbereiding van die klei tot die steen wat klaar gebak is.

(viii) Skoolafdeling: Die leerlinge kan sover as Std. VI leer. Gewoonlik word die leerlinge wat 'n skolastiese agtergrond het en wat by verdere skoolonderrig sal baat, in die skoolafdeling geplaas. Ook word alle leerlinge onder 15 jaar, indien verstandelik normaal, in die skoolafdeling geplaas.

Dus almal wat reeds vóór opname Std. drie, vier of vyf geslaag het, word getoets vir die moontlikheid van verdere skoolonderwys, d.w.s. as hulle nie reeds te oud is nie. Dit sal nie baat om 'n leerling wat reeds 21 jaar oud is, saam met leerlinge met 'n gemiddelde ouderdom van 16 in Std. 3 te groepeer nie.

Die skoolgroep bestaan dan uit die kleinere of liefs jongere leerlinge en die wat nog baat by verdere skoolonderrig sal vind. Onder die laaste groepe word bedoel die wat moontlik verder gaan leer en die wat begerig is om hulle skoolastiese kwalifikasies te verbeter en daar baat by sal vind in die buitelewe.

In die namiddag gaan die skool-leerlinge na die plaas- of ambagsafdelings, waar hulle 'n ambag geleer word. Dit voorkom dat hierdie leerlinge na vrylating ongewoond aan hande-arbeid is. Op die wyse word hulle ook prakties voorberei en is in staat om hulself beter by omstandighede in die buitelewe aan te pas.

## (7) 'n Paar Algemene Opmerkings oor die Onderwys en Opvoeding aan die Diepkloof-verbeteringskool.

### (a) Die Doel.

Geen werksaamheid kan tot enige vrug lei as dit nie met 'n bewuste doel voor oë verrig word nie. Daar moet 'n definitiewe begin wees en daar moet op ordelike wyse volgens 'n bepaalde sisteem en metode deur gebruikmaking van gepaste middele na 'n vooropgestelde doel voortbeweeg word. Sonder doel sal daar nie enige rigting of plan wees nie en die gevolg sal wees chaos en doelloosheid.

Om 'n vooropgestelde doel te kan bereik, moet daar in die eerste plek geordenheid wees in die werksaamheid wat trapsgewyse tot die doel lei. Tweedens moet die werksaamheid aaneensluitend wees. Elke verrigting moet inpas by die voorafgaande en die daaropvolgende. Derdens moet die handelinge doelbewus en doelgerig wees. Diegene betrokke in die handelinge wat tot die doel lei, moet baie duidelik bewus wees wat die doel is en die handelinge moet op die doel gerig wees. Vierdens, om die doel te kan bereik moet die handelende persone ook vooruit kan sien. Hulle moet kan bepaal watter rigtinge tot die doel lei, en hoe om die werksaamhede aaneenlopend te laat voortgaan. Baie treffend gee J. Chris. Coetzee in die volgende omskrywing die betekenis van 'n doel in die lewe en opvoeding weer: „ 'n Doel in lewe en opvoeding kan gestel word as die ordelike, bewusnagestrewe, voorbepaalde en vooruitgesiene end of beëindiging van ons handeling." (65)

Wat is die doel van die opvoeding en onderwys aan die Diepkloof-verbeteringskool ?

(65) Coetzee. J.C. : Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde. Pro Ecclesia. Stellenbosch 1944. Bladsy 268.

Die doel is om die gedragsafwykende Bantoe-jeugmisdadiger te hervorm tot 'n aangepaste lid in die samelewing. Deur middel van onderwys en opvoeding moet hy gebring word in die regte verhouding tot homself, sy medemens, die natuur en God.

Om hierdie doel te bereik is daar eerstens nodig die opvoeder, leerkrag of „educator." Hy is die persoon wat werkend onderrig gee aan die leerling of „educand", wat werkend leer of onderrig ontvang. Dit wat hy onderrig word genoem die leerstof of inhoud van die opvoeding wat volgens 'n bepaalde plan ooreenkomstig die doel georganiseer is. Hierdie plan is opgestel volgens die aard van die inrigting, in hierdie geval die verbeteringskool.

(b) Sekere belangrike aspekte wat by die opvoeding en onderwys in aanmerking geneem moet word.

Om die inhoud aan die leerling oor te dra moet daar in die eerste plek gebruik gemaak word van hulpmiddels en tweedens moet bepaalde metodes en tegnieke gebruik word. Die hulpmiddels sowel as die metodes en tegnieke sal afhang van die liggaamlike en geestelike ontwikkeling van die leerling asook ook van sy kulturele agtergrond en algemene beskawingspeil.

Die leerlinge aan die Diepkloof-verbeteringskool is in die eerste opsig gedragsafwykende kinders. Tweedens is hulle Bantoes wat uit verskillende rasse bestaan. Hulle verskil dus nie net in die algemeen hemelsbreed van die westerling nie, maar toon ook groot verskille onderling. Derdens is dit uiters belangrik om in aanmerking te neem die plek wat die Bantoe in die Suid-Afrikaanse ekonomiese en sosiale lewe inneem. Om aangepas te wees in die samelewing moet hy voorberei word vir die plek wat hy daarin inneem.

Dit is dus noodsaaklik om by hulle opvoeding en onderwys hierdie faktore in aanmerking te neem.

Die eerste en belangrikste taak van die onderwyser, instrukteur en opsigter is om die kind se gedrag na normaal te bring. Daar word noukeurig op sy afwykings gelet en nadat die oorsake bepaal is, word alle pogings aangewend om dit uit die weg te ruim. In die bepaling van die oorsake speel die onderwyser-sielkundige veral 'n baie belangrike rol.

Omdat opvoeding en onderwys onafskeidbaar verbonde is kan daar natuurlik ook geen opvoeding sonder die bybringing van kennis wees nie. Volgens vermoë, aard en die plek wat die Bantoe in die samelewing inneem word hy opgevoed om 'n nuttige lid van die samelewing te wees.

Wat die sosiale en ekonomiese lewe betref neem die Bantoe ooreenkomstig sy ontwikkeling 'n ondergeskikte plek teenoor die blanke in. Op alle terreine verrig hy meer algemene werk en nog nie in 'n baie groot mate gespesialiseerde arbeid nie. Vir die algemene werk wat hy verrig is daar egter ook deeglike opleiding en voorbereiding nodig en dit is juis wat Diepkloof met sy onderwys- en opvoedingsmetodes poog te doen.

Daar is egter ook 'n verskil in die algemene dienste wat die Bantoe verrig en gevolglik is dit ook nodig om elke leerling in 'n werk op te lei ooreenkomstig sy vermoë.

(c) <u>Die metodes en tegnieke wat gevolg word.</u>

Deur gebruikmaking van toetse word die leerlinge volgens vermoë en plek van herkoms in een van die volgende afdelings geplaas: ambagte, landbou, tuinbou, skoolafdeling, inrigtingsdienste en huishoudkundige werk.

Die metodes wat in elke afdeling gebruik word is eenvoudig en prakties. Daar word

soveel moontlik gebruik gemaak van aanskouing en mededeling.

(i) Ambagte.

Die opleiding wat die leerlinge in die verskillende ambagte soos boukunde, skrynwerk, kleremakery, skoenmakery en blikslaery ontvang is baie elementer en voldoen nie aan die vereistes wat die verskillende bedrywe in die buitelewe stel nie. Hierdie leerlinge is egter meer handvaardig as die res en daarom word hulle hierdie meer gespesialiseerde werk geleer.

Vir elke ambag het die skool self 'n leerplan opgestel wat grotendeels gegrond is op die praktyk en wat die leerling trapsgewyse oplei om selfstandig sekere artikels te vervaardig. Op die wyse voorsien die skool self in die meeste van sy benodighede.

Kwartaalliks word elke leerling se werk beoordeel om vas te stel watter vordering hy gemaak het.

Behalwe die onderwys wat die leerling van die instrukteur ontvang, word daar ook gebruik gemaak van films. Die filmafdeling van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap het baie geskikte films vir al die ambagsafdelings.

Om die leerlinge 'n kans te gee om sake self te deurdink en uit te vind, word die gevorderde groep soms die geleentheid gebied om artikels op hulle eie te vervaardig. Hulle kry slegs hulp van die instrukteur as hulle daarvoor vra of as hy merk dat hulle die spoor heeltemal byster raak.

Bogenoemde prosedure word in elke ambag gevolg. As die leerling nie vordering in die een ambag toon nie word hy na 'n ander afdeling oorgeplaas.

(ii) Landbou en Tuinbou.

Soos reeds gemeld is hierdie

afdelings in onderafdelings verdeel volgens die ingewikkeldheid en belangrikheid van die werk. Hier weer is die indeling van die leerlinge volgens vermoë. In elke onderafdeling ontvang die leerling die nodige opleiding hoe eenvoudig ookal. Selfs in die afdeling gewone of algemene arbeid word altyd gepoog om die leerling duidelik die doel van die arbeid te laat sien.

Dit is veral in hierdie afdelings waar die leerling kans gegee word om sy selfwerksaamheid, inisiatief, deursettingsvermoë en prestasievermoë op praktiese wyse te beoefen. Deur voorbeeld en mededeling kan die leerling gelei word en hy kan die geleentheid gegee word om deur self te doen die sake te deurdink en uit te vind.

Op hierdie afdelings word besonder gekonsentreer want op die huidige stadium is dit nog die wyse waarop die meerderheid van die Bantoes 'n bestaan maak. Voor enige volk'n 'n eie bestaan kan maak is dit noodsaaklik dat hy weet.hoe om voedsel te produseer. Veral vir die Bantoe wat nog so na aan die grond is, is die noodsaaklik om hom te leer wat hy uit daardie grond kan haal en hoe hy die moet versorg. Hy moet leer om die grond lief te hê, te bewerk en te bewaar.

Hier word hy dan ook geleer hoe om die bodem voor te berei en te bewaar. Verder word hy alles omtrent die belangrikste groentes, voergewasse en ander produkte geleer.

Die leerling op die boerdery-afdeling en die tuinery is nie algemene arbeiders nie maar leerlinge in 'n landbouskool waar hulle op 'n eenvoudige manier in die metodes en geheime van die landbou en tuinbou onderwys word. Ook hier word gebruik gemaak van films en allerhande aanskouingsmetodes. Die doel is nie net om die leerling op te lei in die verskillende boerderymetodes nie, maar om hom weer sy liefde vir die grond te laat herwin.

(iii) Skoolonderrig en Spesiale klasse.

Die laerskoolleerplan vir die Transvaalse Bantoe-skole word hier gevolg. Veral word in die skool gebruik gemaak van die Bennett-stelsel en soortgelyke stelsels om die onderwys meer aanskoulik voor te stel. Verder speel opvoedkundige films 'n baie belangrike rol in die metodes van onderwys.

Omdat kennis van die drie Re vandag onontbeerlik is, word daar ook voorsiening gemaak vir spesiale klasse vir analfabete.

Behalwe die spesiale klasse vir analfabete word daar ook spesiale onderwys gegee in algemene kennis. Die Bantoe is oor die algemeen nog baie verlore wat die gebruik van sekere praktiese instellings soos die spoorweë, die poskantoor, gesondheidsklinieke, die dienste van die polisie, padveiligheid en so meer betref. Hierin word hulle op 'n praktiese wyse onderwys deur hulle in die werklikheid daarin te laat deelneem. Hulle word in groepe opgedeel en elke groep neem dan aktief deel.

Deur middel van spesiale higiëne en Eerstehulpklasse word daar toegespits op die versorging van die liggaam en die voorkoming van siektes. Die metodes wat gevolg word is weer selfwerksaamheid en aktiwiteit.

Die higiëniese reëls word dwarsdeur sy werk gereeld toegepas. In die Eerstehulpklasse doen hulle aktief mee.. Daar word veral op die praktiese deel gekonsentreer. Hierdie klasse is verpligtend vir alle leerlinge in die verbeteringskool.

(iv) Inrigtingsdienste en Huishoudkundige werk.

Die inrigtingsdienste sluit die volgende in: kantoorbodes, hospitaalordonnanse, skoonmakers, koks, bakkers en ander algemene dienste aan die inrigting. Die metode van onderrig is

hier ook mededeling terwyl gedoen word.

Vir die huishoudkundige werk word die leerlinge as huisbediendes by die personeel geplaas. Elke huisvrou is verantwoordelik dat die leerlinge in haar diens deeglik opgelei word in die huishoudelike pligte wat 'n huisbediende behoort te vervul.

(v) Nasionaliteit en Opvoeding.

Hoewel die Bantoe bekend moet wees met die sedes en gewoontes van die blanke, soos laasgenoemde ook met die Bantoe s'n behoort te wees, is dit geensins die doel met die opvoeding te Diepkloof om die Bantoe-kind 'n nagemaakte blanke te maak nie. Hy moet 'n Bantoe bly en trots wees daarop dat hy 'n Bantoe is. Daarom word hy geleer om sy volk en homself te respekteer.

Sover dit higiënies en dieëtkundig toelaatbaar is word sy voedsel volgens Bantoegebruike voorberei. Sy slaap en eetgeriewe is volgens Bantoe-tradisie ingerig.

Hoewel hy die twee amptelike tale moet ken word daar spesiaal op sy eie taal gekonsentreer. Soveel moontlik ontvang hy onderwys daarin, en godsdiensonderrig vind uitsluitlik in sy moedertaal plaas.

Spesiale aandag word gegee aan die vertel van ou Bantoe-legendes en hulle volksverhale. Hulle word hul volksdanse en -liedjies geleer en dikwels word daar ywerig tussen die verskillende groepe meegeding. Veral word daar baie op sang toegespits want dit het nie alleen 'n baie strelende uitwerking op sy gevoelslewe nie maar dit is 'n natuurlike gawe van die Bantoe wat hy nie durf verwaarloos nie.

Hy word sy volksgeskiedenis geleer om bekend te raak met sy volksverlede, volksmanne en volkshelde. Hy moet besef om 'n nasie te word en 'n nasie te bly hy sekere tradisies uit sy

volksverlede moet handhaaf en behou en dat 'n volk waarvan 'n groot persentasie leeglopers en anti-sosiale wesens is nie kan voortbestaan nie. Hy moet volgens eie aard en tradisie ontwikkel op dit wat vir hom heilig is en nie ander volke slaafs navolg nie.

Voorafgaande is slegs 'n paar algemene aanmerkings oor die opvoeding en onderwys aan die Diepkloof-verbeteringskool. Sekere aspekte van die opvoedingsprogram vereis meer aandag en daarom word die godsdiensonderwys en 'n paar ander belangrike items in die hieropvolgende hoofstuk breedvoeriger bespreek.

## (8) Liggaamlike Opvoeding en besteding van Vrye Tyd.

### (a) Liggaamlike Opvoeding.

Die waarde van liggaamlike opvoeding en ander naskoolse bedrywighede vir die rehabilitasie van die jeugmisdadiger word hier op Diepkloof terdeë besef en alle leerlinge wat medies geskik is word verplig om daaraan deel te neem. Hierdie afdeling moet dus goed koördineer met al die ander afdelings.

Liggaamlike opvoeding sluit in liggaamsoefeninge, atletiek, spele en sport. Hier waar daar so baie handearbeid en praktiese werk verrig word, word dit onderrig, nie so groot om die oefening op sigself nie, maar omdat dit 'n verandering in aktiwiteit is. Die mens is nie net 'n werkende wese nie, maar hy wil ook speel, vryelik beweeg, gesellig saam verkeer en vryelik kompeteer.

Op hierdie wyse word in baie leerlinge eienskappe ontdek wat andersins onbekend sou gebly het. Hier word soms nuwe beginpunte ontdek waarop voortgebou kan word.

Die klasse is so ingedeel dat elke leerling drie periodes van 40 minute elk per week liggaamlike opvoeding ontvang. Twee periodes word gebruik vir gimnastiek en een vir atletiek.

Die periodes in liggaamlike opvoeding word op so'n wyse in die werkrooster ingesluit dat dit geen inbreuk op die organisasie maak en onnodig tyd verkwis nie. Die groepe wat ver van die liggaamsoefeningterrein werk, doen gewoonlik die eerste of laaste periode liggaamsoefening en die ander groepe doen die periodes tussenin. Na afloop van die klas moet die leerlinge 'n bad neem.

Die liggaamlike opvoeding wat ook atletiek insluit het 'n baie heilsame uitwerking op

die leerlinge. Nie alleen verbeter hulle liggaamsbou nie maar dit het selfs geestelik 'n goeie uitwerking. Baie van die leerlinge word meer openlik, genaakbaar, verantwoordelik en selfstandig.

Deur toetsing is gevind dat die gemiddelde verbetering wat leerlinge 'n jaar na toelating oor 220 tree toon so hoog as 4 sekondes is.

Die verspring het 'n gemiddelde verbetering van 1 voet 10 duim getoon en die gewigstoot 1 voet 2 duim. Hierdie gemiddeldes is gebaseer op 100 onuitgesoekte leerlinge. Proefnemings met 800 leerlinge is nog aan die gang en interessante resultate word verwag.

Liggaamlike opvoeding neem dus 'n prominente plek in Diepkloof se opvoedingsprogram in. Dit is hier waar die leerling kans kry om uiting te gee aan sy aktiwiteitsdrange, sy selfwerksaamheid, liggaamlike behendigheid ens., en so word die drang tot misdaad gesublimeer. Hy beweeg nie alleen vrylik nie, maar word toegelaat om te skreeu, hulp aan te bied, te kompeteer en word selfs deur die voorbeeld van sy maats wat hom die beste verstaan geleer. Met 'n kort mars op die maat van een of ander van hulle volksliedjies wat hartlik saamgesing word, word die oefeninge afgesluit.

Hulle geniet dit almal. Die wat dit nie geniet nie is diegene wat hulle ook nie in die buitelewe sal aanpas nie.

Liggaamlike opvoeding is een van die opvoedkundige wetenskappe wat die algemene vermoëns en eienskappe van die mens op 'n oorsigtelike wyse die beste uitbring.

Die <u>driloefening</u> wat te Diepkloof gegee word verskil heeltemal van kadetdril vir blanke seuns. Die doel met die driloefening is om die leerling dissipline te leer en om hom op ordelike wyse van die een plek na die ander te laat beweeg. Dit bring ook mee dat die leerling se houding

in die algemeen verbeter. Hy loop meer flink, hy staan behoorlik regop as met hom gepraat word, met ander woorde daar is meer vuur en trots in sy houding. Dit bring mee dat hy 'n beter indruk op werkgewers maak as die Bantoe wat nie hierdie opleiding gehad het nie, en gevolglik is sy kanse vir werk soveel beter.

"The drill and discipline to which the inmates are subjected, bring about a positive improvement in the physical constitution of the individual. They harden and develop the muscles that previously were soft and flabby, and the entire muscular system acquires firmness and power. The physical training, the drill, the gymnastic exercises confer on the individual an alertness and an agility in movement not before experienced. The previous dull, aimless, shuffling gait gives place to a carriage that betokens elastic muscles and supple joints.

With physical culture and improvement there comes a mental alertness, a cerebral activity never before manifested in their lives. These thus occurs a simultaneous and rapid improvement, moral, physical and intellectual - an improvement that is common to all. although more pronounced in some." (66 )

(b) Naskoolse Vryetydsbesteding.

(i) Padvindersbeweging.

Alle leerlinge wat die tweede stadium van die vryheidstelsel te Diepkloof bereik het word ook outomaties lede van die Padvindersbeweging. Hulle neem deel aan kompetisies en een keer 'n jaar kamp hulle uit op 'n plek te Diepkloof wat spesiaal vir sulke aangeleenthede ingerig is.

(66) Barmen .S. : "The English Borstal System"; King & Son. London. 1934. Bladsy 43.

(ii) Filmvertoning.

Die skool beskik oor 'n filmprojektor wat baie dikwels gebruik word. Twee keer per maand word een of ander goedgekeurde bioskoopprent vertoon. Verder word daar gereeld opvoedkundige films vertoon wat handel oor Godsdiens, Eerstehulp en Higiëne. Die les word altyd vooraf behandel en daarna word die film vertoon wat in die geval van die Bantoe besonder doeltreffend is.

(iii) Sport en Binnemuurse Aktiwiteite.

Behalwe sport wat insluit krikiet en sokker is daar ook in die aand reëlings vir binnemuurse aktiwiteite wat sang, orkesoefening, boks en ander speletjies insluit. Die leerlinge is besonder begerig om bogenoemde by te woon want vir hulle is dit 'n groot vermaaklikheid, en dus 'n besondere goeie tydverdryf.

Die binnemuurse aktiwiteite dien as hulpmiddels om hulle saans weg te hou van die strate af. In plaas van hulle vrye tyd met boewe en rondlopers op die strate deur te bring kan die leerlinge hulle tyd saam met hul familiebetrekkinge of vriende aan huis geniet. Daar is minder kans om in slegte geselskap te kom en ook minder versoekings om ongewenste dade te begaan.

Binnemuurse aktiwiteite skep nie alleen 'n aangename huislike atmosfeer nie, maar verwek 'n samehorigheid by die huisgesin wat dit 'n entiteit op sy eie maak.

Die gedagte agter die hele organisasie van liggaamlike opvoeding en vryetydsbesteding is om die leerlinge te dissiplineer en hulle aan die roetine te gewen, wat hulle sal ondervind in die fabrieke en elders waar hulle eendag moet gaan werk, en ook natuurlik om hulle te laat besef dat dissipline en roetine nie noodwendig op hulle vryheid inbreuk maak nie, maar dat dit juis hulle lewe so sal organiseer dat hulle ware vryheid sal geniet.

(9) Godsdiensonderrig aan die Verbeteringskool.

Enige kind het reg op opvoeding, godsdienstig sowel as sekulêr en geen ouer mag die kind dit onthou nie. Godsdiensopvoeding is 'n reg van die kind en die plig van die ouer; wie hierdie reg van die kind ontneem doen hom 'n groot onreg aan, want die religie is deel van 'n mens se wese. Die godsdiens of liewer religie is nie 'n toevallige, willekeurige bykomstige eienskap nie maar 'n integrerende deel van die mens se natuur, die kenmerkende onderskeid tussen die mens en die dier.

Die ware en suiwer godsdiens is om God te ken, lief te hê en te dien met die hele verstand, die hele siel en met alle krag.

Die mens besit 'n ken-, gevoels- en strewingslewe, met ander woorde dit is 'n kwessie van die hoof, die hart en die hand. Indien enige van hierdie drie uitgesluit word kan die opvoeding net gedeeltelik wees.

Daar moet gesorg word vir die hoof, d.w.s. die verstandelike ontwikkeling en kennis, want hy wat handel sonder kennis is dwaas.

Van die hoof werk die kennis deur tot die hart waar die liefde, die vernaamste grondfaktor van die vroomheid setel. In die hart word allerlei gemoedsaandoeninge soos vrese en hoop, droefheid en blydskap, skuldbesef en vergiffenis, ellende en verlossing gewek. Die hart bepaal die mens ook as 'n godsdienstig-sedelike wese, en daarom moet die regte opvoeding van die hart wees „diens aan God."

Dit bepaal verder die geloof, wat 'n hartelike vertroue is, of soos die apostel Paulus dit uitdruk: „'n vaste vertroue op dinge wat ons hoop, en 'n bewys van dinge wat ons nie sien nie."

Die godsdiens is dus onmisbaar in die opvoeding en is een van die grondbeginsels

in die rehabilitasie van die Bantoe-jeugmisdadiger te Diepkloof.

Sonder godsdiens kan geen nasie werklik beskaafd word nie. Dit is dus noodsaaklik dat godsdiens 'n sentrale plek in die onderwys moet inneem om die hele gees van die skool te bepaal. Daarom word daar by die verbeteringskool dan ook besondere aandag aan godsdiens gegee.

By toelating is godsdiens vir meeste van die leerlinge maar iets baie vaags en onbekend. 'n Groot getal weet nie aan watter kerk hulle behoort nie en baie het nog nooit 'n kerkdiens bygewoon nie. Na baie ondervraging is die volgende indeling opgestel vir die jaar 1951.

Tabel XII.

Kerkverband van Diepkloof-leerlinge.

| Naam van Kerk | Getal | Persentasie |
|---|---|---|
| Rooms Katolieke Kerk | 125 | 17.21 |
| Anglikaanse Kerk | 148 | 20.38 |
| Metodiste Kerk | 159 | 21.9 |
| Presbeteriaanse Kerk | 7 | 0.96 |
| N.G. Kerke | 32 | 4.40 |
| Switerse Sending | 9 | 1.12 |
| Londense Sending | 8 | 1,10 |
| Luterse Kerk | 38 | 5.23 |
| Sektes | 132 | 18.18 |
| Geen kerk | 68 | 9.36 |
| | 726 | |

Die kerkverband is egter so los dat by toelating baie min leerlinge 'n onderskeid tussen hulle kerk en ander kerke sien.

Die beleid ten opsigte van kerkdienste is dat enige kerkgenootskap sy lidmate kan bearbei solank dit nie onderbreking in die werksaamhede van die inrigting veroorsaak nie. Sekere

kerkgenootskappe soos die N.G. Kerk, Anglikaanse en Rooms-Katolieke kerk en die A.E.B.- sendinggenootskap maak dan ook van hierdie geleentheid gebruik deur gereeld die leerlinge wat aan hulle kerk behoort te besoek en dienste te hou.

Behalwe die gewone kerkdienste is daar ook Bybelonderrig en godsdiensoefeninge wat die volgende insluit:

(i) Aandgodsdiens net na aandete. Daar word gelees uit die Bybel en die gelese gedeelte word kortliks verduidelik. Daar word gesing en 'n gebed word deur die Bantoe-staflid wat die diens lei, gedoen. Hierna bid die leerlinge Onse Vader saam en dan word die Seën uitgeppreek.

(ii) Om 8.45 n.m. lui die klok vir stilte. Elke slaapkamer word van 'n Bybel voorsien en een van die leerlinge lees 'n gedeelte daaruit. Daar word gebid en gesing en hierna gaan die leerlinge na bed.

(iii) Daar word gebid en gedank by etes.

(iv) Die skoolafdeling open smôrens met godsdiensoefening en godsdiens as 'n vak word aan die leerlinge in hulle eie taal onderrig.

(v) Elke Sondagmôre is daar 'n diens deur 'n evangelis of een van die Bantoe-onderwysers.

(vi) Op Sondagmiddag word daar gereeld sondagskool gehou.

(vii) Formele Bybelonderrig vind twee keer per week plaas, nl. een keer vir die inwoners van die hoofhostel en een keer vir die leerlinge in die ander hostelle. Hierdie onderrig word by die aandprogram ingesluit. Die leerplan en die leesskemas is deur die blanke vise-prinsipaal opgestel, maar die onderrig word deur die Bantoe-onderwysers en ander bevoegde Bantoe-staflede onder leiding van die vise-prinsipaal gegee. Op hierdie wyse kry die leerling 'n begrip van Bybel -geskiedenis, want vir die Christen behoort die Bybelse geskiedenis te dien as die rigsnoer in sy lewe.

Om God te ken moet die kind die Geskiedenis soos in die Bybel verhaal is ken, want die Bybel is die openbaring van God en Sy werke. Die mense en gebeurtenisse in die Bybel is slegs middele wat vir die openbaring van God gebruik word en dit gaan nooit om hulle self in die eerste plek nie.

Wat betref die metode van onderrig moet dit die doel regverdig nl. om die kind, 'n mens van God, op te lei in die openbaring van God, sodat hy God kan ken, liefhê en dien, en dan so ook lewe tot eer van God en sy eie saligheid.

Die Bybel word dûs gebruik en 'n beroep op die verstand en die gemoed van die kind gemaak.

Op verstandelike gebied is die volgende die vier hoofmetodes:

(1) Aanskouing: hier word goedgekeurde Bybelse prente, films ens., gebruik.

(2) Mededeling: Die wonderlike verhale in die Bybel word aan die kind vertel. Hierdie verhale word ook baie goed deur handboeke en ander uitgawes insake die Bybel behandel. Hulle dien tot groot hulp indien hulle nie afwyk van die Bybelse waarhede nie.

(3) Die metode van ontwikkeling. Die kind word geleer hoe om die Bybel se waarhede in sy eie lewe toe te pas en hoe om die hand van God in sy eie bestaan te sien. Die vraag-antwoord metode word gebruik en die leerling en sy meester bespreek sake. Die leerling vra sy meester omtrent sake wat nie vir hom helder is nie.

(4) Die metode van selfuitvinding. Die kind begin die afgeleide waarhede of sy eie lewe toets aan die woord van God.

Die tipe les wat gegee word is die vertelling, met ander woorde die onderwyser vertel en die leerling luister. In sy vertelling toon die onderwyser dat hy goed voorberei is, want hy moet die leerlinge se aandag hou. Saam met die leerlinge moet

hy in die hele gebeure lewe en dit is baie belangrik by Bantoe-kinders.

Die handboeke vervang nooit die Bybel nie, en daarom word die Bybel gereeld gelees.

Lang preke baat nie veel nie, want 'n groot gedeelte van die Bantoe-leerlinge sit en slaap of gee glad nie aandag nie.

As die groep te groot word raak die onderwyser se invloed te verspreid en verloor baie van sy krag. Daar moet met klein groepe gewerk word, sodat meer indiwiduele aandag gegee word.

Behalwe die gewone vertelles,films ens., moet die leerlinge ook stukkies uit die Bybel leer.

Die Skepping en die Bybelse geskiedenis word so prakties en eenvoudig moontlik aan die Bantoe-kind verduidelik en op die wyse word hy sedelik en moreel opgebou.

Vrae soos die volgende word dikwels deur die Bantoe-kind gevra:

(a) Wie is God ?
(b) Waar is God ?
(c) Hoekom kan mens God nie sien nie ?
(d) Wat maak God ?

Hierdie is maar 'n paar van die praktiese vrae wat die eenvoudige en onontwikkelde leerling vra. Dit is te verstaan, want hy is nie in staat om abstrak te dink nie. Dinge wat hy nie deur sy oë, ore, smaak, reuk en tas kan waarneem nie, bestaan eenvoudig nie vir hom nie.

Om bogenoemde vrae te beantwoord is die beste metode, veral in die geval van die Bantoe-kind, om aan hom bekend te maak die werke van God. Om hierdie rede is die leerplan opgestel met die Skepping as uitgangspunt.

Die leerling kan baie van hierdie dinge waarneem. Sy weetgierigheid word geprikkel, hy begin vrae vra en die onderwyser gee die leiding.

Sodra die Skepping vir hom duidelik is, begin hy besef watter groter wondere deur God verrig is, en dadelik begin hy besef wie God is.

Na die Skepping word die verhouding tussen God en mens behandel. Hy kom tot besef hoe nietig die mens teenoor God is en bewustelik en onbewustelik kry hy 'n idee van die mag en gesag van God. Verskillende verhale in die Bybel word ter illustrasie gebruik. Deur middel van die verhale word op die liefde, genade, lankmoedigheid e.d.m. gewys, maar ook op die onverbiddelike gehoorsaamheid, eerbewys en diensbaarheid wat God verg. Ongeregtighede laat Hy nie ongestraf nie.

Later word oorgegaan na die Seun van God, Jesus Christus. Deur vertelling en toepassing word verduidelik wat Hy vir die mens opgeoffer het en vir hom beteken.

Hierdie is slegs 'n baie beknopte samevatting van die plan wat gevolg word om die ewige waarhede wat strek tot anderkant die graf aan die leerling se verstand te bring.

Sodra hy bekend is met die algemene grondbeginsels word daarop uitgebrei en die grotere leerlinge word voorberei vir lidmaatskap van sy kerk. As hy lidmaat van een of ander kerk is, bestaan daar altyd 'n groter moontlikheid dat hy 'n christelike lewens- en wêreldskouing sal navolg as wanneer hy aan geen kerk behoort nie.

Young sê: "With almost all delinquents boys or girls, rich or poor, it is the positive rather than the negative aspects of religious teaching that should chiefly be enforced.

If a direct reference to such things is necessary, virtues and not vices should most of all be dwelt upon. For the rest bad habits like intemperence and unchastity are better depicted, not as horrible iniquities, but simply as hygienic follies - faults which, if persisted in, will stop the child from keeping himself physically and mentally fit. Always the quiet example will be much more effective than the eloquent sermon, and the

indirect method will yield the richest fruit."
( 67)

(10) <u>Die Vryheidstelsel aan die Diepkloof-verbeteringskool.</u>

Die eerste doelstelling van die verbeteringskool is om die leerling te laat aanpas in die program van die skool self. Hierdie doelstelling, hoe belangrik ookal, is slegs sekondêr. Die hoofdoel is om die leerling te laat aanpas in die samelewing. Om dit te bewerkstellig is dit noodsaaklik dat deel van die heropvoedingsproses in die samelewing self moet plaasvind.

Opvoeding in die samelewing vereis natuurlik dat die leerling groter vryhede moet toegestaan word as in 'n inrigting. Aan die ander kant egter word daar ook tegelykertyd groter verantwoordelikhede op hom geplaas en word hy die geleentheid gegee om selfdissipline te beoefen.

Omdat hy hierdie vryhede in die samelewing misbruik het, moet hy voorberei word hoe om dit reg te gebruik en selfbeheersing te beoefen.

Die verbeteringskool wat ook as taak het die veilige bewaring van die leerling, moet uiters versigtig wees met sy opvoeding sover dit die gemeenskap aangaan en gevolglik moet die kwessie van vryheid in die samelewing baie sorgvuldig gehanteer word.

Om al hierdie moeilikhede te bekamp het Diepkloof 'n vryheidstelsel ontwerp wat op die volgende beginsels gebaseer is:-

(i) Vryheid van die leerling in die samelewing word slegs toegestaan na die leerling goed aangepas is in die verbeteringskool.

(ii) Die vryheidsvoorreg berus uitsluitlik op verdienste.

( 67) Young. P.V.: Social Treatment in Probation and Delinquency. McGraw-Hill, New York, 1947. Bladsy. 512.

(iii) Groter vryheid word baie geleidelik en sistematies toegeken.

(iv) Sodra die leerling sy vryhede begin misbruik word dit hom ontneem.

Toekenning van Vryheid.

Die nuwe toelating of heropname geniet geen vryheidsvoorregte by toelating nie. Hy werk onder toesig en niemand word toegelaat om hom uit die oog te stuur nie.

Vryheidsvoorregte in die Samelewing.

Nege of twaalf maande na toelating word die leerling se eerste vryheidsvoorreg in die samelewing oorweeg. Hierdie vryheid word deur die Spanoffisiere aanbeveel en deur die Sielkunde-afdeling goedgekeur.

As die vryheid goedgekeur is, word dit by 'n spesiale geleentheid net voor aandgodsdiens in die openbaar deur een van die hoofde van die inrigting toegeken.

Die leerling word uitgeroep en moet 'n belofte maak wat die volgende vier hoofgedagtes insluit:-

(i) Hy sal nie sy vryheid gebruik om mee weg te loop nie.

(ii) Hy sal nie andere se besittings op 'n onwettige manier bekom nie.

(iii) Hy sal die reëls, regulasies en wette van die skool getrou en stiptelik nakom.

(iv) Hy sal die reëls en wette van die samelewing getrou en stiptelik nakom en alle pogings aanwend om nie weer te verval nie.

Na aflegging van sy belofte ontvang die leerling 'n hemp met die vryheidswapen daarop. Die vrywapen is 'n driehoekige stukkie groen materiaal

wat op die boonste helfte van die linkersak vasgewerk word. Dit word op die linkerhempsak vasgewerk omdat dit die naaste aan die hart is, die setel waaruit die belofte kom. Die leerling word ook dan dienooreenkomstig ingelig en voorberei vir die wapen. Die wapen is 'n simbool dat hy nou vertrou word, dat hy die kans gegee word om self na hom om te sien, en dat hy nou voorberei word vir die buitelewe. Dit is ook 'n simbool van sy voornemings en dien as 'n steun wanneer hy in versoeking kom.

Na die leerling die eerste vryheidsvoorreg ontvang het, kan hy op boodskappe gestuur word maar hy mag nie die inrigtingsterrein verlaat nie. Dan word hy ook elke Sondagagtermiddag uitgeteken om tussen 2 en 5 uur op die gronde rond te wandel sonder enige toesig. Die Bantoe noem hierdie wandelinkies „Vagasha", wat beteken kuier. Hy geniet dit baie en sien ook baie daarna uit.

Terwyl die leerling hierdie voorreg geniet is hy nog in die hoof- of veiligheidsgebou. Hy is dan net gedurende die dag vry en natuurlik Sondagmiddag.

As hy hierdie vryheid goed gebruik en verdere vordering toon ontvang hy 'n tweede vryheidsvoorreg. Dit gebeur gewoonlik 'n maand of twee na hy die eerste voorreg ontvang het. By die ontvangs van die tweede voorreg word hy van die hoofgebou oorgeplaas na die verdienstelike hostelle waarvan die skool op die oomblik ses besit.

Om te toon dat hy weer 'n verhoogde status bereik het, ontvang hy ook 'n ander wapen. Hierdie wapen bestaan uit twee driehoekige stukkies materiaal wat saam 'n reghoek vorm en die hele hempsak bedek.

In die verdienstelike hostelle geniet die leerling dieselfde vryheid as die skoolseun op die koshuis by provinsiale skole.

Soos enige organisasie het die hostelle ook hulle reëls en regulasies wat moet nagekom word, maar die toesig is minder direk. Die leerling word geleidelik toegelaat om meer self-dissipline te beoefen.

As die leerling se gedrag in die hostelle bevredigend is ontvang hy na 'n maand of twee 'n derde vryheidsvoorreg. Hy word nou een-keer per maand vir 'n naweek op spesiale verlof gestuur om sy ouers of familiebetrekkinge te gaan besoek. Hy word Saterdagmôre om 8 uur uitgeboek en moet Sondagaand om 6 uur terug rapporteer.

As hy in hierdie toets van die skool se battery van vryheidsvoorregte slaag ontvang hy 'n vierde vryheidsvoorreg; hy word oorgeplaas na die uitplasingshostel en van 'n werk voorsien. Die hostel is onder toesig van 'n Bantoe-huisvader en huismoeder.

Die hostel dien in die eerste plek as 'n huis en in die tweede plek as 'n losieshuis. Dit is vir die leerling 'n huis omdat hy hier ouer-like versorging ontvang, maar dit is ook 'n losies-huis omdat hy vir sy onderhoud betaal.

Na hy 'n jaar in die Uitplasings-hostel was word hy met vergunning vrygelaat. Die leerling aan die Rand het die voordeel dat hy sy werk behou en dit is dus nie nodig vir hom om weer by nuwe en veranderde werksomstandighede te gaan aanpas nie.

## Die Opvoedkundige waarde en Praktiese nut van die Diepkloof-vryheidstelsel.

Baie skole skakel vryheid in die samelewing uit en verskaf soveel vryheid moontlik binne die raamwerk van die inrigting self. Hierdie vryheid is nodig maar nie voldoende nie. Sonder die natuurlike vryheid in die samelewing is dit slegs kunsmatige vryheid, want die leerling leer nie om hom in die samelewing waarheen hy teruggaan aan te pas nie.

Die eerste opvoedkundige waarde van die Diepkloof-vryheidstelsel is dan ook dat die leerling trapsgewyse in die samelewing aanpas. Met sy aanpassing in die inrigtingslewe en roetine het hy inrigting-gefikseerd geraak en om hom weer in die samelewing aan te pas moet hy samelewing-gefikseerd raak om in die samelewing aan te pas. Hierdie aanpassing is 'n geleidelike proses en gevolglik moet dienooreenkomstige metodes toegepas word.

Die tweede opvoedkundige waarde is, dat namate die leerling meer vryheid ontvang daar ook groter verantwoordelikheid op hom geplaas word. Hy kry nou ook kans om selfdissipline te beoefen want die versoekings word ook meer.

Die nut van die stelsel is hierin geleë, dat dit ook 'n praktiese toetsmetode is. Die baie swak leerling sal al in die vroegste stadia van sy vryheid begin afwykings toon en so kan daar vasgestel word watter mate van vordering elkeen gemaak het. Die beter leerling of die leerling wat hom geleidelik kan aanpas sal deur die verskillende stadia van vryheid gaan sonder om buitengewone afwykings te toon.

'n Ander nut wat die stelsel het, is dat dit aan die leerling 'n praktiese taak stel wat hy slegs deur verdienstelike gedrag kan afhandel. Die mate van vryheid wat hy ontvang hang van homself af; ook hang dit van hom af of hy op die vasgestelde tyd met vergunning vrygelaat gaan word.

Verder is dit ook 'n praktiese metode om die personeel se werk te toets. Deur die vryheidstelsel kan vasgestel word of die leerling werklik die vordering gemaak het wat die inrigting in gedagte gehad het.

Die vryheidstelsel dien ook as 'n veiligheidsklep. In plaas van weg te breek om sy vryheid te kry kan hy dit verdien.

Die vry leerlinge skep ook 'n aangename gees in die inrigting as geheel. Die toestand raak nie so gespanne as wanneer almal gedurig

moet opgepas word nie. Die vry leerlinge dien nie slegs net as aansporing vir die ander om ook die voorregte te bekom nie, maar bewustelik en onbewustelik oefen hulle ook 'n mate van toesig uit oor die wat nie vry is nie. Die toesig is daar nie soos in die geval van die personeel van buite af nie, maar van binne af sonder hulle self.

Die vryheidstelsel kan verder ook gebruik word as 'n belangrike tugmiddel. As die leerling teenoor die samelewing of die inrigting oortree het verbeur hy sekere van sy vryheidsvoorregte en hy verloor dan ook die wapen wat die vryheidsvoorregte aangedui het. Dit maak nie slegs 'n blywende indruk op die leerling nie, maar hy besef baie duideliker dat as hy teen die samelewing oortree hy uitgewerp word.

## Die Prefek- of Monitorstelsel.

Die vryheidstelsel sluit ook in die prefek- of monitorstelsel. As 'n leerling se gedrag baie goed is en hy lê leierskap aan die dag kan hy 'n prefek of monitor word. Selfs hierdie stelsel is ook in 'n rangorde ingedeel. Eerstens word die leerling op proef geplaas deur sy spanoffisier om te kan beplaal of hy prakties aan die vereiste van 'n leier voldoen. Veral word op die volgende persoonlikheidseienskappe gelet:- selfvertroue, selfbeheersing, inisiatief, bedagsaamheid, hardwekendheid, vertroubaarheid, lojaliteit, kalmte, e.d.m.

As hy sy proeftyd deurgemaak het ontvang hy sy eerste wapen. Hierdie wapen verskil van die gewone vryheidswapen dat die linkerhempsak met 'n rooi materiaal oorgetrek is. Die wapen is baie opvallend en die leerling kan maklik tussen die ander uitgeken word.

Die toekenning van hierdie wapen vind ook in die openbaar plaas en net soos in die geval van die vrywapen moet die leerling ook 'n belofte aflê. Die inhoud van die belofte kom min of meer op die

volgende neer:-

(i) Hy belowe dat hy sal saamwerk met die Staf, die huiskapteins en hoofleerlinge.

(ii) Hy belowe om die reëls en regulasies van die inrigting stiptelik en noukeurig na te kom.

(iii) Hy belowe om te help om die kleintjies sowel as die groot leerlinge op die regte pad te hou.

(iv) Hy belowe om hom na vrylating uit die inrigting goed te gedra in die buitelewe.

Na die ontvangs van hierdie wapen het die leerling nou die status van prefek of soos dit hier op Diepkloof genoem word, van hoofjong bereik. Hy word dan in bevel van 'n slaaplokaal geplaas. Die hoofgebou of veiligheidsgebou is in vyf huise opgedeel en elke huis bestaan uit drie slaaplokale. As die hoofleerling verdienstelike werk lewer word hy gepromoveer tot huiskaptein en dan in bevel van 'n huis of die slaaplokale geplaas, met die hoofjongens as sy assistente.

'n Huiskaptein geniet die voorreg bo die ander vry leerlinge dat hy 'n maand afslag kry van die minimum aanhoudingstydperk wat op 24 maande vasgestel is.

Behalwe die veiligheidsgebou het die inrigting ook nog sy verdienstelike hostels. Die hostels wat elk 25 leerlinge huisves het elk ook 'n huiskaptein en 'n hoofjong.

In bevel van die huiskaptein by die hostels staan 'n senior huiskaptein, en in die veiligheidsgebou wat ook ingedeel is vir aparte akkommodasie vir kleintjies en groteres is daar ook 'n senior huiskaptein in bevel van die huiskaptein van elke afdeling. Daar is dus drie senior huiskapteins in die inrigting. Hulle kry as vergoeding twee maande afslag.

In wese is die hele vryheidstelsel 'n promosiestelsel wat gebaseer is op verdienstelikheid en wat as hoofdoel het die terugplasing

van die leerling in die samelewing op 'n sistematiese wyse.

Algemene opmerkings oor die vryheidstelsel.

Sodra daar van vryheid gepraat word is baie persone van mening dat 'n beleid van laissez-faire gevolg word. Met die vryheidstelsel op Diepkloof is dit egter nie die geval nie. Dit is vryheid in die samelewing wat onder gesag en beheer staan. Die beheer is egter nie so direk dat dit die vryheid opsetlik beperk nie. Dit is indirek maar aan die ander kant sodanig dat die inrigting presies weet wanneer en hoe die leerlinge dit misbruik.

As die leerling sy eerste vryheidsvoorreg ontvang, wat hom slegs die voorreg van vryheid buite die inrigting maar nie buite die terrein gee nie, sal die inrigting baie gou te wete kom indien hy die vryheid gebruik om die terrein te verlaat, of sommer rond te loop. Die organisasie is so saamgestel dat die inrigting sonder om die leerling op te pas meeste van die tyd weet waar hy hom bevind.

Sodra hy sy tweede vryheidsvoorreg ontvang en na die verdienstelike hostelle gaan, is die versoeking om snags rond te loop, soos baie hostelseuns op enige hostel dan ook doen, baie sterk. Die swakkeling sal dan ook van hierdie geleentheid gebruik maak. Hier weer het die inrigting sy metodes om so'n oortreder gou te betrap.

Wat die spesiale verlof betref, is dit ook noodsaaklik om vas te stel of die leerling dit op die regte manier deurgebring het. Dit is dan ook die taak van die uitplasingsbeampte om elke Maandag die verskillende plekke waar besoek afgelê is te besoek en navraag te doen omtrent die leerling se aankoms, sy doen en late en sy vertrek. Die voorreg moet verder uitsluitlik op verdienste toegeken word. Elke geval moet baie deeglik oorweeg word en

sou daar die minste twyfel bestaan behoort die toekenning uitgestel te word.

So verbekend is hierdie stelsel op Diepkloof enig van sy soort in Suid-Afrika. Dit is deur-en-deur 'n praktiese stelsel, 'n toetstelsel en aanpassingstelsel.

(11) Tug.

„Onder tug verstaan ons aanbringing, die byvoeging en die inoefening van sedelike gedragswyses. Deur tug wil ons die kind bring tot die doen van die goeie en die nalaat van die slegte, kwade en sondige.

Die tug vorm dus 'n essensiële element van alle ware opvoedingsmetodes. Die aanbring van kennis en vaardigheid, baat absoluut niks as die kind nie geleer het en gewillig is, om die kennis en vaardigheid ten goede aan te wend nie.

Die doel van tug is indiwiduele selfregering en sy uiterlike gedaante is gedrag. Tug gaan gepaard met vryheid, maar met vryheid word nie losbandigheid bedoel nie, maar vryheid beteken intelligente gehoorsaamheid.

Die belangrikste voorwaarde vir tug as opvoedingsmiddel is dat die leerling die nodige respek moet hê vir die gesag van die onderwyser. As die onderwyser se gesag sterk genoeg is, dan sal die oplossing van die tugprobleem maklik en eenvoudig wees." ( 68 )

In die verbeteringskool word twee soort oortredings aangetref. Daar is oortredings van die landswette en daar is die verbreking van die inrigtingsregulasies. Die eerste soort bestaan uit aanrandings, diefstal en seksuele wangedrag, en die tweede soort uit insubordinasie,

( 68 ) Coetzee. J.C. Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde. Pro Ecclesia. Stellenbosch. 1944. Bladsy 341.

weiering om te werk, afknou ens. Dobbel,daggarook en weglopery weer behoort soms aan eersgenoemde oortredings en soms aan inrigtingsoortredings.

Dit is dus moeilik om altyd 'n bepaalde onderskeid tussen wet en regulasie te maak, want die wet vereis gehoorsaamheid aan die regulasie. Dit is vanselfsprekend egter dat oortreding van die landswette baie ernstiger is as oortreding van die regulasies van die verbeteringskool, want die kind is na die verbeteringskool gestuur met die doel dat hy daar moet leer om die wette van die land te gehoorsaam.

Oortredings van sedelike afwyking is baie ernstiger as ander soorte. Daar moet dus gewaak word teen die ernstige versoeking in enige inrigting om die ernstigheid van inrigtingsmisgrype buite alle verhouding te vergroot, en dan somtyds die uiterste straf toedien vir misgrype soos insubordinasie en weglopery. Die rede vir dit is omdat eersgenoemde die gebelgdheid van die personeel gaande maak en die tweede die misnoeë van die gemeenskap veroorsaak.

Vir die verbeteringskool as 'n inrigting vir die opvoeding van gedragsafwykendes is dit genoodsaak om sodanige maatreëls te tref dat orde en dissipline gehandhaaf kan word.

Aan die ander kant weer is die gevaar daar dat die inrigtingsdissipline uiteindelik die opvoedkundige doelstellings kan verdring, en dat oortredings uit 'n dissiplinêre in plaas van 'n opvoedkundige oogpunt benader word.

Dit is dus duidelik dat indien die dissipline te sterk beklemtoon word, die opvoedkundige doelstellings uit die oog verloor word; aan die ander kant weer indien slegs opvoedkundige doelstellings nagestreef word en die inrigtingsdissipline verontagsaam word, kan die dissipline van so'n skool so los en laks word dat die hele opvoedkundige stelsel daardeur verongeluk. Hier

kan geen definitiewe beleid neergelê word nie en elke opvoeder moet sy eie samestelling uitwerk. Hy moet egter altyd onthou dat die opvoedkundige doelstellings die belangrikste is.

Hierdie samestelling of sintese egter is moeiliker om in 'n verbeteringskool as in 'n gewone dagskool te bereik, want die verbeteringskoolleerlinge is meer eiesinnig en minder geneig om te gehoorsaam en aan ta pas as die normale leerling, en gevolglik is die gevaar altyd daar om 'n oneweredige hoeveelheid tyd en energie te bestee aan die pogings om gehoorsaamheid en inskiklikheid te verseker.

In 'n doelmatige en suksesvolle inrigting is die plek wat onreëlmatighede inneem van ondergeskikte belang. Hulle kry slegs betekenis as daar nie voldoende vordering is om sulke onreëlmatighede in die skaduwee te stel nie. Gedurige verset en aanhoudende drostery is die stempels van 'n swak verbeteringskool en baie oortredings is aanduidings dat so'n inrigting ondoelmatig is.

Die tug wat die opvoeder uitoefen is uitwendig van aard, en hierdie tug is die instrument wat inwendige tug meebring, d.w.s. waar die leerling homself dissiplineer. Die geleenthede vir selfdissipline word verskaf deur middel van die vryheidstelsel wat in swang is aan die Diepkloof-verbeteringskool wat reeds beskryf is. Dit is dan ook die groot taak van die verbeteringskool naamlik om selfdissipline aan te kweek want sonder selfbeheer bly die leerling nog steeds 'n bron van ergenis en gevaar vir die samelewing waar direkte beheer en toesig nie toegepas kan word nie.

Hoe meer voorregte die mens geniet, hoe groter die variasie van tugmiddele wat toegepas kan word. Die skool se vryheidstelsel voorsien hom dan ook van 'n groot verskeidenheid van tugmiddele. 'n Leerling voel dit baie meer en dit

maak 'n baie dieper indruk op hom wanneer hy bywoorbeeld sy vryheid sou verloor as wanneer hy lyfstraf sou ontvang.

Daar word gebruik gemaak van direkte en indirekte tugmiddele. Laasgenoemde word deur elke spanopsigter en onderwyser self toegepas, maar waar dit direkte tug geld, is die prinsipaal verantwoordelik. Dit veroorsaak nie alleen eenvormigheid in die hele stelsel nie, maar die leerling weet dan ook dat sy saak, nieteenstaande sy oortredinge, deur 'n onpartydige persoon behandel word.

Tug op sigself beteken nie veel nie, as dit nie deur verdere opvoedkundige behandeling aangevul word nie.

(a) Strafmetodes aan die Verbeteringskool.

Voordat tug toegepas word, word die oortreder, asook die omstandighede waaronder oortree is deeglik bestudeer. Die strafidee word uitgesluit, maar nogtans word daar nie sentimenteel en onoordeelkundig opgetree nie.

Daar word 'n rekord gehou van al die sake wat behandel word. Daar word van die volgende direkte tugmiddele deur die prinsipaal gebruik gemaak:-

(1) Waarskuwing. Die leerling word gewys op sy verkeerde handelwyse en daar word baie duidelik aan sy verstand gebring dat as hy op sy verkeerde weg voortgaan daar strenger teen hom opgetree gaan word.

(2) Opskorting van voorregte.

Die leerling se voorreg om met naweke huis-toe te gaan word afgeneem of sy vryheid wat hy deur goeie gedrag verdien het word hom ontneem. Die leerling is baie skrikkerig vir hierdie straf en gevolglik is dit 'n doelmatige tugmiddel, want dit neem soms maande alvorens die leerling sy vryheid deur verdienstelikheid weer terugwen.

(3) Oorplasing na Harde-arbeid-span.

Hierdie werkspan is eintlik bedoel vir die leerling wat reeds met vergunning vrygelaat is, maar in die buitelewe weer so ernstig afgewyk het dat hy heropgeneem moes word. Hierdie leerling is gewoonlik baie halsstarig, nors en moedswillig en dit vereis stremg dissipline om hom onder beheer te hou. Hy neem ook gewoonlik 'n hele rukkie om hom weer in die inrigting aan te pas. In teenstelling met die nuweling moet hy nie tuisgemaak word nie, maar in die inrigtings roetine geforseer word. Hy het reeds 'n periode van behandeling gehad en is 'n kans gegun om hom in die buitelewe aan ta pas, maar hy het dit misbruik. Om hom te tem word hy hertoegelaat en in die hardearbeid-span geplaas. In hierdie span saam met die „terugkommer" moet die brutale en balhorige leerling onder streng toesig, moeilike en swaar arbeid verrig, totdat hy sy dwaling terdeë besef, en geseglikheid toon, waarna hy dan weer die geleentheid gegee word om na 'n ander werkspan oorgeplaas te word.

(4) Verlaging van rang of posisie.

Hierdie straf is eintlik net bedoel vir prefekte. Hulle rang word heeltemal weggeneem en dit is 'n baie groot vernedering. Baie prefekte eien hulle te veel mag nog toe. Hulle misbruik hulle voorregte tot nadeel van hulle ondergeskiktes. Oortredings soos die volgende kom dikwels voor: voedseltoeeiening, sodomie en afknou. Die minder standvastige prefek swig maklik vir dergelike versoekings.

(5) Skadevergoeding.

Indien die leerling iets moedswillig gebreek het, moet hy die skade vergoed deur middel van sy arbeid d.w.s. hy moet die skade herstel in sy vrye tyd of, indien hy geld het moet hy daarvoor betaal.

(6) Langer aanhouding.

Die leerling word 'n sekere tyd in die verbeteringskool aangehou. Indien sy gedrag onbevredigend is kan die periode van aanhouding verleng word.

(7) Lyfstraf.

As tugmiddel in die verbeteringskool kan lyfstraf nie heeltemal verban word nie, maar dit moet slegs in die hande van die regte persoon gelaat word, en dit moet slegs as die laaste toevlug toegedien word. Vir baie leerlinge is lyfstraf nadelig en daarom moet die liggaamlike en geestelike eienskappe van elke kind in aanmerking geneem word alvorens oorgegaan word tot lyfstraf.

Lyfstraf is m.i. doeltreffender vir Bantoe-kinders as vir blanke kinders.

Alle lyfstraf moet op 'n onpersoonlike objektiewe wyse geskied, en die kind moet oortuig wees dat hy oortree het en dus straf moet ontvang . Die kind moet weet dat straf noodwendig sal volg op 'n strafbare oortreding.

(8) Opsluiting.

Dit is slegs 'n tydelike tugmiddel nl. om die kind snags af te sonder indien gevrees word dat hy sy makkers sal aanrand of 'n moord begaan. Dit is meer 'n voorsorgsmaatreël as 'n direkte tugmiddel.

Bogenoemde is min of meer die raamwerk, waarin 'n groot verskeidenheid van tugmiddels val.

# Hoofstuk X.

## Nasorg van Uitgeplaaste verbeteringskool-leerlinge aan die Rand.

### (a) Die doel met nasorg.

Die nasorgafdeling van die Diepkloof-verbeteringskool behandel alle leerlinge wat aan die Rand uitgeplaas is. Die leerlinge wat na ander gebiede gestuur word, word in die sorg van die Departement van Volkswelsyn geplaas. Vanaf begin 1942 tot einde 1951 is daar 607 leerlinge afkomstig van die Randse Bantoe-dorpe met vergunning na hul ouers of ander familiebetrekkinge vrygelaat. Van hierdie getal het 260 weer tot misdaad verval en is van die bepalings van die Kinderwet ontslaan.

Hulle is gewoonlik die inherente luiaards en swakkelinge wat die versoekings in die buitelewe nie kon weerstaan nie. Nieteenstaande intensiewe behandeling wat hulle in die verbeteringskool ontvang het, was die indirekte toesig wat hulle in die buitelewe geniet het, nie voldoende om hulle op die regte pad te hou nie. Verdere behandeling of toesig is in hulle geval van geen waarde nie en gevolglik word hulle van die bepalings van die Kinderwet ontslaan en deur die verbeteringskool as mislukkings beskou.

Onderstaande tabel dui aan die aantal leerlinge wat op die wyse van die Kinderwet ontslaan is asook die aard van die jongste misdade wat hulle na vrylating begaan het.

Tabel XIII.

Verspreiding van misdaad gepleeg deur uitgeplaaste leerlinge.

| Misdaad | Getal | Persentasie |
|---|---|---|
| Diefstal | 78 | 30 |
| Werk verlaat en verdwyn | 51 | 19.6 |
| Huisbraak & Diefstal | 50 | 19.2 |
| Rowery | 24 | 9.2 |
| Rondlopery & bedel | 20 | 7.7 |
| Aanranding | 16 | 6.2 |
| Fietsdiefstal | 7 | 2.7 |
| Sakkerol & handsakdiefstal | 7 | 2.7 |
| Moord | 4 | 1.5 |
| Manslag | 3 | 1.2 |
| Totaal | 260 | 100 |

Bogenoemde gegewens is verkry van S.A. Kriminele Buro, Pretoria.

Die groot meerderheid van die wat weer tot misdaad verval het, het een of ander vorm van diefstal gepleeg wat te wyte is aan die jeugmisdadiger se afsku vir enige vorm van arbeid en die begeerte om geld en mooi klere op 'n maklike manier te bekom.

Van genoemde 260 jeugmisdadigers het 85 hulle misdadigersloopbaan hervat deur van die werk wat vir hulle gevind was, te dros, of was heeltemal onwillig om enige werk te aanvaar; 64 het heeltemal onbeheerbaar geword en vir 36 was die invloed van slegte maats te sterk. Die res nl. 75 het weëns dagga, drank, bedelary, ens., weer 'n lewe van misdaad begin.

Van die 607 uitgeplaaste leerlinge het 230 of 34.3% die toesigperiode, wat ongeveer 4 tot 5 jaar duur na verlating van die inrigting, deurloop sonder om tot ernstige misdaad te verval. Hulle kan dus as gerehabiliteer beskou word, want hulle is nog steeds in werk en het nog nie weer met die gereg gebots nie.

Die getal wat oorbly nl. 117

leerlinge is die van wie die toesigperiode nog nie verstreke geraak het nie. 'n Sekere persentasie van hulle is gerehabiliteer en sal nie ernstige afwykings toon nie, maar daar sal ook ongetwyfeld van hulle wees wat langs die lewenspad gaan uitsak.

Op grond van wat met die 490 leerlinge gebeur het van wie die toesigperiode verstreke geraak het, kan voorspel word dat van die 117 wie se toesig nog nie verstryk het nie, 55 hulle volkome kan rehabiliteer, dit wil sê 285 uit die 607 of 46.9% het soveel baat by die behandeling in die verbeteringskool gevind dat hulle hulle in die buitelewe aangepas het.

Die personeel aan die nasorgafdeling van die verbeteringskool verbonde bestaan uit die onderwyser-nasorgbeampte wat die hoof is van die afdeling, 'n blanke assistent wat die kantoorwerk behartig, 'n Bantoe nasorgassistent en dan die Bantoe-hostelmeesters en hulle eggenotes wat as matrones in die uitplasingshostelle optree.

(i) Die onderwyser-nasorgbeampte beklee 'n baie verantwoordelike posisie en dit is dringend noodsaaklik dat daar die nouste samewerking is tussen sy afdeling en die sielkunde afdeling asook die ander afdelings van die inrigting. Hy moet dus die kind se hele verlede, sy huislike agtergrond, sy goeie en swak hoedanighede ken, want slegs deur dit te weet sal die nasorgbeampte in staat wees om die regte werk vir die kind te kry.

(ii) Die onderwyser-nasorgbeampte is ook verantwoordelik vir alle veldwerk, met ander woorde hy is die skakel tussen die skool, die ouerhuis en die werkgewer.

Vóór en na vrylating word die leerling se huislike omstandighede ondersoek en as hy in werk geplaas is word hy gereeld minstens een keer per maand by die werk besoek. Daar is dikwels

klagtes van werkgewers, ouers en voogde wat ondersoek en opgelos moet word. Alle vrylatings moet die nodige dokumente besit om in Johannesburg te werk en woon. 'n Goeie verhouding met die Departement van Naturellesake is dus noodsaaklik.

Die nasorgbeampte woon alle hofsake van vervallings by, doen aanbevelings aan die Kinderkommissaris en in samewerking met die Inrigting word daar besluit watter stappe geneem moet word.

Minstens 'n jaar voordat 'n leerling met vergunning vrygelaat word is hy geregtig om met spesiale verlof sy ouers of voogde aan die Rand elke vyfde naweek te besoek. Alvorens die leerling so'n besoek aflê moet daar eers deur die nasorgbeampte vasgestel word of die huislike omstandighede van die ouers so'n besoek regverdig. Daar word dus minstens 'n jaar voordat 'n leerling vrygelaat word 'n gesonde verhouding van onderlinge vertroue tussen die skool en die ouers of voogde opgebou.

Hierdie afdeling is ook verantwoordelik vir alle korrespondensie tussen leerlinge en familiebetrekkinge.

Veldwerk is dus 'n baie belangrike deel van die onderwyser-nasorgbeampte se pligte.

(iii) Die onderwyser-nasorgbeampte is ook die werkverskaffingsbeampte van die skool. Hy het 'n voertuig tot sy beskikking en soek gedurig by die fabrieke werk vir die leerlinge. Dit is 'n uiters moeilike taak want die gemeenskap is baie antagonisties gesind teenoor enige verbeteringskool-leerling. Die beampte moet dus eers baie oortuigingswerk doen wat natuurlik uiters tydrowend is, voordat 'n werkgewer so'n leerling in diens neem.

(iv) Die afdeling is ook verantwoordelik vir die grootste gedeelte van die kantoorwerk betreffende

die uitgeplaasde leerling. Dit sluit in alle korrespondensie en voorbereidings insake leerlinge wat met vergunning vrygelaat word, of wat van die Bepalings van die Kinderwet ontslaan word; alle sake rakende die leerlinge wat maandeliks deur die Raad van Beheer behandel word; die nodige inskrywing van toelatings en alle korrespondensie met verskillende Departemente, liggame en indiwidue.

Hierdie afdeling is ook verantwoordelik vir die komitee wat saamgestel is uit personeellede met die doel om te besluit oor stappe wat geneem moet word met vervallings en weglopers wat weer opgeneem word.

Omdat so baie van die jeugmisdadigers uit uiters swak huise kom, word die rehabilitasieproses van die inrigting grotendeels vernietig deur die swak huislike omstandighede waaronder die leerling verkeer nadat hy die skool verlaat.

Om hom dus 'n kans te gee om hom by veranderde omstandighede in die samelewing aan te pas is 2 uitplasingshostelle in een van die Bantoe-dorpe opgerig. Van die hostel gaan hy na die werk en as sy dagtaak afgedaan is keer hy terug na die hostel.

Hier is sy huislike omstandighede natuurlik goed. As hy soggends werktoe gaan, het hy alreeds sy ontbyt gehad, hy neem toebroodjies met hom saam en saans as hy tuiskom is daar 'n warm ete vir hom gereed.

Daar word verder gelet dat hy gereeld werk-toe gaan, hy moet betyds opstaan om die nodige vervoer te haal. As hy geleer het om betyds by sy werk te wees, dan is die saak as't ware gewonne.

Hy word ook geleer om sy geld wat hy verdien te spaar en hoe om die beste aankope te doen. Hy word verplig om vir sy losies te betaal om die idee wat die Bantoe het dat hy alles verniet moet kry te verwyder.

Die hostelle is in die omgewing waar hy na sy vrylating sal moet woon, en as hy reeds vaste werkgewoontes aangekweek het is verdere oorskakeling maklik.

Die opvoedkundige waarde van die hostelle is baie groot en dra beslis daartoe by om die aanpassing van die leerling in die buitelewe te vergemaklik.

Binnekort sal daar ook 'n hostel op die platteland vir die plattelandse leerling geopen word.

Nieteenstaande die verbeteringskool alles in sy vermoë doen om by die omstandighede en vereistes van die buitelewe aan te pas bly dit in 'n baie hoë mate nog gekunsteld. Die hele situasie is te beheersd en gekontroleerd met die gevolg dat dit heeltemal met die buitelewe verskil waar die verantwoordelikheid grotendeels op die indiwidu self berus. Dit is 'n kwessie van selfbeheersing en selfkontrole. Die leerling moet nou vir hom self dink, self sy moeilikhede oplos en inpas in 'n sfeer waar hy nie gedurig versorg, beskerm en gelei word nie.

Hierdie verantwoordelikheid is vir baie van hulle te groot, veral as in aanmerking geneem word dat hy nie altyd welkom in die buitelewe is nie. Behalwe dat hy hom by nuwe omstandighede moet aanpas, moet hy ook nog die vooroordeel wat daar teen hom is, uit die weg ruim. Hiervoor het hy raad, bystand en leiding nodig. Dit word hom gegee in die vorm van nasorg. Die verbeteringskool berei nie alleen die weg in die buitelewe vir hom voor nie, maar leer hom hoe om hierdie weg te bewandel en te hou.

## Slot.

Dit is slegs die leerlinge wat op die Rand uitgeplaas word wat onder die nasorg van Diepkloof-verbeteringskool ressorteer. Al die ander uitplasings word in die sorg van die

Departement van Volkswelsyn geplaas.

Die samewerking oor die algemeen tussen die Departement van Volkswelsyn en die verbeteringskool is goed, maar tog bring dit 'n mate van lompheid in die stelsel mee. Dit is 'n kwessie van twee departemente wat met die saak moet handel. Dit bring soms vertraging mee, met die gevolg dat daar nie altyd op die gesette tye opgetree kan word nie. Aan die ander kant is daar nie genoeg proefbeamptes nie, en bowendien is hulle met soveel pligte belas dat dit onmoontlik vir hulle is om die nodige toesig en hulp aan die vrygelate leerling te gee. Dit gebeur dikwels dat die leerling al sover afgewyk het voor dit onder die proefbeampte se aandag kom, dat voorbehoedmiddels nie meer toegepas kan word nie.

Daar word wel by vrylating van die leerling 'n rapport aan die betrokke proefbeampte gestuur, maar nogtans is hy nie so bekend met die leerling as die verbeteringskool nie, met die gevolg dat hy nie altyd seker is wat nou eintlik die regte stappe is om te neem nie. Soms moet hy eers deur korrespondensie sekere informasie van die verbeteringskool kry alvorens hy kan optree en dit alles bring vertraging mee, wat opvoedkundig uiters ongewens is.

Hierdie is egter 'n praktiese moeilikheid wat weens die verspreiding van die leerlinge oor die hele Suid-Afrika nie opgelos kan word nie.

Die enigste manier om die probleem soveel moontlik te verlig is dat die verbeteringskool sover moontlik sy eie nasorg behartig en verder moet daar die nouste en hartelikste samewerking tussen die proefbeamptes en die verbeteringskool wees. Sonder vooroordeel en sonder om mekaar te probeer beheer moet elke saak simpatiek en objektief behandel word. Die proefbeampte moet verseker wees dat die verbeteringskool sy plig na die beste van sy vermoë nakom en die

verbeteringskool aan die ander kant moet dieselfde versekering van die proefbeampte hê.

Verder is dit natuurlik gebiedend noodsaaklik dat daar meer proefbeamptes moet wees sodat die vrygelate leerlinge meer aandag kan geniet. Dit is veral uiters moeilik om toesig oor die Bantoe te hou wat gedurig van die een gebied na die ander trek.

Meer uitplasingshostelle in die stede en dorpe sowel as op die platteland is ook gebiedend noodsaaklik. Dit bring mee die opvoeding van die leerling in die gemeenskap, wat natuurlik die beste metode van aanpassing is.

Die noodsaaklikheid van nasorg word dwarsdeur die wêreld besef, want dit baat nie om honderde ponde aan die leerling se opvoeding in die verbeteringskool te bestee nie en hy kan hom nie aanpas in die buitelewe nie. Die doel van die verbeteringskool is tog nie om hom 'n aangepaste en wetsgehoorsame lid van 'n verbeteringskool te maak nie maar wel 'n nuttige lid van die samelewing.

oooOOOOooo

## Bibliografie.


Albertyn. C.F. : Jeugmisdaad: 'n Sosiologiese Studie met Spesiale Ondersoek na die Verskynsel in die Skiereiland. Nas. Pers. Kaapstad. 1938.

Aichorn. A. : Wayward Youth. Viking Press. New York. 1938.

Banay. R.S. : Youth in Despair. Coward-McCann. New York. 1948.

Bagot. J.H. : Juvenile Delinquency: Jonathan Cape. London. 1941.

Barman. S. : The English Borstal System: King & Son. London. 1934.

Barnes. H.E. & Teeters. N.K. : New Horizons in Criminology: Pentrice-Hall. Inc. New York. 1943.

Bell. M. : Current Approaches to Delinquency, 1949 Yearbook. National Probation and Parole Assn. New York. 1949.

Biesheuvel. S. : African Intelligence: S.A. Institute Race Relations. Johannesburg. 1943.

Bowlby. J. : Forty-four Juvenile Thieves: Their Characters and Home Life. Bailliere. Tindall & Cox. London. 1947.

Blumer. H. & Hauser. P.M. : Movies, Delinquency and Crime. MacMillan Co. New York. 1933.

Brown. J.T. : Among the Bantu Nomads: Seeley and Co. London. 1926.

Burt. C. : The Young Delinquent. Univ. of London Press. Ltd. Malham House. Bickley. Kent. 1945.

Cadbury. G.S. : Young Offenders: Yesterday & To-day. Allen and Unwin. London. 1938.

Carr. L.J. : Delinquency Control: Harper Bros. New York. 1940.

Coetzee. J.C. : Inlieding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde. Pro. Ecclesia. Stellenbosch. 1944.

Drucker. S. & Hexter. M.B. : Children Astray. Harvard Univ. Press. New York. 1923.

Eiselen. W. : Stamskole in Suid-Afrika. Van Schaik. Pretoria. 1929.

Ellingston. J.R.: Protecting our Children from Criminal Careers: Prentice-Hall Inc. New York. 1948.

Fink. A. : Causes of Crime. Univ. of Pennsylvania Press. Philadelphia. 1938.

Gardiner. F.G. & Lansdown. W.H. : South African Criminal Law and Procedure: Vol. 1. 3rd Edition. Juta & Co. Cape Town. 1939.

Gillin. J.L. : Social Pathology: Revised Edition. Appleton-Century. New York. 1939.

Gillin and Blackmar : Outlines of Sociology;: 3rd Edition, Apple-ton Century. New York. 1930.

Goodfellow. D.M.: An Economic History of South Africa: Routledge and Sons, London. 1934.

Glueck. S. & E. : 500 Criminal Careers: Alfred A. Knopf, New York. 1930.

Glueck. S. : Probation and Criminal Justice. Mac Millan Co, New York. 1932.

Healy. W. : The Individual Delinquent. Little, Brown & Co; Boston. 1915.

Healy. W. & Bronner. A. : Delinquents and Criminals; MacMillan Co., New York. 1926.

Healy. W. & Bronner. A. : New Light on Delinquency. Yale Univ. Press. New York. 1936.

Hellmann. E. : Problems of Urban Bantu Youth. S.A. Institute Race Relations. Johannesburg. 1940.

Hellmann. E. : Rooiyard: A Sociological Survey of an Urban Slum Yard. Oxford University Press, Cape Town. 1948.

Horney. Karen. : The Neurotic Personality of our Time. Kegan Paul, New York. 1937.

Kvaraceus. W.C. : Juvenile Delinquency and the School: World Book Co., New York. 1945.

Mc Millan. W.M. : Africa Emergent: Faber & Faber, London. 1948.

Merrill. M.A. : Problems of Child Delinquency. Houghton Mifflin. New York. 1947.

Mokatima. S. : Handbook on Race Relations in South Africa. Oxford Univ. Press. Cape Town. 1949.

Nepgen. C.C. : Die Sosiale Gewote van die Afrikaanssprekendes. Pro Ecclesia. Stellenbosch. 1938.

Neumeyer. M.H. : Juvenile Delinquency in Modern Society. Nostrand and Co. New York. 1949.

Phelps. H.A. : Contemporary Social Problems. Revised Edition. Prentice-Hall. Inc., New York. 1949.

Porterfield. A.L.: Youth In Trouble. Fort Worth. Leo Potishman Foundation. New York. 1946.

Reckless. W.C. & Smith. M. : Juvenile Delinquency. McGraw-Hill. New York. 1932.

Schapera. I. : Western Civilization and the Natives of Southern Africa. Routledge & Sons. London. 1934.

Schapera. I. : Migrant Labour and Tribal Life: Oxford Univ. Press. London. 1947.

Shaw. C.R. : Juvenile Delinquency and Urban Areas. Univ. of Chicago Press. Chicago. 1942.

Stutsman. J.O. : Curing the Criminal. MacMillan Co. New York. 1926.

Sullenger. T.E.: Social Determinants. Wiley. New York. 1936.

Tappan. P.W. : Juvenile Delinquency. McGraw-Hill. New York. 1949.

Teeters. N.K. & Reinemann.J.O. ; The Challenge of Delinquency. Prentice-Hall. Inc. New York. 1950.

Thrasher. F.M. : The Gang: A Study of 1313 Gangs in Chicago: Univ. of Chicago Press. Chicago. 1936.

Van der Horst. S: Native Labour in South Africa. Oxford Univ. Press, Cape Town. 1942.

Van Waters. M. : Youth in Conflict. Republican Publishing Co., New York, 1925.

Willemse. W.A. : The Road to the Reformatory. Issued by the S.A. Council for Education & Social Research. Pretoria. 1938.

Willemse. W.A. en Rademeyer. C.I.: Kriminologie: Afrikaanse Pers. Pretoria. 1933.

Wix. E. : The Cost of Living: An Enquiry into the Cost of Essential requirements for African Families. living in Johannesburg, Pretoria and the Reef Towns. (1950). S.A. Institute Race Relations, Johannesburg. 1950.

Young. P. : Social Treatment in Probation and Delinquency: McGraw-Hill. New York. 1937.

## Verslae.

Verslag van die Naturelle Onderwyskommissie 1949-51. Gedruk deur Staatsdrukker, Pretoria 1951.

Verslag van die Suid-Afrikaanse Nasionale konferensie oor Na-oorlogse beplanning van Maatskaplike Welsynwerk, gehou te Johannesburg vanaf 25 tot 29 September 1945. Staatsdrukker, Pretoria.

Verslag van die Kommissie op Straf- en Gevangenishervorming. 1947. Staatsdrukker. Pretoria.

## Wette.

Wet No. 31 van 1937. (Kinderwet). Unie van Suid-Afrika.

## Algemeen.

Minutes of a Conference on Urban Juvenile Native Delinquency held at Johannesburg from the 10th to 12th October, 1938.

Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede (Sabra).
No. 2. Jan. 1952.

Houghton D.H. : Monograph. Series No. 1. Some Economic Problems of the Bantu. (S.A. Institute of Race Relations).

Sadie. J.L. : Die Naturel in die Suid-afrikaanse Nywerheidslewe. Referaat gelewer op die Tweede jaarvergadering van Sabra. Pro Ecclesia Stellenbosch. 1951.

The Drum. September 1952.

Die Huisgenoot. 22/8/1952.

The Star. 11/9/52.

Offisiële Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika. 1949. Staatsdrukker. Pretoria.

Opmetings.

Eberhardt. Jacqueline. : A Survey of Family Conditions with Special reference to Housing Needs: Orlando Township 1948. Department of Non-European Affairs. Municipality Johannesburg.

Department of Non-European Affairs. City of Johannesburg: A Survey of the Western Areas of Johannesburg. 1949.